

Die Pad Saam

GRATIS

Uitgawe 43 • Junie | Julie 2017

PROMOSIES!

Nu-Pro en Trogtek

Grainfield-resepteboek

*Voorkoming beter
as genesing met
domsiekte*

As die saamboerdery nie werk nie

**Doringdraad
en voedselsekuriteit**



www.vkb.co.za | www.ntk.co.za

vkb ntk



PROMOSIE

1 Jun - 31 Jul 2017

5% Afslag

op alle Trogtek produkte by jou naaste VKB/NTK tak

Geselekteerde takke, maar kan bestel word.




vkb ntk

Terwyl voorraad hou. Alle pryse sluit BTW in, behalwe waar dit anders aangedui word. VKB behou die reg voor om die hoeveelhede vir enige produkte op promosie te beheer. Alle pryse en illustrasies was korek op datum van druk. VKB kan nie verantwoordelik gehou word vir enige veranderinge of druk-foute wat mag voorkom nie. Produkte mag verskil van illustrasies. Slegs by geselekteerde takke, maar kan bestel word.

 www.trogtek.co.za

Skaap Voerbak 2m/3m (SVB/2M) (SVB/3M)			
	Lengte ±2m Breedte ±240mm Hoogte ±500mm Diepte ±100mm Vreetspasie 10m		Lengte ±3m Breedte ±240mm Hoogte ±500mm Diepte ±100mm Vreetspasie 10m
Skaap/Bees Voerkraalbak (SVKB/2M) (BVKB/3M)			
	Lengte ±2m Breedte ±270mm Hoogte voor ±120mm Hoogte agter ±220mm		Lengte ±3m Breedte ±280mm Hoogte voor ±120mm Hoogte agter ±220mm
Bees-Selfvoerder (BSV/2.4)			
		Hoogte ±1.8m Lengte ±2.4m Vreetspasie ±4.8m Inhoud ±1ton ±20 sakke	
Skaap Selfvoerder (SSV/2M)			
		Hoogte ±1.1m Lengte ±2m Vreetspasie ±4m Inhoud ±500kg ±10 sakke	

Lekbak (LB/ 500) & (LB/ 625)



Deurswaai 480mm
Diepte 230mm
Inhoud 100kg
Staal 1x wikkie

Deurswaai 625mm
Diepte 230mm
Inhoud 150kg
Staal 1x wikkie

Merino Stelsel (MVB) (MB)


Die Merino stelsel word in alle lande toegevoeg en word ook gebruik in baie ander lande. Die stelsel is baie maklik te gebruik en is baie maklik te installeer. Dit is baie maklik te gebruik en is baie maklik te installeer. Dit is baie maklik te gebruik en is baie maklik te installeer.



Merino Voerbak

Merino Bekkies

Vlotterkleppe



TVK1 4mm

TVK2 8mm

TVK3 16mm

Hoëdruk Passtuk



Klein Waterkrip (KW)



Lengte 1200mm
Breedte 400mm
Diepte 200mm
Inhoud 118L
Staal
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Klein Voerbak (KVB)



Lengte 1200mm
Breedte 400mm
Diepte 200mm
Inhoud 118L

Skaap Waterkrip met pote (SWK/1M) (SWK/2M) (SWK/3M)



SWK/1m

Lengte 2700
Breedte 220mm
Hoogte 250mm
Diepte 150mm
Inhoud 488,7
Staal wikkie
Ingevoel

SWK/2m

Lengte 3200
Breedte 220mm
Hoogte 250mm
Diepte 150mm
Inhoud 588,7
Staal wikkie
Ingevoel

SWK/3m

Lengte 3700
Breedte 220mm
Hoogte 250mm
Diepte 150mm
Inhoud 688,7
Staal wikkie
Ingevoel

Beeskrip 1.8m (B1.8/40mm) en 3m (B3N/40mm)



Lengte 1,8m
Breedte 400mm
Diepte 200mm
Inhoud 1488,7
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Lengte 3,0m
Breedte 400mm
Diepte 200mm
Inhoud 2488,7
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Beeskrip in Staal (B3N/40mm)



Lengte 3,0m
Breedte 400mm
Hoogte 200mm
Inhoud 2488,7
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Waterkrip (BW1.4/Rond)



Deurswaai 514mm
Inhoud 1488,7
Diepte 400mm
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Bees / Wildskrip 2.5m (BW2.5/Ovaal) (WW2.5/Ovaal)



Lengte 2,5m
Breedte 400mm
Diepte 200mm
Inhoud 1988,7
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Lengte 2,5m
Breedte 400mm
Diepte 200mm
Inhoud 1988,7
40mm Vlootterklep
Ingevoel


Bees Waterkrip 2m en 3m (BWK/2M) (BWK/3M)



Lengte 2,0m
Breedte 400mm
Hoogte 200mm
Diepte 150mm
Inhoud 1188,7
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Lengte 3,0m
Breedte 400mm
Hoogte 200mm
Diepte 150mm
Inhoud 1788,7
40mm Vlootterklep
Ingevoel

Klein Dippak/Dippak 1.5m (KDB/1.5) (DB/1.5)



KDB/1.5m

Lengte 1,5m
Breedte 800mm
Diepte 200mm
Hoogte 180mm
Inhoud 1100kg

Lengte 1,5m
Breedte 800mm
Hoogte 180mm
Inhoud 1100kg

Bees Voerbak (BVB/1.5) (BVB/3N)



Lengte 1,5m
Breedte 1100mm
Diepte 400mm
Hoogte 1600mm
Inhoud 1350kg

Lengte 3,0m
Breedte 1100mm
Diepte 400mm
Hoogte 1600mm
Inhoud 2700kg

Lam Kruihpak (LKH/Stel)



Kruiptel is verstelbaar vir grote van lamme

Die hekke moet saam 'n Trogtek Selfvoerder gebruik word

Hekke bou vas aan selfvoerder

Kalf Kruihpak (KKH/Stel)



Kruiptel is verstelbaar vir grote van kalfers

Die hekke moet saam 'n Trogtek Selfvoerder gebruik word

Hekke bou vas aan selfvoerder

Bees Lekbak (BLB/1.5)



Lengte 1200mm
Breedte 1220mm
Hoogte 1760mm
Diepte 1400mm
Inhoud 1350kg

WAARBORG

Ons waarborg hom, ja. Maar nie teen mishandeling nie.

Alle TROGTEK produkte word vir 2 jaar teen lekkasies of breekskade in normale gebruik, sowel as 10 jaar teen die roest gewaarborg. Die datum van aankoop geld as aanvangsdatum vir hierdie waarborg. Hierdie waarborg sluit skade deur vuur en meganiese beskadiging uit. Dit is 'n uitdruklike voorwaarde van hierdie waarborg dat waterkrippe nie op standers geplaas of op enige wyse so geïnstalleer word dat die bodem nie behoorlik ondersteun word nie. Dit is wêreld belangrik om sorg te dra dat die bodem van die krip stewig ondersteun word deur 'n harde oppervlakte. Dit sal help om die krip se leeftyd oor baie jare te verleng.

INHOUD

14-15

Doringdraad en voedselsekureiteit

17-19

As die saamboerdery nie werk nie

Uitgewer:

VKB en NTK

Redakteur:

Hannelie Cronjé

Posbus 100

Reitz 9810

Tel. 058 863 8223

hanneliec@vkb.co.za

Eindredakteur:

Koos Janse van Rensburg

Ontwerp en Uitleg:

Ryno Steyn (VKB)

Taalversorging:

Lize Mulder

Druk:

Oranje Drukkers, Senekal

Advertensies:

Hannelie Cronjé (VKB)

hanneliec@vkb.co.za

Sel. 083 303 6117

Alle regte van Die Pad Saam word voorbehou ingevolge Artikel 12(7) van die Wet op Outeursreg.

Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uitlatings deur skrywers of medewerkers nie.

Vkb beskik oor 'n kliëntedienssentrum wat bestuur word deur die groep se skakelbeampte, me. Anelie Swemmer. Kontak haar gerus by **058 863 8277** of per e-pos by **aswem@vkb.co.za**

5	Voorwoord: Plase is die mensdom se spens
6	Santam
8	Daling in mielieprys bewys die waarde van prysverskansing
10	Besigheidsoerwoud: Dolfyne
12	Hoe gemaak met werknemers se beserings aan diens?
14-15	Doringdraad en voedselsekureiteit
17-19	As die saamboerdery nie werk nie
21-22	Groen
24	Gehalte die wagwoord vir Nu-Alcade Bonsmara Groep
26-27	For Jordan Feni NTK made all the difference
28-29	Allesbeste gee net die beste
30-31	Wat veroorsaak dat sommige lammers geel is met geboorte?
32-35	Voorkoming beter as genesing met domsiekte
37-44	Grainfield-resepte
46-47	Die verbouing van kopkool en markvooruitsigte
48-49	Nu-pro-promosie
50-52	Hoe diep moet kalk in grond bewerk word?
54-55	FAW-vragmotors
56-57	Case stel indrukwekkende nuwe produkte bekend
58-59	Mielie en koring het lang geskiedenis
61-63	Gesondheid : Kyk mooi na jou lewer vir 'n beter lewe
65-68	Wenke wat werk
70-71	Kinderhoekie: Mientjie
72-73	Gholfdag
74-78	VKB/NTK NUUS
79	Die Pad Saam-bootvaart

32-35

Voorkoming
beter as
genesing met
domsiekte

50-52

Hoe diep
moet kalk in
grond bewerk
word?

56-57

Case stel indrukwekkende
nuwe produkte bekend

28-29

Allesbeste gee net die beste



Plase is die mensdom se spens

Ek het onlangs die voorreg gehad om saam met sowat 'n miljoen mense die It's Time-geleentheid van Angus Buchan net buite Bloemfontein by te woon. Daar is niks wat hierdie ongelooflike ervaring kan beskryf nie.

Volgens mediaberigte was daar nie heeltemal die beoogde een miljoen mense nie, maar dit was in elk geval die meeste mense wat ek nog ooit saam gesien het! Letterlik mense uit alle vlakke van die samelewing wat op sowat 800 hektaar plaasgrond byeen gekom het, honderde kilometers ver gery het, in tente, karavane en motors oorgeslaap het, vir ure in die verkeer gesit het om saam te bid vir vrede in ons land.

En as 'n mens die paar honderdduisend mense bytel wat die gebeure in die media – in koerante, op TV en op Facebook – gevolg het, was dit nader aan miljoenê mense wat verenig was in die roepstem tot God om ons te leer om met mekaar oor die weg te kom, om saam te werk aan hierdie mooi land van ons, om saam te staan teen 'n regering wat nie God se pad stap nie. Kortom: Om respek vir mekaar se lewe, mekaar se goed, mekaar se grond, mekaar se geloof, mekaar se standpunt te hê.

Een van VKB se kliënte het onlangs 'n gedig aan my gestuur waarin die rol van die boer of landbouer so mooi gestel word, en toe ek dit lees, het ek onmiddellik weer aan die It's Time-geleentheid gedink – juis omdat dit op landbougrond gehou is. Boere wat sonder om 'n sent daarvoor te vra, grond van hul plase afgestaan het, dit gelyk geskraap het sodat hierdie grootse gebeurtenis daar gehou kon word. Hoe simbolies is dit nie?

Ek haal die gedig in Engels aan omdat ek bang is dat dit nie tot sy volle reg sal kom as ek dit vertaal nie. Dit is 'n ode aan elke produsent van die wêreld, maar veral van hierdie land, omdat ons eie boere deesdae soveel uitdagings in die gesig staar.

Drink die woorde van hierdie gedig in, en stap maar breëbors omdat jy 'n boer is.

Groete en seënwense tot volgende keer.

Hannelie

The Farmer

Amelia E. Barr

The king may rule o'er land and sea,
The lord may live right royally,
The soldier ride in pomp and pride,
The sailor roam o'er ocean wide;
But this or that, whate'er befall,
The farmer he must feed them all.

The writer thinks, the poet sings,
The craftsmen fashion wondrous things,
The doctor heals, the lawyer pleads,
The miner follows the precious leads;
But this or that, whate'er befall,
The farmer he must feed them all.

The merchant he may buy and sell,
The teacher do his duty well;
But men may toil through busy days,
Or men may stroll through pleasant ways;
From king to beggar, whate'er befall,
The farmer he must feed them all.

The farmer's trade is one of worth;
He's partner with the sky and earth,
He's partner with the sun and rain,
And no man loses for his gain;
And men may rise, or men may fall,
But the farmer he must feed them all.

God bless the man who sows the wheat,
Who finds us milk and fruit and meat;
May his purse be heavy, his heart be light,
His cattle and corn and all go right;
God bless the seeds his hands let fall,
For the farmer he must feed us all.

VANDAG SE BOERE IS MEER AS NET BOERE.



Die moderne boer staan talle uitdagings in die gesig en moet verskillende baadjies dra om hulle te oorkom.

Jy sien om na jou plaas, jou werkers, jou bates, jou huis en jou gesin. Santam verstaan hoe baie van jou verwag word en daarom neem ons 'n wetenskaplike benadering tot die beskerming van jou oeste, sowel as jou boerdery- en persoonlike bates. Want ons glo jy verdien uitsonderlike versekering.

Vir meer inligting, bel jou makelaar of besoek www.santam.co.za/products/agriculture.

Santam. Regte, egte versekering.

santam
landbou



Daling in mielieprys bewys die waarde van prysverskansing

*Produsente verloor tot R1 860 per ton soos
pryse skerp val van invoer- na uitvoerpariteit*

Ten spyte daarvan dat skattings van vanjaar se mielieoes op 14,32 ton die derde hoogste op rekord kan wees, sal boere minder voordeel daaruit trek as wat hulle veronderstel is om te kry.

Volgens Standard Bank Primêre Agribesigheid se senior bestuurder, MC Looock, kan dit hoofsaaklik toegeskryf word aan die feit dat sowat 60% van die produsente gekies het om nie hul pryse te verskans nie en sowat R1 860 per ton gaan verloor wanneer graanpryse 'n U-draai maak. Vir witmielies, 56% van die oes, het die prys van meer as R4 081 per ton invoerpariteit in Desember 2016 geval tot onder die huidige uitvoerpariteit van R2 220 per ton.

"Dit sou boere R400 per ton gekos het om hulself teen die daling in pryse te beskerm," sê Looock. "Die bedrag wat hulle verloor het, is meer as vier keer die koste om hulself te beskerm.

"Hoewel dit waar is dat niemand hierdie besonder skerp daling in pryse kon voorsien nie, weet almal in die landboubedryf dat pryse van tyd tot tyd kan varieer. Indien jy gelukkig is, styg dit. As jy verstandig is, sal jy jou laat verseker indien dit daal. Indien die pryse in hierdie geval opgegaan het in plaas van af, was die R400 per ton koste vir beskerming meer as die teenwrig.

"'n Mens kan nie verloor deur 'n verskansingstrategie te gebruik nie. Veral nie as, soos ons altyd aanbeveel, jy slegs een derde van jou oes verskans nie. Die ideale scenario is om een derde van die oes te verkoop teen 'n voor-seisoen-

minimumpryskontrak en een derde teen 'n voor-seisoen-vasgestelde pryskontrak. Die laaste derde kan 'n mens dan hou vir die seisoeneinde se premiums, sonder die risiko om goeie inkomste te verloor ten opsigte van die grootste gedeelte van die oes.

"In baie opsigte is dit roekelose besigheidspraktyk om in vandag se uiters onbestendige mark nie te verskans nie." Hierdie seisoen se groot oes bring 'n paar addisionele probleme daarmee saam, waaronder verhoogde druk op die logistiek wat nodig is om dit mark toe te bring. "Die feit dat ons 20ste geplaas word op die Wêreldbank se Logistieke Prestasie-indeks gee aan ons die vertroue dat ons vandag se uitvoervolumes van 2,9 miljoen ton met gemak kan hanteer," sê Looock. "Ons het ook in die 2011-'12-seisoen (2,5 miljoen ton uitgevoer) bewys ons kan hoë vlakke uitsette hanteer.

"Wat meer uitdagend is, is dat ons vir die afgelope twee jaar uit die mark uit was weens die droogte. Ons afwesigheid het ander lande in staat gestel om 'n aandeel van ons gebruiklike markte te vat. Die VSA en Argentinië, byvoorbeeld, het hul weg gebaan in ons tradisionele internasionale markte en Zambië het ons streekmarkte betree.

"So, om vanjaar se uitvoervolumes te bemark, mag beteken dat ons vinnig nuwe markte moet ontwikkel, en dit gaan nie maklik wees nie."

Nog 'n faktor wat hierdie seisoen se bemarking gaan beïnvloed, is 'n verhoging in oordragvoorraad, wêreldwyd – tot 7%. En die Internasionale Graanraad se Graan en Oliesaad-indeks vir mielies het oor die afgelope vyf weke 'n effense daling ondergaan (-1,8%) op die rug van gunstige weer vir Suid-Amerika wat die oesverwachtinge verbeter. "Niks hiervan is onoorkomelike probleme nie," sê Looock. "Dit is bloot om ons te herinner dat ons voortdurend proaktief moet wees met die ontwikkeling van nuwe markte tesame met die ontwikkeling van vaardighede om meer doeltreffend mee te ding, hetsy in nuwe of gevestigde markte."

Kontantvloei oplossings van die plaas tot die meule

Kom ons praat Agribesigheid.

Ons Agribesigheidspan is nie alleen bankiers nie, maar inderdaad kenners van hierdie dinamiese sektor. Ons bied toegang tot bedryfskapitaal, asook die buigsamheid wat jy nodig het om jou besigheid te bestuur. Dit is hoekom meer besighede Standard Bank as enige ander bank in Suid-Afrika kies. Vir meer inligting, besoek www.standardbank.co.za/business



**Standard
Bank**

Voluit Vorentoe™



Dolfyne

Die vyfde sakeles wat bespreek word, is die belangrikheid van waagmoed om sakegeleenthede te benut en word verbind met dolfyne. Hierdie intelligente soogdier kan vinnig en verswem en waag dit om nuwe gebiede en geleenthede te ondersoek. Dolfyne se natuurlike aptyt vir risiko in onbekende waters is soortgelyk aan die aard van die ware entrepreneur. Een van die mensdom se grootste uitdagings is die vrees vir mislukking. Ook in die sakewêreld kan dié vrees vordering strem. Daarom is die waagmoed om berekende risiko's aan te gaan nodig vir sukses. Mense se sienings van wat 'n risiko behels, verskil hemelsbreed en is baie subjektief. Ek beskou dit byvoorbeeld as erg riskant om met 'n valskerm uit 'n vliegtuig te spring of met 'n tou om my bene van 'n brug af te duik, maar het veel minder vrees om 'n nuwe sake-idee te ondersteun. Wie egter 'n entrepreneur wil wees, moet vir seker meer waagmoed hê om vernuwend sake-idees te beproef.

Internasionale studies het bevind dat entrepreneurs 3,8 keer misluk voordat hul onderneming suksesvol word. Die belangrike vraag vir die sakewêreld is dus nie óf jy aanvanklik misluk nie, maar hóé. Om "suksesvol" te leer misluk, moet 'n mens verstaan dat die pad na sukses normaalweg deur die "landskap" van mislukking gaan. Vir die entrepreneur gaan vooruitgang meestal gepaard met talle risiko's. Wat uiteindelik die verskil gaan maak is in hoe 'n mate jy uit jou flaters leer, en hoe jy jou vrese te bowe kom. Almal vrees mislukking, maar om te misluk, beteken nie jy is 'n mislukking nie. Jy is meer werd as miljoene rande. Jou waarde lê nie in die materiële wat jy besit of versamel nie, maar in jouself. Die grootste skat lê in jouself, nie in jou besittings nie. Ek meen, sal jy jou persoonlikheid of jou hande en voete of jou gesondheid verkoop? Norman Cousing het gesê: "Die wese van die mens is onvolmaaktheid." Eintlik weet ons dit almal. Maak dus vrede daarmee dat jy foute gaan maak. Alexander Pope het ons al meer as 250 jaar gelede herinner: "Om foute te maak is menslik, om te vergewe is goddelik." Vergewe jouself vir die fout en gaan aan! Die groot leierskapfundi John Maxwell het op 'n keer sy siening van die vyf groot reëls van menswees gedefinieer. Dit is volkome in die kol en van toepassing op alle mense in alle fasette van ons lewe, ook in die sakewêreld.

Die vyf reëls van menswees

1. Jy sal lesse leer.

Die les-leerdery begin in jou kinderdae en gaan voort tot jou sterfdag. Dis deel van die lewe en deel van ons proses van groei. Omdat die markplek voortdurend verskuif en die bekende sakelandskap verander, leer ons voortdurend nuwe lesse.

Die toer deur **BESIGHEIDSOERWOUD** gaan voort... Kern-sakelesse uit die natuur is vervat in my boek **Besigheidsoerwoud** en hierdie sakelesse word oor 15 uitgawes bespreek

2. Daar is geen foute nie, net lesse.

Elke fout is inderdaad maar net 'n les vir diegene wat daarop ingestel is om te leer. As dinge skeefloop in jou onderneming, vra jouself elke keer: "Watter les(se) leer ek hieruit?"

3. 'n Les word herhaal tot dit geleer is.

Wow, dis darem baie erg! Ek dink ons kan almal getuig van die waarheid daarvan. Daar is 'n verskil tussen uithouvermoë en opstandigheid. Uithou- en deursettingsvermoë is belangrik in die sakewêreld met sy vele uitdagings, maar opstandigheid kan lei tot die herhaling van dieselfde les omdat ons nie wil leer nie!

4. As jy nie die maklike lesse leer nie, raak hulle moeiliker.

Dit verg soms erge pyn om ons aandag te trek, nê! In sy boek, *Die Geheimenis van die Wingerdstok*, beskryf Bruce Wilkinson die proses baie duidelik. Vir 'n wingerd om vrugte te dra, moet dit gesnoei word. Soms moet die wingerd al dieper gesnoei word om meer vrugte te dra. Erge pyn is dikwels 'n teken dat 'n snoei-proses in ons lewe aan die gang is, want soms leer ons net nie gou genoeg nie!

5. Jy sal weet jy het die les geleer wanneer jou optrede verander.

Een van die lesse in die lewe is dat as 'n mens nie hoor nie, jy sal voel! Ja, die lesse word inderdaad geleer tot ons optrede verander! Die antwoord lê daarin om perspektief te behou en te leer om suksesvol te misluk. Verwag uitdagings namate jy vorder. Uitdagings verhoog jou deursettingsvermoë, asook jou vermoë om daarbo uit te styg.

Is jy te stadig, of te vinnig?

Om risiko te vermy, gaan jou uitput nog voordat jy behoorlik begin het. Die sakewêreld sal altyd risiko's inhou. Dit is waarom net sewe uit elke honderd mense op aarde kans sien om 'n besigheid te begin. Voorts, indien jy wag totdat jou plan eksieperfeksie is, sal jy altyd 'n rede hê om fout te vind daarmee. Dit lei tot wat die Engelse "analysis paralysis" noem: die siekte om alles aanhoudend te wil ontleed. Wanneer 'n mens dinge egter oorontleed het jy naderhand 'n langer lys van redes waarom 'n saak nie kan werk nie as hoekom dit wêl sal werk. Onthou, van uitstel kom afstel.

Die teendeel van te stadig beweeg, is om te vinnig te beweeg en het ek dit ook al menigmaal in die sakewêreld sien gebeur wanneer 'n sakepersoon 'n idee het en daarmee weghardloop vóór die lewensvatbaarheid daarvan getoets is. 'n Produk of diens is slegs winsgewend as die mark daarvan hou. Nie omdat jy daarvan hou nie!

Jy kan jou maklik morsdood hardloop in die verkeerde rigting. Dit is soos om in jou motor te klim en Pretoria toe te ry om aan die Kaapse Argus-fietstoer te gaan deelneem! Om dinge te vinnig te doen, kan op roekeloosheid neerkom.

Hoewel 'n dolfyn tot 60 km/h kan swem, weet hy instinkief om dit nie te doen nie, uit vrees vir besering. Die kuns lê daarin om *vinnig genoeg* te beweeg om jou doelwit betyds te bereik, maar ook *stadig genoeg* om jou stamina so lank as moontlik te behou.

Om te misluk voorspel nie dat jy nooit sukses sal behaal nie. Indien jy toegewyd is aan jou doel, beteken mislukking net dat dit langer sal neem om dit te bereik. Wie nie waag nie, wen nie. Onthou die wyse woord van Henry Link: Terwyl een persoon huiwer omdat hy onbevoeg voel, is ander besig om foute te maak ten einde bevoeg te word!



**SAAM
BOER ONS VIR
DIE TOEKOMS**

PANNAR gee jou toegang tot die beste genetiese materiaal in Suid-Afrika. Ons sojaboonkultivars handhaaf 'n uitstaande prestasierekord in die nasionale sojaboonproewe. Ons veelsydige pakket bied die optimale kultivar om jou winsgewendheid te verbeter. Jy kan op PANNAR sojaboonkultivars staatmaak.

www.pannar.com | infoserve@pannar.co.za



© Geregisteerde handelsmerke van PANNAR BPK, © 2017 PANNAR BPK
2017/SOY/A/09



Hoe gemak met werknemers se beserings aan diens?

deur Butch van Blerk, direkteur, Bill Tolken Hendrikse Ingelyf, van Bellville, Kaapstad

Die vergoedingsfonds dek werkers (tydelik of permanent) wat in 'n ongeluk beseer is terwyl hulle met hul werk besig was, 'n siekte deur hul werk opgedoen het of weens 'n werkplekongeluk of beroepsiekte gesterf het.

Eise moet korrek en betyds ingedien word. Eise sal nie betaal word nie, as:

- die eis meer as 12 maande ná die ongeluk of dood, of ná diagnose van die siekte ingedien word;
- die werker drie dae of minder van die werk afwesig was;
- die ongeluk weens 'n werker se eie versuim of nalatigheid gebeur het (tensy die werker ernstig gestremd raak of in die ongeluk sterf – dan sal die Fonds steeds vergoeding betaal), of die werker mediese behandeling onredelik weier.

Werkgewers betaal een maal per maand aan die Fonds oor. Werkers maak geen bydraes aan die Fonds nie. Werkgewers mag geen bydraes van werkers se salaris se bydraes tot die Fonds aftrek nie.

Die Fonds dek beroepsiektes en werkplekbeserings. Beroepsiekte is siektes wat veroorsaak word deur stowwe of toestande waaraan die werker in die werkplek blootgestel is. Die werker kan vergoeding eis as hy aan dié werksomstandighede blootgestel is en dan so 'n siekte opdoen. Die Fonds dek ook beserings wat as gevolg van werk of by die werkplek opgedoen is.

Die vorme van vergoeding wat geëis kan word, is vir tydelike ongeskiktheid, permanente ongeskiktheid, dood, mediese uitgawes en bykomende vergoeding.

Die Vergoedingsfonds betaal nie vir pyn en lyding nie, maar slegs vir verlies aan beweging of gebruik van liggaamsdele.

Die bedrag van vergoeding wat aan die werker betaal sal word, hang af van hoeveel die werker verdien het toe die besering opgedoen of die siekte gediagnoseer is. As die werker reeds ophou werk het wanneer die siekte gediagnoseer word, sal die vergoeding bepaal word na gelang van wat die werker sou verdien het.

Tydelike ongeskiktheid is wanneer die werker weens 'n besering of siekte nie kan werk nie, of nie al sy werk kan doen nie, maar sal herstel. Om hiervoor te eis, moet 'n dokter 'n werker langer as drie dae van die werk laat wegbly. As die werker langer as drie dae van die werk moet wegbly, word die werker uitbetaal vir die hele tyd dat die werker nie kan werk nie (ook die eerste drie dae).

As die werker glad nie kan werk nie, word hy 75% (driekwart) van sy/haar normale maandelikse of weeklikse loon betaal. As die werker net 'n deel van sy/haar werk kan doen, moet die werkgever die werker steeds 'n deel van sy/haar loon betaal. Die Fonds sal 'n werker 75% (driekwart) uitbetaal van die verskil tussen wat die werker betaal is, en wat die werker vóór die besering betaal sou gewees het.

'n Werker kan 12 maande lank vergoeding vir tydelike ongeskiktheid eis. Dit kan na 24 maande verleng word. Ná

24 maande kan die Kommissaris besluit dat die toestand permanent is, en vergoeding op die grondslag van permanente ongeskiktheid toestaan.

Al die werker se mediese uitgawes sal betaal word tot twee jaar ná die datum van die ongeluk of diagnose van die siekte. Alle mediese rekenings moet by die Kommissaris ingedien te word. Dit sluit die vervoerkoste van 'n beseerde werknemer na 'n hospitaal of huis in.

Bo en behalwe die algemene vergoeding kan die werker ekstra vergoeding kry as die besering of siekte deur die werkgever se versuim of 'n fout in 'n masjien veroorsaak is. Enige werker jonger as 26 sal bykomende vergoeding kry.

Die werkgever moet die ongeluk binne sewe dae by die Vergoedingskommissaris aanmeld en moet nagaan of al die besonderhede op die vorm korrek is. Die werker betaal nie die dokter se rekening nie. As die werker egter 'n tweede mening wil hê, moet die werker daarvoor betaal. Wanneer die werker weer werk toe gaan, moet die werkgever 'n hervattingsverslag na die Kommissaris stuur waarin verklaar word wanneer die werker weer begin werk het, en hoeveel vergoeding aan die werker betaal is. Die werker en werkgever moet kopieë van al die vorms hou.

Die Vergoedingskommissaris is aangestel om die Fonds te administreer, en oorweeg werkers se eise. Die werker kry betalings vanaf die Fonds, en nie van die werkgever nie. Die werkgever moet die beseerde werker betaal vir die eerste drie maande nadat die besering opgedoen is. Die Vergoedingsfonds sal die werkgever terugbetaal. As die werker langer as drie maande nie kan werk nie, neem die Vergoedingskommissaris die maandelikse betalings oor.

As die werkgever versekering teen werkplekbeserings het, sal die versekeringsmaatskappy die vergoeding betaal. In sulke gevalle moet eise steeds by die Vergoedingskommissaris ingedien word.

- **Die inhoud hiervan is gebaseer op inligting soos verskaf deur die Departement van Arbeid.**

Bron: www.landbou.com





Farm dogTM
Adult Maintenance

vk6

Koop enige sak TLC of Farmdog en staan 'n kans om groot kontant pryse te wen



V2063

V2062

V2067

V2047

Reëls en Regulasies vir kompetisie

1. Plaas kasregisterstrokie met kontakbesonderhede binne in die kompetisie houër.
2. Kompetisie strek vanaf 1 Mei - 1 Julie 2017
3. Trekking vind plaas 15 Julie 2017. Wenners sal telefonies in kennis gestel word
4. Die beoordeelaars se beslissing is final.
5. Geen werknemers van VKB of Bhenyati Promotions, of hulle familielede mag deelneem nie.

1^{ste} Prys: R3000 | 2^{de} Prys R 2000 | 3^{de} Prys - R1000

Farm dogTM
Adult Maintenance

V20647

Meets and exceeds AAFCO & RSA Nutrient guidelines for adult maintenance.

Scientifically Formulated and balanced by a qualified nutritionist

PRODUCT DETAILS

- 18% protein
- 8% fat.
- No artificial colourants and flavourants
- Contains Lysine (an essential amino acid for dogs)
- Contains Zinc (for improved skin and coat health)
- Contains Copper (for improved coat colour)
- All essential vitamins and minerals

Complete & Balanced dog food for all sizes and breeds

www.farmdog-dogfood.co.za



Dooringdraad

en voedselsekuriteit

deur dr. Philip Theunissen

In die middel van die 19de eeu het Amerikaanse setlaars, waarvan die meeste boere was, algaande wes en suidwes tot by die begin van die Prêrievlakte migreer. Hierdie weswaartse trek het hulle skielik gekonfronteer met 'n veranderende omgewing wat al verder vorentoe uitgestrek het, naamlik die droeër plat grasvlaktes van die Midde-Weste.

Die kontras was nogal beduidend teenoor die woude en berge waarvandaan hulle gekom het. Dit was nie totaal van bome gestroop nie, nie werklik sonder klippe nie en ook nie regtig sonder water nie, maar die nuwe omgewing was ernstig gebrekkig aan 'n oorvloed van enige van dié drie elemente. Gevolglik was een van die grootste tekortkominge die gebrek aan omheiningsmateriaal omdat natuurlike grense soos kliprandjies en spruite so skaars in die nuwe landskap was.

Terwyl die eerste pioniers hulleself eers in die ooste ingegrawe het, kon hulle van natuurlike hulpbronne vir omheining gebruik maak en dit het baie ooreengestem met dié waaraan hulle in Engeland gewoon was.

Klipmure en houtomheinings, gemaak van materiaal wat volop beskikbaar was, het hier meestal die grense tussen plase afgebaken. Met die eweneens oorvloed in slawearbeid, was konstruksie van hierdie omheinings vinnig en maklik, solank die natuurlike materiaal naby aan die plek van oprigting was. Maar op die vlaktes was daar bykans geen los klippe of oorvloed bome nie en die verskaffingsketting het eenvoudig te lank geraak om dit vanuit die ooste te kon voorsien.

Die gebrek aan omheiningsmateriaal was dus 'n reuseprobleem vir die pioniers op die groot vlaktes. Boere is by uitstek die aanvanklike omheiners van die wêreld. Die historiese doel daarvan was om as 'n verdedigingslyn teen ongediertes en ander kragte te dien wat hul oeste en vee bedreig het. Sonder omheinde eiendom was die boere op die vlaktes uiters blootgestel en 'n oplossing moes dringend gevind word.

Die eerste opgetekende deurbraak het in 1873 tydens die jaarlikse skou in die dorpie De Kalb in die staat Illinois gebeur. By die skou het 'n plaaslike boer, Henry M. Rose, 'n snaakse toestel as omheining aan die publiek ten toon gestel. Dit het uit 'n dwars houtspoor bestaan wat met skerp uitstaande draadpunte toegerus was om diere seer te maak wat wou probeer deurklim. Die toestel was nie 'n omheining opsigself nie, maar was ontwerp om tussen gladde drade van bestaande omheinings ingevoeg te kon word. Rose het dié



Bron: http://xroads.virginia.edu/~CLASS/am485_98/cook/develp.htm

toestel ontwerp om 'n nukkerige koei in 'n kampie onder beheer te kon hou.

Sy eenvoud en beperkte aanwendingsmoontlikhede sou waarskynlik ongesiens verbygegaan het as dit nie die belangstelling van drie ander persone gelok het wat ook die skou bygewoon het nie. Die drie, Joseph Glidden, Isaac Ellwood en Jacob Haish, het kennis geneem van Rose se basiese idee en dit het hulle die gedagte gegee om, wat ons vandag as doringdraad ken, te gaan ontwerp.

Die uitsonderlike belangstelling van dié drie here in Rose se idee word aan hulle uiteenlopende beroepe toegeskryf.

Haish was 'n timmerman en die boere met wie hy besigheid gedoen het, was gedurig op soek na omheiningsmateriaal, wat hy nie in oormaat kon voorsien nie.



Ellwood het 'n hardwarewinkel besit en hy is ook voortdurend met 'n aanvraag na omheiningsmateriaal oorval. Hy het gou besef hoe belangrik 'n beter oplossing vir omheining op die Prêrievlakte kon wees. Glidden het 'n verbeterde omheining dalk die nodigste gehad want hy was 'n boer. Vir hom was die beskerming van sy graangewasse teen rondloperdiere 'n daaglikse

probleem en hy het dadelik besef dat 'n behoorlike teenvoeter hierteen sy daaglikse lewe aansienlik makliker sou kon maak. Die drie se persoonlike belange was gevolglik die impetus wat tot verdere eksperimente met Rose se idee gelei het en uiteindelik aan doringdraad sy ontstaan én regmatige plek in landbou gegee het. Joseph Glidden was die eerste wat met Rose se ontwerp begin eksperimenteer het. Hy het die voordeel ingesien om die skerp dorings aan die gladde draad, wat algemeen gebruik was, vas te heg eerder as om 'n los houtspoor met dorings daarop tussen die drade in te voeg. Hy het sy eerste eksperimente in sy vrou se kombuis uitgevoer maar gou agtergekom dat die dorings op die gladde draad rondskuif en nie op hulle oorspronklike plek bly nie. Mettertyd het hierdie metode dan sy effektiwiteit verloor as al die dorings op een bondel sit en die res van die draad geen beskerming meer teen diere bied nie. Hy moes dus 'n manier vind om die dorings in hulle aanvanklike posisie te hou. Dit het hy oorbrug deur sy vrou se koffiemeul te gebruik en die draad om die dorings te draai. Met 'n ou meulsteen het hy 'n tweede draad romdom die aanvanklike een gewen en die resultaat was die dubbelgevegte string draad met die dorings tussenin wat nie meer kon rondskuif nie.

Glidden was suksesvol om die eerste doringdraad vir omheiningsdoeleindes te ontwikkel en hy het dit om sy eie plaaswerf gespan. Ander boere het Glidden se omheining bekyk en besef dat dit die oplossing vir hulle eie probleme ook gaan wees. Hy het dus baie gou sy produk kommersieel begin vervaardig en aan ander verkoop.

Isaac Ellwood het ook met Rose se idee rondgespeel maar kon met niks konstruktiefs vorendag kom nie. Jacob Haish daarenteen, het ook iets soortgelyks ontwerp maar nadat Ellwood beide se produkte gesien het, het die entrepreneurskap in hom opgespring en hy het die potensiaal van 'n verbeterde Glidden/Ellwood-ontwerp raakgesien. Gevolglik het hy dit as sy eie voorgedou en soende sy voet in 'n heffige en uitgerekte patente-oorlog gesit.

Glidden se oorspronklike ontwerp, "The Winner", is meer as 'n jaar ná sy aansoek ingedien is, op 24 November 1874 gepatenteer. Met Ellwood wat 'n belang in sy besigheid bekom het, het hy nie stilgesit nie en intussen 'n draadtrekker, 'n tweede tipe doringdraad en ook 'n masjien wat doringdraad kon vervaardig, ontwerp. In 1875 het dié twee die Barb Fence Company aan die gang gekry wat doringdraad in groot hoeveelhede vervaardig en verkoop het. Dit terwyl die patente-oorlog tussen hulle en Haish toe pas begin het. In die jare wat gevolg het, het die twee groepe hulle intense gevegte vir dominansie in die mark vanaf hul basisse in De Kalb, Illinois, volgehou terwyl ander vervaardigers toenemend ook die mark met hul ontwerpe betree het.

Om die storie van De Kalb saam te vat, is dit nodig om van twee aspekte kennis te neem: Eerstens, al het Rose se toestel as die eerste voorbeeld van doringomheining bekend geword, was daar in werklikheid ander soortgelyke uitvindings in die VSA en ander lande ook vóór 1873. Dit was egter nie vir kommersiële doeleindes geproduseer nie en die enigste bydrae wat dit tot die ontwerp van doringdraad gespeel het, was in die hofgedinge oor die patentereg in die 1870's en 1880's.

Tweedens moet daar kennis geneem word dat daar nie een feitlik korrekte weergawe oor die ontwerp van doringdraad bestaan nie. As gevolg van die hewige kompetisie in die mark het elke verskaffer 'n storie rondom die ontstaan daarvan as promosie vir sy eie produk versprei. Rose se storie blyk feitlik meer aanvaarbaar as die ander te wees, maar oor een ding is daar nie twyfel nie, en dit is dat die koms van doringdraad 'n wesentlike bydrae tot voedselkerheid reg oor die wêreld gemaak het.



Gehalte en diens

is prioriteit by



Cape Gate is vir jare al die primêre verskaffer van omheiningsmateriaal aan die landbou-/kommersiële sektor. Die maatskappy is een van die grootste vervaardigers van staalprofielprodukte van gehalte asook draad- en draadverwante produkte en voorsien aan die plaaslike sowel as internasionale mark.




Cape Gate (Pty) Ltd | Nobel Boulevard | Vanderbijlpark | Gauteng | 1900 | Tel: +27 (0)16 980 2121

www.capegate.co.za

As die saamboerdery nie werk nie

deur dr. Philip Theunissen



Dit is vir die meeste boere 'n droom om hul boerdery in die hande van hul nasate te laat voortgaan. Dit beteken noodwendig dat twee generasies vir 'n oorgangsperiode saam moet boer. Hoewel dit 'n ambisieuse en prysenswaardige doelwit is, lê die voortsetting van die boerdery in wese aan die hart van landbou. Dit is die dryfkrag wat boere laat aanhou boer, uitbrei en op hul plase hou, ten spyte van gereelde terugslae.

Die konsep van so 'n familieboerdery is egter 'n bietjie meer ingewikkeld as dié van 'n besigheid waarvan die eenaars onverbonde aandeelhouders is. Dit het uiteraard 'n normale ekonomiese definisie maar daar is terselfdertyd ook 'n sosiologiese komponent betrokke. Entrepreneurskap, eienaarskap, besluitneming, risikogedrag, deursettingsvermoë en doelwitbereiking is deel van die ekonomiese definisie wat met 'n familieboerdery geassosieer word. Dan is daar ook aspekte soos familiewaardes, kontinuïteit en betrokkenheid wat die sosiologiese definisie van 'n familieboerdery opmaak. Dit bring mee dat so 'n boerdery dikwels meer as net 'n professionele loopbaan is, want dit reflekteer ook 'n lewenswyse van waardes, oortuigings en tradisies en dit maak 'n saamboerdery ietwat meer ingewikkeld as 'n eenmansaak.

Kontinuïteit

Dit is net logies dat die boer alle moontlike opsies sal oorweeg om 'n suksesvolle onderneming binne sy eie familie te laat voortleef. In die konteks van saamboerdery beteken "suksesvolle onderneming" dan een wat genoeg welvaart kan versamel om:

- die uittredende boer en sy wederhelf tydens hulle aftrede te kan onderhou vir so lank hul aftrede ook al

mag duur;

- aan nie-boerende kinders ook 'n regmatige deel van die finansiële welvaart te kan bied én steeds 'n lewensvatbare boerdery met genoegsame boerderybates vir die boerende kinders oor te hou;
- gemotiveerde opvolgers na te laat wat opgewonde én opgelei is om die boerdery, met die nodige ondersteuning van die ouers, te kan voortsit.

Die feit dat daar 'n groot aantal familieboerderye is wat wel twee generasies gelyktydig kan akkommodeer, is 'n pluimpie vir die manier waarop boerderye in Suid-Afrika bestuur word. Statistiek is egter nie baie ondersteunend oor die mate van opvolgende sukses van saamboerderye nie. Die Amerikaanse webwerf peakfamilybusiness.com voer aan dat die oorgangsproses vol slaggate is en ook baie keer met 'n redelike mate van weerstand plaasvind. Gevolglik:

- oorleef slegs 30% van enige familiebesigheid tot in die tweede geslag, ten spyte daarvan dat tot 70% van die huidige geslag eenaars die besigheid graag aan die volgende geslag wil oorgee;
- oorleef slegs 12% van familiebesighede dit tot in die derde geslag; en
- oorleef slegs 3% van familiebesighede dit tot in die vierde geslag.

As die saamboerdery nie werk nie



- Daar word aangeneem dat die boerdery finansiëel in staat is om almal te kan onderhou wat graag deel van die boerdery wil word. Alvorens enige familielid bygevoeg word, moet daar dus eers bepaal word of die boerdery se finansiële toekoms met 'n redelike mate van sekerheid gewaarborg kan word.
- Daar word aangeneem dat die inkomende familielid die een is wat moet verander om by die huidige manier van doen in te pas. As die erflater 'n lopende besigheid wil oorgee, moet hy egter kompromieë met die erfopvolger aangaan om 'n familiebestuurde boerdery tot stand te bring. Anders bly dit in wese 'n eenmansaak.
- Daar word aangeneem dat 'n informele gesprek terselfdertyd 'n bindende kontrak is. Niks veroorsaak meer konflik tussen familieleden as vaaghede, aannames en veronderstellings nie. Daarteenoor is enige geskrewe besluit of ooreenkoms duidelik en afdwingbaar.
- Daar word aangeneem dat die lees van gedagtes 'n aanvaarbare manier van kommunikasie is. Die besluitnemingsproses móét almal wat by die besluit betrokke is se standpunte in ag neem sonder dat dit persoonlik opgeneem word. Uiteindelik moet familieleden mekaar slyp, komplimenteer en mekaar se kennis verbreed.
- Daar word nagelaat om doelbewus aan kommunikasievaardighede en besigheidsinteraksie te werk. Dit geld nie net ten opsigte van familieleden onderling nie, maar ook ten opsigte van ander personeel, adviseurs en ook nie-boerende familieleden.
- Die aangetroude familie (schoondogters en -seuns) word geïgnoreer. Die familiebesigheid moet aangetroude familieleden ook kan akkomodeer. Dit is per slot van sake hulle loopbane ook wat, hetsy direk of indirek, op die spel is.
- Gewone hoflikheid word verontagsaam. Wie verdien erkenning, lof, bedanking, komplimente en waardering waar dit toekom?
- Die afwesigheid van geldige vennootskapsooreenkomste, besigheidstrukture en/of erfopvolgingsplanne. 'n Eensydige, alleenstaande testament, wat onder geheimhouding in 'n kluis lê, is nie 'n erfopvolgingsplan nie. Ouers is aan hulle erfopvolgers 'n stel normas en waardes, die geleentheid vir opvoeding en onderrig, 'n ondersteuningsnetwerk én 'n deurdagte en goed gedokumenteerde erfopvolgingsplan verskuldig alvorens hulle 'n familielid by 'n saamboerdery betrek.
- Ignorering van die beginsel van gelyke teenoor regmatige erflatings. Die voorsetting van 'n familieboerdery veronderstel erflatings tot dié mate wat dit aan elke lid van die familie geleentheid skep om hul loopbane te kan beoefen en beteken nie noodwendig dat die boerderybates in gelyke dele tussen boerende en nie-boerende kinders opgedeel moet word nie.

Konflikareas

Familiebesighede het konflikareas wat ander besighede gewoonlik nie het nie. Die geleentheidspreker en outeur in die VSA Jolene Brown het tien areas geïdentifiseer wat broeiplekke vir die moontlike ontbinding van 'n saamboerdery kan wees:

- Daar word aangeneem dat 'n goeie familieverhouding outomaties ook 'n goeie werksverhouding meebring. Die aanvaarding van mekaar binne 'n familie is egter onvoorwaardelik terwyl enige werksverhouding met voorwaardes van prestasie en teenprestasie gepaard gaan.

Onopgeloste probleme

Die sukses van saamboerdery kan dus nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. Hoewel dit 'n familiebesigheid is, is dit 'n besigheid wat deur 'n familie bedryf word en nie 'n familie wat saam 'n besigheid bedryf nie. As daar nie klem op besigheidsbeginsels gelê word nie, gaan die saamboerdery om die volgende redes uiteindelik skipbreuk ly:

Lae winsgewendheid: As die boerderywins nie voldoende inkomste vir elke betrokke familie kan bied nie gaan dit uiteindelik tot wrywing en konflik lei.

Te veel onaangespreekte verskille: As die besigheidsfilosofie en werksetiek van familielede mekaar opponeer, gaan dit daartoe lei dat die wrywing en konflik hewig en demoraliserend raak.

Oorbemanning: Gebieds- en gesagsafdwinging floreer wanneer daar nie genoeg werk is om almal op die plaas ewe besig te hou nie.

Onbetroubare vennote: As enige van die vennote oneerlik, selfsugtig, lui, afhanklik, baasspelerig of selfs geestesversteurd is, dreineer dit die moraal van dié wat tot die boerdery se welstand verbind is. 'n Familieboerdery is dus nie die rehabilitasiesentrum vir familielede wat elders misluk het nie.

Skuldgevoel: Te veel kinders kom boer omdat hulle 'n skuldgevoel het of onder druk verkeer omdat daar van hulle verwag word om die boerdery te kom voorsit.

Skeidingsplan

Ten spyte van goeie advies en talle waarskuwings, is daar steeds 'n groot aantal familieboerderye wat mettertyd ontbind. Dit is gevolglik uiters belangrik om by die aanvang van die saamboerdery, terwyl gemoedere nog laag is en die opgewondenheid hoog is, oor die wyse en prosedure van 'n moontlike ontbinding te besin.

Die aanloop tot die ontbinding, asook die proses van beëindiging van 'n saamboerdery, is in die meeste gevalle 'n baie emosionele ervaring vir die familielede en talle van die vergaderings daar rondom vind in 'n onaangename atmosfeer plaas.

Die proses van ontbinding van 'n saamboerdery kan van relatief eenvoudig tot uiters kompleks wees, want dit behels die verdeling van grond, implemente, geleende kapitaal en arbeid. Daarmee saam is daar finansiële-, belasting-, regs- én besigheidsimplikasies wat waarskynlik deur verskeie kundiges hanteer moet word. Afhangende van hoe die boerdery gestruktureer was, kan die beëindiging

van die saamboerdery dus 'n redelike ingewikkelde én duur oefening raak. Dit ten spyte, skep die finale uitkoms in die meeste gevalle 'n nuwe geleentheid vir die familie om hulleself teenoor mekaar en ook ten opsigte van hul loopbane te herdefinieer en herstel die familiebande gewoonlik weer sodra die proses tot almal se bevrediging afgehandel is.

Hoewel daar 'n stigma aan 'n ontbinding kleef, bly dit ook net nog een van 'n aantal erfopvolgingsopsies vir die boerdery. 'n Voorafbepaalde skeidingsplan kan die hele proses net aansienlik vergemaklik en verhoed dat emosies die oorhand kry.

Mislukking of sukses?

As 'n skeiding uiteindelik tot elke familielid se voordeel is en dit ter goeder trou hanteer kan word, kan dit eweneens as 'n sukses en nie 'n mislukking nie, beskou word. Boerdery as 'n loopbaan moet 'n keuse wees en nie 'n verpligting nie en die voortsetting van die familieboerdery is uiteindelik minder belangrik as 'n familielid se eie werksbevrediging.

Die voordeel van 'n familiebesigheid is dat finansiële resultate nie noodwendig die enigste maatstaf vir sukses is nie. Hoewel dit altyd belangrik sal wees, is die geluk van onderlinge familieverhoudinge binne so 'n onderneming net so belangrik. Al word ekonomie van skaal en die kollektiewe bedingingsmag van 'n familieboerdery dus wel met die beëindiging van 'n saamboerdery ingeboet, skep die verdeling van welvaart ook weer finansiële buigsaamheid, effektiewer besluitneming en beter sosiale verhoudinge. Wanneer hierdie aspekte as maatstaf vir sukses gebruik word, kan die ontbinding dalk meer suksesvol wees as om die saamboerdery ten alle koste te probeer voortsit. Die oorkoepelende sosiologiese perspektief van 'n familieboerdery; naamlik eenheid, kontinuïteit en passievolle verbintenis, kan soms beter in afsonderlike boerderye as binne 'n gesamentlike struktuur bereik word.

Bronne:

When it's Time to Move On. Lance Woodbury, DTN Farm Business Adviser.

When splitting up the operation is the right thing to do. The Prairie Star, October 23, 2007.

These mistakes can break up a farm family business. The Prairie Star, March 29, 2012.

European Commission's Directorate-General for Agriculture and Rural Development

Die proses van ontbinding van 'n saamboerdery kan van relatief eenvoudig tot uiters kompleks wees, want dit behels die verdeling van grond, implemente, geleende kapitaal en arbeid.



Gee jou tuin 'n **WONDER™ hupstoot!**

Maak ongeveer
25l
plantvoedsel



Wondersol™ All Purpose

- ☛ 'n Organiese plantgroeistimulant en 'n plant stress bestuur produk.
- ☛ Geskik vir saailinge, grasperke, bome, struike, rose, sierplante en pot plante wat beide binnenshuis en buite groei.
- ☛ Kan gebruik word op beide alkaliese en suurliewende plante.

Wondersol™ Colour Boost Plant Food

- ☛ Bevorder plant groei en voedingsopname.
- ☛ Plant stress bestuur en beskerming.
- ☛ Geskik vir binne- en buitenshuis plante.

Wonder™ Kelp

- ☛ Plantgroeistimulant wat sterk wortels en verbeterde blomvorming bevorder.
- ☛ Betekenisvolle verbetering vir die vestiging van jong bome en saailinge.
- ☛ Geskik vir alle binne- en buitenshuis plante, blomme en groente.

Kliënte Diens Tel 086 133 3586 | info@efekto.co.za | www.efekto.co.za

Registrasie houer: Agro-Serve (Edms) Bpk. Reg. Nr. 1973/000868/07. Versprei deur: Efekto Care (Edms) Bpk. Reg. Nr. 2009/006357/07, Posbus 652147, Benmore, 2010. Wonder en die Wonder kenteken is die geregistreerde handelsmerk van Agro-Serve (Edms) Bpk. Alle regte voorbehou. WONDERSOL™ All Purpose Organies gebaseerde plantvoedsel Reg. Nr. K7776 N-F0365 bevat 81,45 g/l N; 17 g/l P; 48 g/l K; 1.11 mg/l Mg; 0,32 mg/l S; 23,01 mg/l Fe; 43,05 mg/l Mn; 124,16 mg/l Zn; 27,81 mg/l Cu; 422,19 mg/l B; 261,59 mg/l Mo. WONDERSOL™ Colour Boost Organies gebaseerde plantvoedsel Reg. Nr. K8552 N-F0625 bevat 81,45 g/l N; 17 g/l P; 48 g/l K; 1.11 mg/l Mg; 0,32 mg/l S; 23,01 mg/l Fe; 43,05 mg/l Mn; 124,16 mg/l Zn; 27,81 mg/l Cu; 422,19 mg/l B; 261,59 mg/l Mo. KELP Reg. Nr. L2812 N-AR0925 bevat 2.2mg/l Natuurlike oksiesiene; 0,0062mg/l Sitokinien van *Ecklonia maxima*. Produkte is geregistreer onder Wet No. 36 van 1947.

Wonder™

deur Ruhan Theunissen (M. Ing.
Renewable Energy Professional)

Sonkrag



vanuit 'n beleggingsoogpunt

Baie mense glo steeds dat sonkrag slegs gebruik word omdat dit 'n "groen" bron van energie is. Die debat oor klimaatsverandering het ongetwyfeld 'n invloed gehad op die ontwikkeling en infassering daarvan, maar dit is nie waar dit noodwendig eindig nie.

As die "groen" aspek van sonkrag eers opsygesit word, kan daar gesien word dat dit uit 'n ekonomiese oogpunt ook sin maak.

Fotovoltaïese sonkragstelsels se koste het aansienlik afgeneem oor die laaste paar jaar. Dit, tesame met belastingaftrekkings en Eskom se tariefverhogings, maak dit 'n mededingende opsie vir kragvoorsiening. Die Suid-Afrikaanse Fotovoltaïese Sonkragvereniging (SAPVIA) is oortuig dat sonkrag heelwat goedkoper is as kern- en steenkoolkragstasies. Volgens hulle staan sonkrag se opwekkingskoste onder die REIPPP-program nou op R0,62/kWh teenoor R1,10/kWh en R1,30/kWh wat vir steenkool- en kernkrag geskat word. Syfers soos dié gee 'n aanduiding dat sonkrag meer as net 'n "groen" waarde het.



VKB-hoofkantoor

Vooruitsigte

Volgens Jan Warzecha, direkteur van tegnologie by Juwi Internasionaal, is volhoubaarheid en winsgewendheid die deurslaggewende faktore wanneer dit kom by die transformasie van energievoorsiening (*Juwi Group magazine*, 2015). Hy reken verder dat die koste van fotovoltaïese stelsels nog verder sal daal en gehalveer sal wees teen 2050. Indien dit die geval is, hoef daar geen twyfel meer te wees dat sonkrag 'n goedkoper bron van elektrisiteit sal uitmaak nie.

Die uitvoerende hoof van Apple, Tim Cook, sien hierdie punt in en het 'n strategiese besluit gemaak om op sonkrag te begin steun. Cook het benadruk dat dit nie net ter wille van klimaatsverandering gedoen word nie, maar ook omdat dit finansiële sin maak vir Apple (*Bloomberg*, 2015). Apple se plan is om met verloop van tyd al sy datasentrums, winkels, kantore, ensovoorts van goedkoper en meer omgewingsvriendelike sonkrag te voorsien. Die uitwerking van Cook se strategie rondom sonkrag het Apple se aandeelprys tot 'n nuwe hoogte laat styg volgens Bloomberg. Dit beklemtoon net weer die aanname dat sonkrag 'n finansiële voordeel ook inhou vir besigheid.

Sonkrag as 'n kapitaalbelegging

'n Belegging of investering is wanneer geld aan 'n saak of 'n bate toevertrou word met die verwagting dat dit addisionele inkomste sal genereer. 'n Sonkragstelsel is uit die aard van die saak 'n groot kapitale investering. Indien dit so gesien word, is dit belangrik om te verstaan watter opbrengs op kapitaal so 'n projek sal lewer en of dit finansiële lonend is.

Volgens 'n skryfstuk in *The Sustainable Energy Resource Handbook* kan 'n sonkragstelsel vergelyk word met 'n vaste-deposito-beleggingsrekening. Afhangend van die verbruik en tariewe is dit al bepaal dat 'n opbrengs op kapitaal van tussen 8,0% en 16,0% moontlik is met netwerkgekoppelde sonkragstelsels oor 'n termyn van 20 jaar.

Gegewe dat die huidige makro-ekonomiese klimaat so onstabiel en riskant is, kan investering in sonkrag as 'n beter opsie beskou word. Met vaste deposito rentekoerse wat rondom 7% draai is 'n sonkragstelsel meer voordelig as kapitaal wat in kontant opgesluit lê.

Net soos met enige ander belegging is 'n mate van sekerheid en voorspelbaarheid ook nodig. In die geval van 'n sonkragstelsel moet daar versekering wees dat die opgewekte elektrisiteit ten volle benut kan word. Aangesien surplus-elektrisiteit in baie gevalle nog nie terug aan die netwerk verkoop kan word nie, sal dit verlore inkomste wees. Dit is dus belangrik dat die elektrisiteitverbruik en die stelsel se opwekkingkapasiteit noukeurig bepaal word.



Sonpaneel-installasie in 2016 op VKB-hoofkantoor se dak

Bronne:

"Keep energy affordable by using the least-cost approach in the IRP", SAPVIA media statement, March 2017.

"Net metering and net feed-in tariff for embedded solar PV in South Africa", Sustainable Energy Resource Handbook Vol. 6, 2010.

"Solar Future: Worldwide Growth", Energie-Allee - Juwi Group magazine, June 2015.

"What Apple just did in solar is a really big deal", www.bloomberg.com, February 2015.

Voordele vir VKB

VKB se sonkragprojek by sy hoofkantoor op Reitz was ook merendeels uit 'n kostebesparingsoogpunt gemotiveer. Hoewel kostebesparing die grootste invloed gehad het, besef VKB ook dat hulle 'n verantwoordelikheid het teenoor die samelewing ten opsigte van volhoubaarheid.

In Oktober 2016 was VKB se sonpaneelsisteen by sy hoofkantoor op Reitz ten volle operasioneel. Tot en met April 2017 het die stelsel ongeveer 124 000 kWh opgewek. Die kostebesparing wat dit teweegbring staan reeds op R127 900 vir hierdie eerste sewe maande van operasie. In beleggingswaarde is dit 'n opbrengs op kapitaal van 8,5% vir die tydperk.

Voor die sonpanele het die kantoorgebou se gemiddelde saamgevoegde elektrisiteitskoste (energie-, pieklas- en dienskos) uitgewerk op R1,45 per kilowatt-uur. Nou, met die sonpanele, staan dit op R1,13 per kilowatt-uur. Die algehele besparing is dus 36 sent per kilowatt-uur sedertdien.

Slotson

Beleggings is 'n langtermynverbintenis en daarom is dit belangrik om wyse besluite te neem rondom dit. Die syfers bewys wel dat sonkrag 'n baie voorspelbare en relatief lae risiko investering is wat 'n gunstige opbrengs sal lewer op die lang duur.

'n Belangrike punt om te maak is dat die terugbetaling van 'n sonkragstelsel 'n bate afbetaal eerder as elektrisiteit wat slegs 'n uitgawe is en nooit weer gesien word nie. Sodoende het dit 'n tweeledige positiewe uitwerking op die balansstaat. Waar die verbruiker tot nou maar uitgelewer was aan tariefverhogings kan hierdie risiko daarvan ook aansienlik verskans word. Uit 'n besigheidsoogpunt lei hierdie aspekte uiteindelik tot beter winsgewendheid wat weer beleggersvertroue inboesem soos in Apple se geval.

Die ontwikkeling en inffasering van sonkrag, tesame met ander hernubare energiebronne, het tot 'n punt gevorder waar dit hoegenaamd nie meer net as 'n omgewingsvriendelike alternatief bestempel moet word nie. Dit is nou 'n vorm van kragopwekking wat uit 'n beleggingsoogpunt eenvoudig finansiële sin maak.

beproefde genetika

Beskikbaar:

Winterkoring: SST 3149, SST 387, SST 347, SST 317, SST 316, SST 356 en SST 374.

Besproeiing: SST 843, SST 884, SST 895, SST 875, SST 835, SST 806, SST 866 en SST 867. Nuut - SST 8135.

Durum kultivars: SSD 8154 en SSD 8133 is beskikbaar.

SSR rog - en SSH hawerkultivars
vir weiding, baal en graan

SSS sojaboonkultivars: SSS 6560, SSS 5052 en SSS 5449 voortreflike genetika vir jou Boerdery!

Staatmaker
SST
koringkultivars

Kry die nuutste
2017 Kultivargids
vir meer inligting

senseed

Verskaffer van 'n wye reeks saad van **uitgesoekte maatskappye**

Kontak: Bethlehem 058 303 4690 | Reitz 087 358 8111
VKB Beleggings (Edms.) Bpk. is 'n goedgekeurde Finansiële Diensteverkaffer FDV 4813

   vir die LIEFDE van die LAND | www.vkb.co.za


SENSAKO

lid van die

vkb
GRUPIEGROEP
member of the

Gehalte die wagwoord vir **Nu-Alcade Bonsmara** Groep

*Die Bonsmara-beesras is die grootste enkele beesras in Suid-Afrika. Nu-Alcade is 'n groep Bonsmara-boere wat op 29 September 2017 hul 23ste veiling aanbied. **Delene Snyman** het met die dagbestuur gesels oor die doelstellings van die groep.*

Nu-Alcade Bonsmara Groep bied 'n bemarkingsplatform vir topgehalte Bonsmaras. Om lid te wees van hierdie groep, moet 'n Bonsmara-boer voldoen aan die hoë vereistes wat deur die groep gehandhaaf word. Gehalte is die heel eerste vereiste waaraan elke dier moet voldoen, want gehalte is sinoniem met die Nu-Alcade Bonsmara Groep.

Toptelers in die noordoostelike gebied van Suid-Afrika behoort reeds aan Nu-Alcade wat aan kopers en potensiële kopers 'n verskeidenheid topgenetika bied. Op die grootste veiling van Warmbad Veemark in Bela Bela, bied Nu-Alcade diere in alle produksiestadiums asook vet-Bonsmara-vee aan die koper. Daar is genoeg diere dat die aanbod die vraag bevredig.

Voor die veiling word 'n streng proses gevolg om te verseker dat net die beste Bonsmaras op die veiling beskikbaar gestel word. Alle lede moet topgehalte diere in alle stadiumme van produksie op die veiling aanbied. Alle diere word vooraf deur senior keurders van Bonsmara SA en die lede van Nu-Alcade gekeur ten opsigte van gehalte, funksionele doeltreffendheid en gesondheidsstatus. Biosekuriteit op die plase moet aan alle vereistes voldoen. Die rede vir hierdie streng keuringsproses is dat die groep 'n 30-dae-waarborg bied ná die veilingdatum rakende dragtigheidsstatus en die gesondheidsituasie van die diere. Dit is net nog 'n bewys dat hierdie groep telers vertrouwe het in die gehalte van hulle diere. Die koper koop dus meer as net 'n topgehalte dier; die koper koop gemoedsrus. Die streng keuringsproses van Nu-Alcade verseker dit.

Twee veilinge word gedurende die jaar aangebied. Die eerste vind plaas in Februarie en die tweede aan die einde van September. Vanjaar se veiling sal op 29 September by die Warmbad Veemark plaasvind. Die datums is spesifiek so gekies dat dit saamval met 'n winter- en somer-dekseisoen. Dit maak dit maklik vir die koper om diere in te skakel in die program wat hulle pas.

Lede van Nu-Alcade het 'n passie vir die Bonsmara-beesras, maar die passie is geskoei op feite rakende hierdie grootste beesras in Suid-Afrika: Hierdie ras is vrugbaar, aanpasbaar, beskikbaar oor volhoubare reproduksie en oor 'n goeie temperament en natuurlik gehaltevleis vir die eindverbruiker. Daarom bied hulle tydens die September-veiling, tesame met die diere in alle produksiestadiumme, ook 'n vetvee-veiling aan vir vleis op die tafel van die eindverbruiker.

Die visie van Nu-Alcade is dat kopers met vrymoedigheid diere op die veiling kan kom koop wat 'n positiewe bydrae tot die koper se besigheid sal maak.

Vir meer inligting besoek gerus hul webblad by www.nualcadebonsmaras.co.za of kontak Thinus Maritz by 082 524 8598.



NTK-bemarkers Cornel Jansen van Vuren saam met die dagbestuur van Nu-Alcade: Frik Venter, Thinus Maritz en Colin Saunders. Nu-Alcade ondersteun NTK ten volle met die aankoop van produkte in dieregesondheid en weidingsbehoefes.



For Jordan Feni, NTK made all the difference

Jordan Jerry Feni is a farmer and a businessman. His shops were supporting the farm and the farm was providing for the shops. It was becoming increasingly difficult to maintain the perfect balance between the two – until NTK came into the picture.

Delene Snyman spoke to Jordan Feni about this successful partnership between JJ Koto Farming and NTK

Jordan Feni is a true farmer at heart. His love for farming was passed on from his father who worked as a foreman, overseeing farmworkers in the Roedtan district. Originally from the Eastern Cape, his father found Springbokvlakte the ideal area for farming. He encouraged Jordan to become a farmer and, to honour his memory Jordan is farming under his father's name, hence JJ Koto Farming.

Like all young people, Jordan first went to the city where he worked in Human Resources, but his father got sick and asked him to come to the farm. After conducting a viability study, he bought two tractors and started to farm on a permanent scale. At that stage his father was leasing the land, but in 2006 the white farmer who owned the land, took Jordan to the Landbank himself and got the ball rolling for Jordan to buy the farm. Although Jordan's father has since passed away, he will always remember what he had learned from his father.

Before he bought the farm, Jordan had already owned several shops in close proximity to the farm. With full-scale farming underway, he started to supply his own maize meal to his four shops. It was the logical thing to do and

Jordan Feni

also a good business decision. But it was becoming increasingly difficult to sponsor the farm through the shops. Cash flow problems at the shops meant he did not have the money to plant. Both enterprises were suffering in the long run.

Jordan ensures that everything runs smoothly on the farm because he is always on the farm. He makes sure that he is the first to know about problems. This way he can tend to it and avoid nasty surprises. He is a person that regards knowledge as the most important factor in success. That is why he paid attention to the advice of the farmer he bought the farm from, that is why he appreciates the advice of Levy and that is why he attends training seminars. Knowledge is power. NTK provided the injection Jordan Feni needed to turn his farming activities from average to successful. NTK Credit Manager, Levy Malemela, did not only provide a production loan, he gave hope to Jordan Feni. With NTK as business partner there is a bright future for JJ Koto Farming.



Jordan Feni (right) and some of his farm workers.



His tractors may be old but they are credit-free.

And that is where NTK, through Levy Malemela (Credit Manager), came into the picture. Jordan was already a member of NTK, but he did most of his business with another agricultural company. Levy contacted Jordan and they discussed the problems Jordan had. Levy increased his account limit, arranged production credit and sent Jordan on his way to becoming a commercial farmer, planting maize on 400 hectares of dry land. His yield will be high this year and after milling some of it to sell at his shops he will have enough to service his contract with a local chicken farmer and still deposit some at the NTK Silo. With the help of Levy and thus NTK, Jordan is looking forward to a bright future as commercial farmer.

There are 16 farmworkers employed on fulltime base on the farm. Another 30 to 40 seasonal workers come in during harvest time. Jordan owns his own tractors and implements making life on the farm a lot easier. But infrastructure on a farm doesn't happen overnight. With careful planning, sound budgeting and advice from people more knowledgeable than himself, Jordan is going forward with a plan.

Jordan says people stop and ask him what happened, what brought about the change in his business and on the farm because it is evident that both businesses are moving forward. He can only reply the following: "NTK happened!"

NTK gave the injection he needed to move to the next level of farming. Levy saw the potential and saw that Jordan is a sound businessman. Under his watchful eye and with the good advice from Levy, his account with NTK is carefully managed.



Levy Malemela and Jordan Feni of JJ Koto Farming in his maize field.

Noreen Hancocks is deur Landbouskrywers SA uitgenooi om twee dae op die Allesbeste-plaas in die Tzaneen-distrik deur te bring. Na dese het sy selfs nóg meer respek vir boere wat danksy hul liefde vir die land boer.



Allesbeste gee net die beste

Om te boer is een ding, maar om 'n passie te hê vir wat jy doen en daardie passie uit te leef, is vir seker die dryfkrag agter die sukses van dié avokadopeerboerdery.

Dr. André Ernst het in 1980 die boerdery in Tzaneen betree as derde generasie en vandag boer sy twee seuns, Edrean en Zander, saam met hom.

Dit is vanjaar Allesbeste se 90ste bestaansjaar en met 'n leuse van “kwaliteit danksy passie” het hul boerdery uitgebrei na 'n kwekery, padstal en kommersiële eiendom. Allesbeste Boerdery is in 2016 as Landbouskrywers SA se boer van die jaar aangewys.

258 hektaar is aan avokado's toegestaan terwyl die totale boerderygrootte tans 594 hektaar is. Dié 258 hektaar lewer jaarliks 2 500 ton avokados op, terwyl groot dele steeds jong boorde is wat nie in vol produksie is nie.

Dit is eenvoudig, die Ernst-gesin het die wilskrag om te wil groei. Hulle wil graag met nuwe tegnieke en metodes vorendag kom om die avokadoboerdery te vergemaklik en vir mense te wys hoe belangrik die avo-bedryf is. Juis daarom deel hulle graag hul kennis.

Van begin tot einde

Die kwekery is in 1980 gestig en het eksponensieel uitgebrei. Hulle het tans die kapasiteit om 200 000 klonale avokadobome te produseer. Die voortplantingstegniek wat toegepas word, word mikroklonering genoem. Dit is 'n 12-stap-proses.

1. Die pleegsaad word vir 30 minute teen 50 °C gesteriliseer sodat ontkieming kan begin.

2. Dit word dan in sakkies geplant en in kratte geplaas vir volle ontkieming. Dit is belangrik dat die skerp kant van die avo-pit na bo wys omdat die wortels aan die dik kant groei. Ontkieming vind binne twee weke plaas.
3. Sodra ontkieming geskik is, word die pleegsaad met klonale onderstam geënt. Weeklikse bemesting vind plaas.
4. Sodra die ogies breek, word pleegsaad met die klonale onderstam vir vier weke geëntoleer.
5. 'n Klein snytjie word op die stam gemaak sodat 'n hormoon ingespuut kan word. Twee tot drie plante vorm dan vanaf die pleegsaad.
6. Elkeen van die plante word dan in 'n mikrohouer geplaas, steeds vas aan die onderstam, sodat daar wortelskeiding kan plaasvind.
7. Sodra die wortelstelsel gevorm het, word die plante met die houers vanaf die onderstam geskei.
8. Die kultivar word dan op die onderstam geënt.
9. Die mikrokclone word dan in gereguleerde temperatuur en humiditeit geplaas sodat hulle kan uitloop. Hulle is nou gereed om uitgevoer te word of om uitgeplant te word om volgroeide avo-bome te word.

10. As die mikroklone nie uitgevoer word nie, word hulle in "coco peat" in sewe liter linsakke geplant. Die "coco peat" bevat 'n stadig vrystellende kunsmis, hier is dit kritiek om soutvlakke te monitor om te verhoed dat plante nie brand nie. Die voordeel van "coco peat" is beter groei met sterker wortels teen 'n korter tyd.
11. Die stam word met PVC-akrielverf geverf om die stam teen son te beskerm omdat die stam nie sy eie bas het nie.
12. Hierdie plante is baie sensitief en word slegs deur handbesproeiing besproei.



Die proses vanaf sterilisering van die pleegsaad tot 'n 1 meter hoë avokadoboom neem ongeveer vier maande. Dit is 'n arbeidsintensiewe tegniek, maar die resultate is pragtig.



2 500 ton avokados word per jaar opgelewer terwyl groot dele steeds jong boorde is wat nie in vol produksie is nie.

In die boorde

Die Ernst-gesin probeer om hul eie klonale bome te gebruik sodat beheer regdeur toegepas kan word. Wanneer dit by die plant van die bome kom, probeer hulle nie net die spasiering van 4 m x 2 m handhaaf nie, maar ook 'n hoëdigheidsaanplanting. Die voordeel van hoëdigheidsaanplanting – in dié geval is dit 1 250 bome per hektaar – is 'n hoër opbrengs per hektaar en meer effektiewe bestuur. Die boorde mag dalk langer neem om hul optimale produksie te bereik omdat die bome kragtig gesnoei word, maar die hanteerbare grootte van die bome maak die bespuiting en oes aansienlik makliker.

Een van hul eksperimente is om die bome op riewe te plant. Die doel van die riewe is om 'n groter oppervlakte bogrond te kry en ook beter dreinerings sodat die boom nie gelyk met die grond is nie. Dit laat die wortels toe om beter te groei en meer suurstof te kry. Die riewe kan ook die grondsamesstelling bepaal wat dan vir hulle beter grondeenvormigheid gee. Daar word houtskaafsels oor die riewe gegooi om vogverlies te minimaliseer. Een van die ander voordele is dat dit makliker vir die uitgrawer is om tussen die boorde te beweeg.

Zander se nuwe projek is om die voordeel van preeelverbouing te toets. Die bome se takke groei horisontaal teen 'n 90°-hoek om die boomryvolume te benut en die spasie tussen die bome toe te maak. Sodra die takke 'n 90°-hoek oorskry, word produksie verloor want die vrugte kry nie genoeg sonlig nie.

"Ons sal net aanhou om verskillende dinge te probeer om te sien wat vir ons werk. Ons toets self om antwoorde te kry" sê Zander.



Andre, Edrean en Zander Ernst



Wat veroorsaak dat sommige lammers geel is met geboorte?

Lammers wat met 'n normale geboorteproses gebore word se geboortekleed is kleurloos en deurskynend. Geellammers is meestal 'n teken van geboortestres wat deur verskeie faktore veroorsaak kan word.

Hoe langer die lam voor geboorte in die geboortekanaal vertoef, hoe groter is die kans dat die lam met 'n geel geboortekleed gebore gaan word. Ongebore lammers (fetusse) kry hulle suurstof via die bloed wat van hul moeder deur die naelstring vervoer word. Wanneer die lammers te lank in die geboortekanaal vertoef, vind onvoldoende suurstofuitruiling plaas wat ook kan gebeur indien die naelstring toegedruk word. Wanneer dit gebeur, ervaar die lammers 'n suurstofnood. Sulke lammers word benoud en as gevolg daarvan skei hulle hul ontlasting (mekonium) in die baarmoeder uit wat dan letterlik oor die lammers "spoel" en die lam dan geel verkleur. Die ontlasting se kleur en dus ook die geboortekleed van die lammers kan varieer van geel tot bruinerig of groenerig

van kleur. Hierdie verkleuring van die geboortekleed vind nie net plaas as die bekkenbeen-opening van die ooi te nou is nie of wanneer die lammers in die verkeerde posisie lê tydens geboorte nie, maar dit word meestal deur voeding geïnduseer (veroorzaak).

Geellammers loop 'n hoë risiko om te vrek weens hulle onvermoë om kort ná geboorte op te staan en te suip. Waar geellammers tydens die geboorteproses 'n suurstoftekort ervaar, toon hulle dieselfde tekens as wanneer 'n mens 'n beroerte gehad het. Hulle kan dikwels nie suig of sluk nie, sukkel om kort ná geboorte op te staan en te loop en onder ekstensiewe toestande is hulle die eerste lammers wat vrek weens verhongering, blootstelling en verwaarloosing (word meestal agtergelaat as die ooi gaan water drink of voer vreet).

Net soos mense kan hulle weer herstel, mits hulle aanvanklik eers met 'n maagbuis 'n 20% glukose-oplossing en biesmelk binne die eerste drie ure ná geboorte en daarna elke drie tot vier ure gevoer word totdat hulle herstel het. Navorsing wat deur myself (Coetzee et al., 1990) en my nagraadse studente gedoen is, het getoon dat 'n deurvloeioproteïentekort en/of kalsiumtekort aanleiding gee tot 'n hoë voorkoms van geellammers. Beide 'n deurvloeioproteïen- en 'n kalsiumtekort gee aanleiding tot die stadiger en swakker sametrekking van die baarmoeder wat tot gevolg het dat die lammers te lank in die geboortekanaal vertoef. Deurvloeioproteïen of twel deurvloei-aminosure is belangrike bestanddele van hormone en speel ook 'n belangrike rol by die opname van kalsium en is beide noodsaaklik vir 'n normale geboorteproses.

Die nuutste navorsing toon dat 20% meer deurvloeioproteïen

Hoe langer die lam voor geboorte in die geboortekanaal vertoef, hoe groter is die kans dat die lam met 'n geel geboortekleed gebore gaan word.



gedurende laatdragtigheid as die huidige riglyne gevoer moet word (Vipond et al., 2009). Die nuutste aanbeveling is om ooië daaglik minstens 100 g van 'n hoë gehalte deurvloei proteïenbron per fetus in laatdragtigheid en minstens 200 g per lam in vroeë laktasie te voer (Macrae, 2013).

In die geval van 'n kalsiumtekort kan dit aanleiding gee tot kliniese (akute) of subkliniese melkkoors kort voor, tydens en kort ná lam. Twee oorsaaklike faktore is nodig voordat melkkoors kan ontwikkel, naamlik (i) 'n hoë behoefte (aanvraag) vir kalsium en (ii) lae kalsiuminname oor 'n periode van weke of selfs maande.

Die belangrikste bydraende faktore wat tot melkkoors by lammerooie aanleiding kan gee, is 'n deurvloei proteïentekort gedurende laatdragtigheid; enige skielike voedingsverandering veral korter as drie weke voordat die ooië lam; die voer van slegs grane veral as daar 'n tekort aan ruvoer is; diarree veral waar sappige weidings met 'n hoë voginhoud beweë word; beweëding van plante ryk aan oksalate; kort periodes sonder voer of water; enige oormatige spanning (bv. weens langafstandvervoer of aanjaag, skeer en dip korter as vier weke voor lam); te hoë kaliuminname (bv. aangeplante weiding en lusernhoëi); te



hoë kalsiuminname; 'n magnesiumtekort; te hoë inname van natrium (sout) en sekere buffers; ensovoorts.

Melkkoors gee aanleiding tot 'n toestand bekend as baarmoedertraagheid (uterus-inersie). Hierdie toestand is ook bekend as geboorteverlamming en gee aanleiding tot geboorteprobleme en soms staking van die geboorteproses

wat dan tot geellammers aanleiding gee.

Geboorteverlamming en baarmoedertraagheid as gevolg van melkkoors gee onder andere aanleiding tot geboorteprobleme (distokie) weens spierswakheid wat normale geboorte en onvolledige ontsluiting van die serviks (baarmoedermond) verhoed (Curtis et al., 1983). Dit blyk dat organe wat normaalweg betekenisvolle gladde spierfunksie het (bv. uterus, rumen en abomasum) deur 'n kalsiumtekort (hipokalsemie) aangetas word en in eersgenoemde geval kan dit tot geboorteprobleme aanleiding gee.

Die voer van anioonsoute aan laatdragtige ooië veroorsaak 'n verbeterde kalsiumresorpsie uit die skelet asook kalsiumabsorpsie uit die spysverteringskanaal wat tot hoë bloedkalsiumvlakke aanleiding gee. Hierdie is 'n relatief nuwe konsep in lammerooivoeding vir die beperking en selfs voorkoming van kliniese en subkliniese melkkoors. Dit het 'n matige metaboliese asidose tot gevolg wat kalsiumonttrekking uit die beenstruktuur verhoog en kalsiumabsorpsie vanuit die spysverteringskanaal verbeter (Goff et al., 1991; Horst et al., 1997).

Die ekstra kalsium wat as gevolg van hierdie twee prosesse vir die ooi beskikbaar kom, sal grootliks voorkom dat lammerooie melkkoors met lam ontwikkel en dus geboorte skenk aan geellammers. Hierdie anioonsoute kan via 'n deurvloei proteïengebaseerde "Opstoomlek of 'n volledige Opstoomlammerooiantsoen" gevoer word (resepte is op aanvraag beskikbaar). "Opstoomlekke en -rantsoene" vergemaklik en versnel die geboorteproses, bevorder uier-ontwikkeling en biesproduksie en is 'n belegging vir die volgende laktasie omdat dit melkkoors verminder, melkproduksie verhoog en reproduksieprestasie verbeter (Byers, 1994).


Deur die nuutste en mees gevorderde skaapvoedingstegnologie plaaslik te gebruik om "opstoomlekke en -rantsoene" te formuleer wat op benutbare essensiële aminosure gebaseer is, rapporteer skaapproducente dat die voorkoms van subkliniese melkkoors, domsiekte, geboorteverwante steurnisse (bv. geboorteprobleme en geellammers) en gesondheidsprobleme feitlik verdwyn het. Waar hierdie "opstoomlekke en -rantsoene" vanaf ses weke voor lam aan laatdragtige ooië gevoer is, het dit uitstekende uierontwikkeling met gevolglike baie hoë bies- en melkproduksie tot gevolg asook verhoogde lamgroeitempo, minder lamvrektes, minder blou-uiergevalle, beter kondisie van die ooië ná lam en 'n hoër daaropvolgende lampersentasie.

Die voorkoms van subkliniese melkkoors in lammerooie is baie meer algemeen as wat besef word. Dit is verder ook nie algemeen bekend nie dat domsiekte, wat ons dikwels in die praktyk waarneem, dikwels deur subkliniese melkkoors geïnduseer (veroorzaak) word. Baie domsiektegevalle kan dus verhoed word indien subkliniese melkkoors in lammerooie voorkom word. Indien 'n hoë voorkoms van melkkoors of verwante steurnisse (bv. geellammers) voorkom, moet die voedings- en bestuurspraktyke gedurende laatdragtigheid en vroeë laktasie hersien word en die nodige aanpassings gemaak word.

Deur laatdragtige ooië in groepe met dieselfde voedingsbehoefte op grond van die aantal fetusse en verwagte lamdatum te verdeel (Hosie et al., 1991) en hulle dan te voer volgens hulle spesifieke behoeftes (differensiële of presisievoeding) deur die voorsiening van die korrekte "opstoomlek of lammerooiantsoen" kan metaboliese siektes soos melkkoors en domsiekte en dus ook geellammers feitlik heeltemal voorkom word.

Hierdie artikel het verskyn op www.landbou.com en is geskryf deur Jasper Coetzee, Kleinveespesialis

Voorkoming beter as genesing met domsiekte



Wanneer domsiektegevalle in 'n kudde voorkom, is dit die eerste waarskuwing dat iets radikaal met die voeding en/of bestuur van die kudde as geheel verkeerd is (Henderson, 1990). Die risiko vir domsiekte verhoog dramaties indien vet ooie met meerlingfetusse skielik 'n energietekort, weens verskeie redes, ervaar. Wanneer domsiektegevalle in 'n kudde voorkom, word groot produksieverliese (d.i. lamvrektes en swak groei) by die res van die ooie, wat geen uiterlike simptome van domsiekte toon nie, gely.

Inleiding

Domsiekte het ook 'n hele aantal Engelse benaminge nl. *pregnancy toxaemia, pregnancy disease, lambing paralysis, twin lamb disease, ketosis, lambing sickness, ovine pregnancy ketosis* en *acetonaemia*.

Domsiekte kan verwar word met siektes soos melkkoors, blaaswurms op die brein (draaisiekte), breinabsesse en middelloorontsteking.

'n Metaboliese steurnis of siekte is 'n versteuring van die metabolietbalans van die liggaam. Dit geskied hoofsaaklik weens 'n wanbalans tussen die voorsiening- en aanvraagtempo's van metaboliete. Metaboliese siektes (bv. domsiekte, melkkoors, magnesiumtetanie, Vitamien B1-tekort, kopertekort, ensovoorts) is ook algemeen bekend as produksiesiektes en word dikwels deur produsente veroorsaak omdat dit die gevolg is van 'n kombinasie van spanning van hoë produksie en die voorsiening van verkeerde byvoeding of lekke. Moderne bestuurspraktyke wat gemik is op maksimum produksie is geneig om hierdie gekombineerde spanning te verhoog sodat metaboliese siektes al meer voorkom. Dit is ook van ekonomiese belang omdat dit produksieverliese en vrektes veroorsaak. Hierdie artikel gee 'n oorsig oor domsiekte wat soms op sekere plase groot verliese kan veroorsaak.

Oorsake van domsiekte

Die primêre oorsaak van domsiekte (ook bekend as tweelinglamersiekte) word allerweë as 'n tekort aan energie-inname aanvaar. Wanneer 'n skaap 'n energietekort ervaar, daal sy bloedglukosevlak, wat dan aanleiding gee tot die afbreek van liggaamsvet om energie te verskaf. Vir hierdie metaboliese proses waartydens liggaamsvet afgebreek word, is bloed-glukose (bloedsuiker) nodig. Indien daar reeds 'n tekort aan bloedglukose is, word die liggaamsvette nie ten volle tot energie afgebreek nie en word 'n afbouprodukt (asetiel-koënsiem A), wat tydens die afbreekproses gevorm word, omgesit na ketone (asetone) wat dan in die bloed ophoop. Die lae bloedglukosevlak tesame met die ophoping van ketone in die bloed gee aanleiding tot 'n kliniese toestand wat algemeen bekend is as domsiekte. 'n Sekondêre gevolg van die siekte is lewerbeskadiging en aantasting van die senuweestelsel. Tensy hierdie siekte betyds en ten volle behandel word, is dit gewoonlik fataal.

Voorkoms van domsiekte

Domsiekte kom in alle streke van Suid-Afrika voor en alle rasse word aangetas. Groot verliese weens domsiekte het al veral in die Karoo en die Vrystaat voorgekom. In een seisoen het net in die Rûensgebied van Caledon 7 000 ooie aan domsiekte gevrek.

Hoewel skape van beide geslagte en van enige ouderdom en kondisie die siekte kan kry, kom dit hoofsaaklik by vet ooie gedurende die laaste maand van dragtigheid voor. Die siekte kom meer dikwels by oorvet ooie met meerlingfetusse voor. In bepaalde omstandighede, soos skielike uithongering, kan die siekte by oorvet hamels en droë ooie voorkom. Tydens 'n uitbraak van domsiekte kan tot 20 % van die ooie in 'n kudde domsiektesimptome toon. Dit kom gewoonlik voor wanneer swaardragtige, oorvetoioie:

- te min voer of weiding, alhoewel van 'n goeie gehalte, ontvang;
- te min voer of weiding inneem as gevolg van die lywigheid van die voer of weiding (bv. kuilvoer, droë gras, ongemaalde strooi of hooi) of weens 'n baie hoë voghoud (bv. groenvoer en kuilvoer);
- voer of weiding met 'n te lae voedingswaarde (bv. strooi, droë gras en bossies) inneem;
- se opname van voedingstowwe uit die dermkanal belemmer word deur spysvertering-steurnisse (bv. suurpens as gevolg van te hoë graan- of kragvoerinnam) en



Dieregesondheid

- verhinder word om genoeg te vreet as gevolg van geen of 'n tekort aan
- voldoende goeie gehalte drinkwater, skielike koue en/of reën, dosering, skeer, dip, langafstandvervoer of aanjaag, vrotpootjie, onoordeelkundige voermetodes of skielike verandering van weiding;
- inwendige parasiete die eetlus van die dier onderdruk;
- te ver na suipings moet loop.

Domsiekte kan ook by ooie met baie groot enkelingfetusse voorkom omdat, net soos by ooie met meerlingfetusse, die ooie se grootpens se kapasiteit verklein word deur die groot ruimte wat die baarmoeder in hierdie gevalle in die buikholte inneem. As gevolg hiervan kan dit gebeur dat ooie in hierdie omstandighede nie genoeg weiding of voer kan inneem om aan hulle energiebehoefte te voldoen nie, wat dan tot domsiekte aanleiding gee. Dit is belangrik om daarop te let dat as daar gevalle van domsiekte in 'n kudde voorkom, die res van die ooie, alhoewel hulle geen uiterlike simptome toon nie, ook nadelig geaffekteer word. By hierdie ooie word die groei van die ongebore lammers asook die uierontwikkeling vertraag met 'n hoër persentasie lamvrektes, veral by tweelinge, terwyl hulle lammers ook stadiger groei omdat hierdie ooie se gesondheid en melkproduksie benadeel word.

Kliniese tekens

Die kliniese tekens van skape wat aan domsiekte ly, is inderdaad dat hulle dom optree. Hulle loop in voorwerpe vas, hulle oë is dof en dit kom voor asof hulle nie voorwerpe

kan sien of onderskei nie.

Aangetasde diere bly gewoonlik agter in die trop as die trop beweeg of trek. In die vroeë stadium van die siekte dwaal hulle dikwels van die trop af en staan eenkant. Die kop word soms in 'n onnatuurlike posisie gehou – laag of hoog of na die een kant toe. As daar 'n voorwerp, soos 'n heining of paal in hulle pad kom, leun hulle met hulle kop daarteen. Wanneer 'n persoon of hond nader kom, probeer hulle nie weghardloop nie.

Verder kan 'n algehele lusteloosheid en 'n afname in aptyt waargeneem word. Die bewegings van aangetasde diere raak ongekoördineerd, hulle loop rukkerig en tel hulle pote hoog op en draai in die rondte. In 'n latere stadium kan hulle onwillig wees om te staan.

Aangesien die meeste aangetasde diere ophou vreet, gaan hulle vinnig agteruit. As hulle gaan lê, kners hulle op hulle tande, lê dikwels doodstil op hulle bors, raak lomerig en raak later bewusteloos en vrek dan. Voordat die dood intree, kan uiterlike tekens soos 'n versnelde asemhaling en 'n neus wat loop, waargeneem word. In baie gevalle het die asem 'n besondere soet reuk van asetoon (ruik soos naellakverwyderaar). Die reuk kan ook in die uriene waargeneem word of deur die dier se mond oop te maak. Soms loop van die pensinhoud by die neus uit. Sommige ooie mag aborteer tydens die verloop van die siekte.

Skape wat domsiekte het, vrek soms binne 'n paar uur, maar leef selde langer as 'n paar dae nadat hulle siek geword het. Indien aangetasde ooie nie betyds in 'n vroeë stadium behandel word nie, kan 80 tot 90 % van hulle vrek.



Die mees kenmerkende simptome by 'n nadoodse ondersoek is 'n effe vergrote, grys-wit of geelbruin tot geel, bros en vetterige lewer. Die grootpens en dermkanaal is in die meeste gevalle besonder leeg, maar in sekere akute gevalle kan die pens egter vol wees. Dikwels word wit, kalkagtige letsels (spikkels) in die vetaansamelings in die buikholte gevind. Die bloed is dikwels vetterig en dit lyk of vet op die bloed drywe. Die siekte kan bevestig word deur die bepaling van ketone in vars urine of gepreserveerde bloed.

Behandeling

In gevorderde gevalle van domsiekte waar die ooi reeds "blind" is of lê, is die behandeling meestal nie suksesvol nie. Dit is noodsaaklik dat die behandeling gedurende die vroeë stadium van die siekte doeltreffend moet wees. As die behandeling vertraag word, kan die brein, lewer en niere ernstig en onomkeerbaar beskadig word, wat herstel onmoontlik maak. Indien gevalle van domsiekte voorkom, kan die volgende behandelings toegepas word:

- 'n 100 ml binnearse inspuiting met 'n 40%-glukose oplossing – herhaal 'n paar maal
- 60 – 80 ml kalsiumboroglukonaat kan ook onderhuids ingespuit word. (As die ooi melkkoors gehad het, behoort sy binne 'n uur te herstel.)
- Doseer 200 ml gliserol of 100 ml propyleenglikol twee maal per dag.
- 'n Inspuiting van vitamien B1 mag help om die metabolisme van glukose aan te help.
- Doseer 'n halwe tot een koppie suiker of melasse opgelos in twee tot drie koppies water.

As die skaap eers weer vreet, is die gevaar verby, maar as sy weier om te vreet, kan 'n aanmaning van die siekte weer voorkom. In die geval van waardevolle stoetooie kan 'n keisersnee of aborsie dikwels die lewe van die ooi red en soms, in 'n gevorderde stadium van dragtigheid, ook dié van die lammers.

Swaardragtige ooi wat domsiekte oorleef, aborteer dikwels.

Voorkoming

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat die oplossing vir domsiekte voorkoming is en nie behandeling nie. Aangesien domsiekte hoofsaaklik aan voeding- en bestuursprobleme toegeskryf kan word, berus voorkoming op deeglike voedingsbestuur.

Die eerste stap is om te verhoed dat ooi gedurende die eerste drie maande van dragtigheid oorvet word. Om dit te bewerkstellig, moet die ooi gedurende hierdie tydperk 'n onderhoudvoedingspeil ontvang.

'n Meer praktiese benadering is egter om voorsiening te maak vir die verhoogde voedingsbehoefte van die ooi gedurende die laaste vier tot ses weke van dragtigheid. Die omvang van die verhoogde voedingsbehoefte word miskien nie altyd beseef nie.

Die NRC (1985) se gesaghebbende handboek oor voedingsbehoefte van skape toon dat laatdragtige



oosie 60% meer voer, 71% meer energie en 84% meer proteïene gedurende die laaste vier weke van dragtigheid moet kry as vir onderhoud. Weens die aansienlik hoër voedingsbehoefte van laatdragtige oosie met meerlingfetusse is dit van kardinale belang dat hulle apart van dié met enkelingfetusse aangehou en bestuur word.

Hierdie hoër voedingsbehoefte gedurende laatdragtigheid mag die oosie se rumenkapasiteit oortref, tensy graan as deel van die oosie se rantsoen gegee word. Dit gebeur veral wanneer lywige en/of voer met 'n lae voedingswaarde (bv. graanstoppellande, strooi, kuilvoer, veldgras, ensovoorts) gevoer of beweï word omdat hulle nie genoeg weiding kan inneem om in hulle voedingsbehoefte te voldoen nie. Domsiekte kan ook voorkom indien die beskikbare weiding gedurende die laaste paar weke voor lam baie skaars is.

Grane en melasse is baie doeltreffend in die voorsiening van die verhoogde energiebehoefte. Melasse is veral 'n waardevolle energiebron omdat dit ketogenies is aangesien dit maklik beskikbare koolhidrate verskaf wat in die dier se liggaam na glukose omgesit word. Melasse werk ook die verlamming van die grootpens en die vaspakking van sy inhoud teen.

Deurvloei proteïene verskaf noodsaaklike aminosure aan die dier terwyl dit die eetlus van die dier stimuleer. Wanneer die dier 'n energietekort ervaar, kan van hierdie aminosure in die dier se liggaam na glukose omgesit word.

Weens die hoë proteïene- en veral die deurvloei proteïenebehoefte van laatdragtige oosie is 'n Maxiwollemengsel [250 kg Voermol Maxiwolkonsentraat (V4985) + 200 kg gemaalde mielies of heel kleingraan + 50 kg sout] uiters geskik omdat dit 'n baie hoë vlak van melasse, grane en deurvloei proteïene bevat. Dit is baie belangrik om betyds te begin voer, aanvanklik 'n laer peil te voer en dan geleidelik te vermeerder soos die voedingsbehoefte toeneem.

In die geval van oosie met enkelingfetusse word begin met 250 g/oosie/dag vier weke voor lam en dan elke week totdat die oosie begin lam met 50 g/oosie verhoog. In die geval van oosie met meerlingfetusse word dieselfde voedingspatroon gevolg, behalwe dat daar reeds ses weke voor lam begin word sodat die voedingspeil 500 g/oosie/dag met lam is.

As alternatief vir die Maxiwollemengsel kan ook Voermol Maxiwol-produksiekorrels (V15415); Voermol Maxiwol Readymix (V7815) of Voermol Maxiblok (V17424) met groot welslae gebruik word.

Indien daar 'n tekort aan ruvoer is, moet dit ook addisioneel aangevul word of 'n volledige rantsoen kan verskaf word. 'n Volledige rantsoen (maksimum 2,5 kg/oosie/dag) kan óf in korrelvorm [400 kg lusern + 400 kg gemaalde mielies +

150 kg Maxiwolkonsentraat + 50 kg Voermol Procon 33 (V12701)] óf in gemaalde vorm [375 kg gemaalde lusern (20 – 25 mm partikellengte) + 350 kg gemaalde mielies + 150 kg Maxiwolkonsentraat + 50 kg Voermol Procon 33 + 80 kg Voermol Melassemeel (V1995)] saamgestel word.

Alternatiewe resepte met ander grondstowwe is op aanvraag beskikbaar.

'n Drastiese verandering in voer- of weidinginname kan domsiekte veroorsaak. Daar moet ook gewaak word teen te sappige groenweiding, oormatige hoeveelhede droë voer of weiding asook te min ruvoer en drinkwater. Dit is belangrik om toe te sien dat al die laatdragtige oosie voldoende lek inneem om domsiekte te voorkom terwyl skoon, koel en smaaklike drinkwater te alle tye beskikbaar moet wees. Om dit te bewerkstellig, moet daar voldoende lekbak-vreetspasie (nie meer as 25 oosie per lekbak nie) wees. In hierdie opsig werk Maxiwol-produksiekorrels uitstekend omdat dit oor 'n lang afstand op harde oppervlakke gevoer kan word sodat alle oosie gelyktydig kan vreet en sodoende verseker dat elke oosie haar deel kry. Voermol Maxiwolblokke werk ook uitstekend indien maksimum 20 oosie per blok toegelaat word.

Samevatting

Vermydning is die enigste oordeelkundige manier om domsiekte te benader.

Voorkoming begin deur te verseker dat oosie in 'n uitstekende kondisie (3.5 kondisiepunt) met paring is, en dat hulle verkieslik geen, maar definitief nie meer as 0.5 kondisiepunt gedurende dragtigheid verloor nie. Gedurende laatdragtigheid moet oosie met enkelingfetusse ongeveer 10% en dié met meerlingfetusse 15 tot 20% in massa toeneem. Indien dit nie op die beskikbare weiding moontlik is nie, moet een van Voermol se Maxiwollette aan die oosie gevoer word om domsiekte te voorkom asook om geboortemassa, uierontwikkeling, biesproduksie, vloeibaarheid van die bies, melkproduksie, moedereienskappe, lamoorlewing, vroeë lamgroei, wolproduksie en -kwaliteit te verbeter.

Waak daarteen dat dragtige oosie oorvet (meer as 4 kondisiepunt) word; weiding en lekaanvulling moet tred hou met die stygende voedingsbehoefte van die laatdragtige oosie; lang periodes sonder kos moet verhoed word; voorkom spysverteringsteurnisse (bv. suurpens) of enige ander ontwrigting wat veroorsaak dat oosie tydelik ophou vreet, soos verlamming van die grootpens as gevolg van inname van gifplante; voorsien skuiling ná skeer of teen uiterste klimaatstoestand; moenie laatdragtige oosie onnodig aanjaag of oormatig hanteer nie.

Die belangrikheid van vitamien A-aanvulling op droë weiding kan nie oorbeklemtoon word nie omdat dit eetlus stimuleer.

Addisionele bron:

De Wet, J en Bath, G 1994 Kleinveesiektes, Tafelberg Uitgewers. ISBN 0 624 03203

Hierdie artikel is gepubliseer op www.landbou.com en is geskryf deur dr. Jasper Coetzee, Tegnieuse direkteur, Voermol Voere.




GRAIN FIELD
CHICKENS

Grain Field Chickens
Every Day of the Week!



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



GRAIN FIELD CHICKENS

BAKED CURRIED CHICKEN AND MANGO SERVED WITH QUINOA

45ml olive oil
2 onions, coarsely chopped
30ml mild curry powder
1 x 420g tin sliced mango, drained
10ml chicken stock cube, crumbled
2 large tomatoes, chopped
250ml fresh cream
Salt and freshly ground black pepper
5 pieces **Grain Field Chickens, Mixed Portions**
500ml chicken stock
250ml quinoa, cooked
60ml fresh coriander, chopped
15ml flaked almonds, toasted

Preheat the oven to 180°C. Heat the oil in a frying pan and sauté the onions for about 2 minutes. Add the curry powder, mango, stock, tomato and fresh cream. Season and bring to the boil.

Place the chicken pieces in baking dish and pour the the mango mixture over, cover and bake for about 45 minutes. Uncover and continue to cook until the chicken pieces are cooked through, for a further 15 minutes.

For the quinoa, bring the stock to a boil and cook the quinoa for about 20 minutes, season and the drain.

Serve the chicken garnished with the coriander, almonds and quinoa, while still hot.



**For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za**



GRAIN FIELD CHICKENS

POT ROASTED CIDER VINEGAR CHICKEN AND CREAMY ONIONS AND SPINACH

1 x **Grain Field Chickens** Whole Bird
125ml dry cider
3 large onions, sliced
45ml fresh thyme leaves
Salt and freshly ground black pepper
150ml thick fresh cream
300g baby spinach

Preheat the oven to 180°C. Rinse the chicken and pat dry. Tie the legs together with kitchen string tucking the wings under.

Place the chicken in a deep casserole, breast side up and pour over the cider. Place the onions and thyme all around the chicken. Season well, cover and roast for about 45 minutes.

Uncover the chicken and continue to roast until golden, for a further 30 minutes. Remove the chicken and keep warm.

Pour any pan juices into a small frying pan and over low heat add the cream and stir to heat through. Don't over heat the cream or it might split. Mix in the spinach, cover and cook for about 2 minutes until the spinach has wilted. Season.

Serve the chicken with the onions and spinach.



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



GRAIN FIELD CHICKENS

GRILLED HONEY MUSTARD LEG QUARTERS SERVED WITH PILAFF RICE

200g basmati rice
60ml olive oil
1 large onion, finely chopped
2 garlic cloves, finely chopped
15ml ginger, finely chopped
1 cinnamon stick
1 star anise
1 litre chicken stock
10ml turmeric
Pinch of ground cloves
5ml garam masala
125ml raisins
125ml peas
2 hardboiled eggs, quartered
60ml cashew nuts

Grain Field Chickens Honey & Mustard Leg Quarters

Wash the rice in cold water until the water is clear.

Heat the oil in a large frying pan and over medium heat sauté the onions and garlic. Add the ginger, cinnamon stick and star anise. Cook for about a minute add the rice and cook stirring for 5 minutes.

Bring the stock to the boil together with the turmeric, cloves, garam masala and raisins and pour over the rice. Stir to combine then reduce the heat, cover and cook until the rice is tender, for about 20 minutes.

Add the peas and stir with a fork. Cover and set aside, fluff the rice with a fork and transfer to a serving bowl and keep warm.

Heat a griddle pan to hot and grill the chicken until cooked and crispy. Serve together with the rice topped with the eggs and nuts.



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



GRAIN FIELD CHICKENS

POT STEW PERI PERI CHICKEN QUARTERS SERVED WITH ROASTED MIXED VEGETABLES

4 large carrots, halved lengthwise and sliced
4 large potatoes, quartered
3 green peppers, halved, seeded and
chopped
4 garlic cloves, finely chopped
15ml ground paprika
15ml ground thyme
5ml ground oregano
125ml olive oil

Grain Field Chickens Portuguese Peri Peri
Leg Quarters

2 large onions, quartered
125ml white wine
125ml chicken stock

Preheat the oven to 180°C.

Place the vegetables into a roasting tray
lined with baking paper and toss through the
spices and 60ml (¼ cup) of the olive oil. Roast
until the vegetables are cooked and crispy.

Put the chicken into a pot together with
the onions and pour in the wine, stock and
remaining olive oil. Cover and over
medium heat cook until the chicken is
cooked through, for about 1 hour.

Serve the chicken with the vegetables.



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



**GRAIN FIELD
CHICKENS**

**APRICOTS & SPRING ONION STICKY
CHICKEN DRUMSTICKS**

12 pieces **Grain Field Chickens** Drumsticks
30ml fresh ginger, crushed
30ml olive oil
Salt and freshly ground black pepper
1 x 410g tin apricot halves, reserve syrup
4 spring onions, trimmed
Salt and pepper to taste

Preheat the oven to 180°C.

On a baking tray drizzle the chicken drumsticks with the ginger and olive oil and season with salt and pepper.

Pour the apricot syrup over the drumsticks and roast for about 20 – 30 minutes.

Add the apricots and spring onions and continue to roast for a further 5 minutes.

Serve while hot



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



GRAIN FIELD CHICKENS

BARBEQUE CHICKEN SPATCHCOCK IN A CHILLI, ONION AND POTATO SAUCE

60ml sunflower oil
4 potatoes, sliced
4 tomatoes, chopped
2 onions, quartered
2 chillies, seeded and chopped
6 cloves garlic, chopped
15ml tomato paste
Juice of 1 lemon
190ml hot water
10ml fresh thyme
5ml ground cumin
Salt and freshly ground black pepper

Grain Field Chickens Barbeque Spatchcock
1 bunch spring onions, chopped for garnish

Heat the oil in a large frying pan and fry the potatoes until just tender. Toss in the tomatoes, onions, chillies and garlic.

In a separate bowl, combine the tomato paste, lemon juice, hot water, spices and season.

Pour the tomato paste mixture over the potatoes and cook covered until the tomatoes and potatoes are completely tender, about 15 minutes. You can add extra hot water if you think it is necessary.

Heat a griller to hot and grill the chicken until cooked. Serve hot with the potato and spring onions.



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



GRAIN FIELD CHICKENS

ROAST CHICKEN SERVED WITH ROAST POTATOES

1 x **Grain Field Chickens** Whole Bird
Salt and black pepper, to taste
45ml butter
Juice of 2 lemons
45ml fresh rosemary leaves
4 garlic cloves, roughly chopped
45ml olive oil

Preheat the oven to 180°C. Wash and dry the chicken well and season.

In a bowl mix the butter, lemon juice and olive oil. Put the chicken into a roasting tray and with your hands rub the butter mixture all over the chicken as well as under the skin. Spread with the rosemary and garlic and drizzle with the oil.

Roast the chicken until cooked and golden, for about 40 – 50 minutes, baste once with the pan juices about halfway through cooking time.

Remove and cover with foil to rest for 10 minutes before carving and serve with roast potatoes and a green salad.



For any queries please contact our
Customer Care Line: 087 940 5100 or visit www.grainfieldchickens.co.za



POLTEK®

LEADERS IN PLASTIC POULTRY TECHNOLOGY

Over 45 years of experience in the manufacturing of moulded plastic products

Custom Moulders® has been producing POLTEK® for the poultry industry for over 30 years. They have become the biggest producer of plastic poultry products in Africa, the products are trusted by farmers all over the continent.

The POLTEK® range of products is constantly being adapted to suit the farmer's ever-changing needs. This is achieved with regular discussions with farmers and, by using their feedback and advice, the result is products that are made to function like the farmer wants and needs them to - ensuring the farmer achieves the production levels he expects. This means that, when purchasing a POLTEK® product, you purchase a product made in a high-tech factory improved by direct input from the farmer.



CMLCC20 Space saver live bird crate

- Easily stackable
- Top load capacity of 420kg
- Unique diamond profile between stacked crates allows improved airflow



CM807R Oval hole feeder

- Designed to minimise spillage
- Modular system for easy assembly
- 4 Feed savers per 100 chicks



CM400 Automatic econo drinker

- Non-ballast drinker
- Hanging attachments included:
3m flexible PVC hose, clamp saddle with shut off valve

prodist
demand-supply-trust

For more information,
visit www.prodlist.co.za

Steeds 'n markwenner met sy uitstekende aanpasbaarheid en gehalte.

Die verbouing van *Kopkool* en die markvooruitsig

Kopkool aard die beste in 'n koel, vogtige klimaat, dit is redelik bestand teen ryp en kan minimumtemperatuur van so laag as -3°C weerstaan, mits daar nie vinnige verskille tussen die dag- en nagtemperatuur voorkom nie. Kool kan egter deesdae regdeur die jaar geplant word, maar die produsent se keuse van die regte variëteit vir die tyd van die jaar waarin die kool aangeplant word, is baie belangrik. Kool wat ontwikkel is vir hoë temperatuur sal, indien dit in die winter aangeplant word, swak ontwikkel en maklik saadskied. Die teenoorgestelde is ook waar: koelweervariëteite sal in die hitte klein, swak ontwikkelde koppe vorm (met 'n lae siekteweerstand) en geneig wees om spruite en/of los koppe te ontwikkel.

Saailinge

Dit is vandag algemene praktyk om kopkoolsaailinge vanaf 'n kwekery te bekom. Dit is baie belangrik dat die plantjies nie ouer as ongeveer vyf weke word nie. Saailinge wat te oud in die saailaaië geword het, is geneig om bekwaam te raak en dit ontwikkel baie stadig. Insektebeheer op die saailinge is baie belangrik. Saailinge se groeipunte word dikwels deur insekte beskadig en sulke plante ontwikkel in hartlose plante wat geen koppe vorm nie. Koolprodusente streef na 'n eenvormige oes. Om dit te bereik moet plantjies wat baie swak is of ander abnormaliteite toon, nie geplant word nie.

Die keuse van die regte variëteit

Conquistador bly steeds een van die mees aangeplante variëteite weens die aanpasbaarheid en eenvormigheid van hierdie variëteit. Hoewel Conquistador eintlik 'n koelweervariëteit is wat op sy beste presteer in die herfs en vroeë winter, en deur die winter in rypvrye gebiede, word dit in gebiede met 'n matige somer regdeur die jaar verbou.

Die gevaar bestaan altyd dat indien 'n hittegolf in die somer voorkom, 'n sekere persentasie van die aanplanting klein koppe sal vorm en selfs spruite mag ontwikkel. Conquistador is steeds die leivariëteit en niks in ons proewe kon hierdie variëteit klop as dit by aanpasbaarheid, opbrengs en eenvormigheid kom nie.




Vir meer besonderhede oor Sakata se produkkreeks gesels met u naaste Sakata-verteenwoordiger of besoek die webwerf by

www.sakata.co.za.

AFWYSENDE KLOUSULE: Hierdie inligting is op ons waarnemings en/of inligting vanaf ander bronne gebaseer. Aangesien gewasprestasie van die interaksie tussen die genetiese potensiaal van die saad, die fisiologiese eienskappe daarvan en die omgewing, bestuurspraktyke ingesluit, afhang, gee ons geen waarborg – uitdruklik of deur implikasie – vir die prestasie van gewasse relatief tot die inligting gegee nie. Ook aanvaar ons geen aanspreeklikheid vir enige verlies, direk of as gevolg daarvan, wat te wyte aan enige oorsaak ook al mag ontstaan nie. Lees eers asseblief Sakata Seed Southern Africa (Edms.) Bpk. se verkoopvoorwaardes voordat saad bestel word.



CONQUISTADOR

-  Uitstekende eenvormigheid
-  Wyd aanpasbaar met goeie houvermoë
-  Goeie koue en hitte toleransie



Optima



Conquistador



SAKATA

PASSION in Seed

MayFord

Tel: 011 548 2800
www.sakata.co.za
e-pos: info.saf@sakata.eu

QUALITY

RELIABILITY

SERVICE

nu-pro
VOERE

PROMOSIE
Skole/Boereverenigings
R30/Ton skenking



NEEM DEEL AAN HIERDIE 6 MAANDE PROMOSIE EN
SAMEL FONDSE IN VIR DIE SKOOL/BOEREVERENIGING
VAN JOU KEUSE.

Geldig 1 April 2017 - 30 September 2017

PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:

- Alle Nu-Pro Skaap Produkte.
- Alle Nu-Pro Vleisbees produkte.
- Alle Nu-Pro Winterleкке.

Termes en Voorwaardes:

Sien www.nupro.co.za onder Promosies vir terme en voorwaardes.

AANDAG!!

Skole & Boereverenigings

Neem deel aan:

Nu-Pro Winter Promosie vanaf 1 April tot 30 September 2017.

U Skool se Beheerliggaam of Boerevereniging

U TEGNIESE BEMARKERS IS AS VOLG:

Alle Handelstakke Noord van Bethlehem: Pierre Haasbroek (Msc Agric Diervoeding)
060 975 7847 • pierre.haasbroek@nupro.co.za

Alle handelstakke Oos van Bethlehem en KZN: George Delport (Bsc Hon Diervoeding)
073 255 0350 • georged@nupro.co.za

Alle Handelstakke Wes, Suid van Bethlehem: CM Kotzé (Bsc Agric Hon)
082 553 7189 • cmkotze@nupro.co.za

Besoek ons webtuiste ook vir produk inligting by www.nupro.co.za

PRODUKTE OP SPESIALE AANBOD:

SKAPE

- NP Lam Kruip Korrels.
- NP Lam Hokkie Korrels.
- NP Skaap Aanvangs Korrels.
- NP Skaap Afrond Korrels.
 - NP Stoetram Korrels.
- Konsentrate en ander Klante mengsels op aanvraag beskikbaar.

BEESTE & SKAPE

- 1 Stop Vetmes Konsentraat (Beefmax 40).
 - NP Winterlek 45.
- NP Grainlick 450 (op gestroopte lande).
 - NP Produksie Lek 28.
 - NP Hefgrow 17 (Back Rounding).
- Konsentrate en ander Klante mengsels op aanvraag beskikbaar.

Opsie bestaan om mielies by u naaste Safex Silo te lewer vir ons mielie omruilskema van mielies in u produk en alle koste na lewering is vir Nu-Pro se rekening. Kontak ons hieroor.

nu-pro
VOERE

www.nuprovoere.co.za • 058 303 9587/9



Hoe diep moet kalk in grond bewerk word?

deur dr. J.E. Hoffman en mnr. V. van den Berg. Grondkunde, Universiteit van Stellenbosch

Bekalking van gronde is noodsaaklik om effektiewe opname van plantvoedingstowwe te verkry. 'n pH-waarde (gemeet in water) van tussen pH 5.5 en 6.5 is die ideaal. Ons moet egter eers net die manier of metode van hoe die kalkbehoefte van 'n grond bereken word, kortliks bespreek. Verskeie metodes bestaan wat plaaslik in verskeie streke ontwikkel is.

Metodes waarmee kalkbehoefte bepaal word

In die Wes-Kaap word daar algemeen van die Eksteen-metode gebruik gemaak. Die metode berus op die beginsel van die R-waarde $[(Ca+Mg):H]$ in vergelyking met 'n sekere pH. Dit word algemeen aanvaar dat 'n pH_{KCl} (pH gemeet in KCl-oplossing) van 5.0 en 5.5 onderskeidelik ooreenstem met R-waardes van 5 en 10. Die metode maak gebruik van titreerbare suur wat by 'n pH van 7.0 bepaal word. In die Vrystaat word daar deur die LNR Kleingraan Instituut in Bethlehem gebruik gemaak van 'n metode gebaseer op die verhouding tussen 'n verandering in pH_{KCl} en 'n verandering in suurversadiging (H^+ ione in oplossing). Die metode beoog slegs om 'n kalkaanbeveling te maak gebaseer op 'n sekere hoeveelheid uitruilbare suur (H^+) wat

by 'n sekere pH teenwoordig mag wees, wat geneutraliseer moet word. As gevolg hiervan is hierdie metode slegs toepasbaar op sanderige gronde waarvoor dit ontwikkel is. In KwaZulu-Natal word daar van die Cedara-metode gebruik gemaak. Hierdie metode berus op die beginsel van 'n teiken-suurversadiging. Dus kan hierdie metode geensins gebruik word om 'n teiken-pH te bereik nie, maar slegs 'n teiken-suurversadiging. Hierdie metode maak direk gebruik van 1 M KCl uitruilbare suur.

Hoe verskil dit – watter een waar?

Die hoeveelheid kalk wat elke metode aanbeveel, word sterk beïnvloed deur die manier waarop uitruilbare of titreerbare suur bepaal word, asook die beginsels waarop die metode berus. Oor die algemeen sal die Eksteen-metode, met sy titreerbare suur gemeet by pH 7.0, 'n groter kalktoediening aanbeveel as byvoorbeeld die Cedara-metode. As gevolg hiervan bestaan daar groot verskille ten opsigte van die kalkaanbevelings onder die onderskeie metodes. Dit was in 'n paar studies alreeds bevind dat die Eksteen-metode oor die algemeen een van die akkuraatste metodes is om genoegsame kalk aan te beveel om 'n spesifieke teiken-pH te behaal. Tog is die Cedara-metode ook bevredigend akkuraat om 'n kalkbehoefte te voorspel wat 'n teiken-suurversadiging sal behaal. As 'n algemene maatreef sal 'n metode wat ontwikkel is om uit beginsel 'n teiken-pH te bereik altyd 'n groter hoeveelheid kalk aanbeveel as 'n metode wat uit beginsel kalk aanbeveel om 'n teiken-suurversadiging te bereik.

Hoe word hoeveelheid bepaal?

Baie navorsingswerk is al deur plaaslike en internasionale navorsers voltooi rakende die plasing van kalk. Studies het getoon dat dit ongeveer tien jaar vat vir kalk wat

op 'n sanderige bogrond toegedien is, om 15 cm in die grondprofiel af te beweeg! Die rede hiervoor is dat die beste resultate met bekalking slegs verkry word wanneer daar goeie kontak tussen die grond- en kalkpartikels bestaan. In gevalle waar geenbewerking toegepas word op gronde met ondergrondse suurheid, sal die toediening van kalk op die bogrond van geen hulp wees nie. In sulke gevalle is dit nodig om 'n grondmonster te neem op ten minste twee dieptes, in die boonste 300 mm en ook van die ondergrond tot ten minste 600 mm, waarop 'n kalkbehoeftebepaling dan gevolglik uitgewerk en toegepas moet word.

Die totale hoeveelheid aanbevole kalk moet dan so diep as moontlik in die grond en so goed moontlik met die grond vermeng word. In gevalle waar daar geen ondergrondse suurheid teenwoordig is nie, is dit voldoende om kalk slegs by die versuurde bogrond toe te dien. Dit is noodsaaklik om die kalk so goed as moontlik met die grond te vermeng, om optimale kontak tussen die kalkpartikels en gronddeeltjies te bewerkstellig. Die kalk moet eweredig oor die grondoppervlakte uitgestrooi word en dan deeglik met die grond vermeng word.

Die belangrikste punt hier is dat die kalkbehoefte bereken moet word vir die diepte van grond waarby dit ingemeng gaan word. As die kalk net vlak ingewerk gaan word, sê 150 mm, dan word die kalkbehoefte daarvoor uitgewerk. As die behoefte vir 300 mm uitgewerk is en dit word net tot 150 mm uitgewerk, gaan dit tot oorbekalking aanleiding gee. Die omgekeerde is natuurlik ook van toepassing. Oesopbrengste kan hierdeur nadelig beïnvloed word.

Hoe diep en met watter implemente?

Die diepte van vermenging gaan afhang van watter tipe implement gebruik word en die diepte van die bewerkingsaksie. 'n Wisselgangskotteleg ("Offset") verkry baie goeie vermenging maar dit werk egter net tot 150 mm diepte. Die implement veroorsaak egter ook 'n verdigte laag (ploegbank) net onder die diepte van bewerking.

Landboukalk kan ook met 'n skaarploeg ingeploeg word en die mate van vermenging van die kalk met die grond gaan afhang van die lengte van die rysterplaat ("mold board") en ook die diepte. Normaalweg kan kalk met die implement tot 'n diepte van 250 mm diep ingeploeg word.

Met 'n Nardieploeg en 'n sterk genoeg trekker is dit moontlik om dit tot 600 mm diepte in te werk. Heelwat implemente is ook deur boere ontwikkel wat kalk vir bewaringsbewerking, in stroke tot dieptes van 500 mm, kan bandplaas. Net die bewerkingsone word sodoende bekalk en nie die hele oppervlakte nie. Die kalkbehoefte word dan vir stroke tot die bewerkingsdiepte bereken. Vir die vrugtebedryf word die kalk- en fosfaatbehoefte van die gewasse bo-op die grond uitgestrooi en dan met behulp van kruiptrekkers, toegerus met spesiale toerusting, tot 'n diepte van 800 mm diep ingewerk. Laasgenoemde is te duur en onprakties vir kontantgewasse.

Effektiwiteit van toediening

Twee faktore speel 'n groot rol in die eindelike effektiwiteit van 'n kalktoediening. Die eerste faktor is die neutralisasievermoë van die kalk en tweedens die reaktiwiteit van die kalk.

Die neutralisasievermoë word algemeen beskryf as die "Kalsium-Karbonaat-Ekwivalent" (KKE). Die KKE is

gebasseer daarop om algemene landboukalk met suiwer kalsiumkarbonaat (CaCO_3) te vergelyk. Die KKE van 'n sekere kalkmateriaal word deur die chemiese eienskappe van die kalk asook die suiwerheid daarvan beïnvloed. Die chemiese eienskappe hier betrokke behels die molekulêre massa van CaCO_3 , wat 100 is. Sekere kalkbronne, soos gehidreerde kalk ($\text{Ca}(\text{OH})_2$), het 'n molekulêre massa van 74. Daar sal dus 'n laer massa $\text{Ca}(\text{OH})_2$ tot 'n grond bygevoeg hoef te word as in die geval van CaCO_3 om dieselfde hoeveelheid Ca tot die grond toe te dien. Anders gestel het $\text{Ca}(\text{OH})_2$ 'n groter neutralisasievermoë as CaCO_3 .

Wat die suiwerheid van kalk behels, kan daar aanvaar word dat algemene landboukalk meestal CaCO_3 bevat. Daar is wel onsuiverhede teenwoordig, soos klei of slik, wat geen effek op grondsuurheid het nie. Dus bevat 'n kalk wat slegs 90% suiwer is, net 90% CaCO_3 . Daar kan dan aanvaar word dat as 'n kalk 'n KKE van 100 het met 'n suiwerheid van 80%, sal die neutralisasievermoë van die kalk slegs 80% wees.

Die volgende faktor wat die effektiwiteit van 'n kalktoediening beïnvloed, is die reaktiwiteit daarvan. Dit word hoofsaaklik beïnvloed deur die fynheid van die meerderheid kalkpartikels. Uit beginsel, hoe fyner die kalk gemaal is, hoe vinniger sal dit reageer. Die rede hiervoor is dat hoe kleiner die kalkpartikels gemaal word, hoe groter word hul kontakoppervlakte. 'n Ton kalk wat baie fyn gemaal is, kan 'n groter hoeveelheid grondpartikels bedek in vergelyking met 'n ton kalk wat growwer gemaal is. Daar moet tog daarop gelet word dat 'n kalk wat vinniger reageer, vinniger opgebruik sal word. Dus het growwer kalk 'n langer nawerking en 'n stadiger reaksie as 'n baie fyn kalk.

'n Verdere faktor wat in ag geneem moet word, is dat daar meer energie benodig word om 'n kalkpartikel fyner te maal. Dus, hoe fyner die kalk gemaal word, hoe duurder word dit en ook hoe makliker verstop die toedieningsgereedskap.

Kalkgehalte – reaksie

Verskeie maatskappye en landboukundiges verkoop die idee dat kalk wat saam met kunsmis gekorrel word, die nuwe oplossing is. Tog is daar uit beginsel 'n groot probleem hiermee. Suurgronde bevat gewoonlik groot hoeveelhede uitruilbare suur, en daarom is groot hoeveelhede kalk nodig om die probleem in die eerste plek reg te stel. Kalk wat 'n kunsmiskorrel bedek, sal slegs daartoe in staat wees om óf met die grondsuurheid in sy onmiddellike omgewing te reageer, of om die versuring van die kunsmis teen te werk. Daar is absoluut geen manier dat die hoeveelheid kalk wat rondom 'n kunsmiskorrel voorkom 'n grondsuurheidsprobleem gaan oplos nie. Verder is daar ook ekstra kostes betrokke om die kalk fyn genoeg te maal om saam met kunsmis gekorrel te word, wat net weer die koste van die kunsmistoediening verhoog.

Vloeibare kalk

Hoewel kalk meestal tot lande in 'n vaste vorm toegedien word, is dit moontlik om ultrafyn kalk met water te vermeng en oor lande te spuit. Hierdie sogenaamde "vloeibare kalk" raak al hoe meer gewild, gedeeltelik omrede dit saam met vloeibare kunsmis toegedien kan word, wat eendelig van twee oefeninge een maak, en dus tyd bespaar. Let egter daarop dat kalk nie in water oplos nie, maar slegs in suspensie is. Dit is soorgelyk daaraan om kleideeltjies in water op te skud wat die water dan troebel maak. As dit lank genoeg staan, sak al die deeltjies in suspensie uit. Daar moet daarop gelet word dat, weens die aard van die fyn kalkpartikels, vloeibare kalk baie vinniger reageer

as gewone kalk. Dus bly vloeibare kalk vir 'n baie kort tyd reaktief, wat 'n opvolgtoediening noodsaak. Dit lei eendelik tot verhoogde brandstofkoste, wat vrygespring kon word indien daar van normale kalk gebruik gemaak is.

Verder word daar ander probleme veroorsaak met die gebruik van vloeibare kalk. Die eerste probleem is dat kalk uiters onoplosbaar is in water, wat tot gevolg het dat die ultrafyn kalkpartikels in suspensie bly. Dit kan in baie gevalle lei tot afsakking en verkoeking in spuittenks, of tot die verstopping van spuitpunte. Dit maak dus die toediening daarvan aansienlik moeiliker as in die geval van normale kalk. Laastens neig die kalk in suspensie om onoplosbare minerale te vorm met fosfate wat ook in die spuittenk mag wees, wat tot verliese in beide kalk en fosfor lei.

Daar is ook aannames dat 'n klein volume vloeibare kalk 'n groot massamaat van normale kalk kan verplaas. Dit is totaal en al onmoontlik, omrede daar van dieselfde massa kalk gebruik gemaak moet word in beide vorms ten einde dieselfde hoeveelheid suurheid te neutraliseer. Vloeibare kalk is ook glad nie mobiel in gronde nie, en sal nie van die bogrond na die ondergrond beweeg nie. Die kalk sal met die eerste teëkom van suurheid in die grond reageer, en sal dan daarna verlore gaan. Die enigste manier om kalk dieper in die grond te verkry, is om dit direk daar te gaan plaas.

Slotopmerking

Kalk werk slegs daar waar dit geplaas word en beweeg nie deur die grond nie. Bekalking is nie 'n praktyk vir die korttermyn nie en kitsoplossings werk nie. Gronde moet gereeld en ook vir die langtermyn bekalk word. Goeie vermenging, die suiwerheid van die kalk en reaktiwiteit is aspekte wat almal optimaal bestuur moet word om die beste resultate te verkry.



Hierdie artikel verskyn op die webblad www.ladbou.com

» Voeding volgens plantontwikkeling »

MIELIES

VOOR PLANT	VROË VEGETATIEF, MET PLANT	MIDDEL VEGETATIEF, TOPBEMESTING	BLOMSTADIUM
<p>KynoPlus® Vir verbeterde stikstof-doeltreffendheid wat beskikbare stikstof in die grond verhoog.</p> <p>KynoPlus® - mengsels: Om stikstof, fosfaat en kalium doeltreffend in die grond te sit.</p>	<p>KynoPop® Vir 'n vinnige begin en sterk saailinge.</p> <p>KynoPlus® - NPKS-plantermengsel Om gedurende hierdie stadium in die mielieplant se lewe 'n goeie potensiaal aan te lê.</p>	<p>KynoPlus® en KynoPlus® - mengsels: Effektiewe bemesting wanneer die voedingsbehoefte van die mielieplant geweldig toeneem.</p> <p>Mielie OEMFF®: 'n Blaarvoeding om die effektiwiteit van die mielieplant te verbeter.</p>	<p>Mielie OEMFF® B16: Om gedurende stuifmeelstort, bestuiwing en bevrugting in die spesifieke voedingsbehoefte te voorsien.</p> <p>KynoPlus® - mengsels Foli-Grande of Foli-Plus: Het die nodige voedingstowwe in, om graanvul te verbeter.</p>

Met Kynoch se innoverende en pasmaak-produkte kan jy bemesting toedien volgens jou mielieplante se behoeftes en groeistadiums. So verseker Kynoch dat jou **mielieplante kry wat hul nodig het, wanneer hul dit die nodigste het.**

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.



Kynoch

Farmisco (Edms) Bpk.
h/a Kynoch Fertilizer Reg. Nr. 2009/0092541/07
011 317 2000 | info@kynoch.co.za
www.kynoch.co.za

KynoPlus® is geregistreer as kunsmis groep 1 – Reg. No: K8024,
KynoPop® Reg. No: K9101, Mielie OEMFF® Reg. No: K8702 en
Foli-Grande Reg. No: K8045
(Alle produkte is geregistreer onder Wet 36 van 1947)

PLANT *met 'n* PLAN

Pioneer se Groeipunt® Agronomie-proewe omskep data in sleutelinsigte wat jou help om jou produksie beter te beplan en opbrengste te verhoog.



DIE SAAD VAN SUKSES

Saam met jou van
**DIE WOORD
"GO"**

Tel: +27 12 683 5700 | www.rsa.pioneer.com
© 2016 PHII.
Die DuPont Ovaal Logo is 'n geregistreerde handelsmerk van DuPont.
®, SM, TM Geregistreerde handelsmerke van Pioneer.

FAW-vragmotors

kry groot aftrek by Nampo 2017

FAW se voertuie raak toenemend gewilder onder die landbougemeenskap en die aantal FAWs wat in hierdie sektor aangewend word, neem jaarliks toe.

Die FAW-uitstalling by vanjaar se Nampo Oesdag was een van die gewildstes en danksy die grootte en verskeidenheid voertuie op uitstalling, was daar heelwat belangstelling van en interaksie met die publiek.

Dit is reeds bewys dat boere veral beïndruk is met die sterk onderstel, klouvermoë en traksie deur die handratkas, sowel as die duursame ontwerp van FAW se produkte wat van hulle staatmakers in die lande sowel as op die pad maak.

“Daar was geweldige belangstelling in ons voertuie. Besoekers aan ons uitstalling was veral beïndruk met die goeie afwerking, bekostigbare prys en moderne ontwerp van ons vragmotors,” het Jianyu Hao, hoofbestuurder van FAW Voertuigvervaardigers Suid-Afrika (Edms.) Bpk. opgemerk.

“Topgehalte vervaardiging, ’n eenvoudige en duursame ontwerp, goeie werkverrigting en waarde vir geld – dit is wat FAW se kommersiële voertuie bied,” het Hao gesê.

“By Nampo was ’n keur van ons bekostigbare vragmotors te sien. Ons verkoopspan was byderhand en boere wat ons uitstalling besoek het, kon na hartelus uitvra oor ons bewese verrigtingsyfers in die landbou sowel as die lae bedryfskoste en koste van eienaarskap verbonde aan ’n FAW-voertuig.”



Groot fokus is op twee van FAW se topverkopers – die FAW 8.140FL en die FAW 15.180FL – geplaas om te wys waarom dié twee voertuie so goed vaar in hul onderskeie marksegmente sowel as in die landbousektor.

Hierdie was die 16de keer dat FAW aan Nampo deelgeneem het. “Ons sien dit as ’n aanduiding van ons toewyding aan die boeregemeenskap. Ons herken en waardeer die lojale ondersteuning van ons menige kliënte uit landbougeledere regdeur FAW se 22 jaar op die Suid-Afrikaanse mark,” het Hao verduidelik.

Verkope van FAW-vragmotors in die sub-Sahara-omgewing het met rasse skrede toegeneem sedert die Coega-aanleg in 2014 geopen is. Heelwat suider-Afrikaanse kliënte koop plaaslik vervaardigde voertuie omdat dit nie slegs meer kostedoeltreffend is nie, maar ook omdat sommige van die voertuie spesiaal aangepas is vir spesifieke streekstoestande. Die voordele van plaaslik koop sluit korter afleweringstye, hoër gehaltevlakke wat in die SA aanleg

gehandhaaf word en laer kostes in. “Daar is heelwat voordele daaraan verbonde om FAW-produkte by ons Suid-Afrikaanse basis te koop. Die belangrikste hiervan is natuurlik dat ons hulle vinniger aan ander Afrikalande kan verskaf en deur die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap en Afrika Unie is daar natuurlik ook voordele ten opsigte van invoer- en uitvoerbelasting,” het Jianyu Hao afgesluit.

Die Nampo Oesdag, wat jaarliks op Bothaville in die Vrystaat gehou word, lok nie slegs rolspele uit die plaaslike landbousektor nie, maar ook heelwat besoekers van regoor Afrika en ander kontinente. Veral Suid-Amerika en Asië word goed verteenwoordig.

Graan SA se Nampo Oesdag is die grootste landbou-uitstalling in privaatbesit in die suidelike halfrond. Volgens die webwerf bied die Oesdag die landboubedryf die geleentheid om eerstehands en op een terrein die jongste tegnologie en produkte wat aan die sektor beskikbaar is, te ervaar.



LAAGSTE KOSTE PER TON LANDBOU VENNOTE



**Vanaf
R269 000**

(BTW uitgesluit) 8.140FL – onderstel / kajuit

8.140FL
5 Ton

15.180FL
8 Ton

16.240FL
8 Ton

28.330FL
14 Ton

FAW vragmotors is opgewasse teen die moeilikste toestande en hanteer uitdagende vragte met gemak. FAW bied hoë gehalte en uitmuntende duursaamheid danksy 'n sterk onderstelraam, koste effektiewe onderhoud, lae verbruik en bekostigbaarheid.

Die FAW vragdraer reeks bestaan uit die 5 Ton 8.140FL, 8 Ton 15.180FL en 16.240FL, asook die ekstraswaar 14 Ton 28.330FL.

E&OE



GEBOU IN SUID-AFRIKA VIR AFRIKA

www.faw.co.za

087 700 2810

CASE IH

stel indrukwekkende nuwe produkte bekend

Northmec, die enigste verspreider en invoerder van Case IH-trekkers, -stropers, -spuite en -landboutoerusting, het onlangs 'n indrukwekkende uitstalling van nuwe produkte by die Equidome Event Hall in Kyalami aangebied.

Die groot uitblinkers op die dag was die Case IH 9240 Trac-stroper en die Magnum 380 CVT Trac-trekker.

Die 9240 is die grootste model in die Case IH-reeks en een van die grootste beskikbare stropers in die wêreld. Met die voortreflike AFX Axial Flow-tegnologie, wat reeds vir 50 jaar bewys is, het hierdie masjien die bewondering van die groot groep boere afgedwing. Die 16 liter-FPT-enjin bied oorgenoeg krag vir hoë kapasiteit dors. Die vergrote sif-area maak die eindproduk soveel meer aanvaarbaar en lewer graan van die hoogste gehalte. Met die AFS-monitoringstelsel, sowel as die "auto-pilot"-funksie wat as standaard verskaf word, is hierdie masjien 'n ware plesier om te bestuur - veral as die stroper totale beheer by die operateur oorneem.

Die Magnum 380 CVT Trac-trekker is deel van die oorspronklike Magnum-nalatenskap wat reeds sedert 1987 so suksesvol is. Die bewese CVT-ratkas met sy outomatiese ratwisseling maak elke rit 'n plesier. Die Magnum se kajuit is die grootste in sy klas en werk op 68 desibel ook die stilste op die mark. Die FPT 8,7 liter-enjin bied 'n totale maksimum kraglewering van 410 kW, wat hom ook die sterkste in sy klas maak.

Tony Sinclair, uitvoerende hoof van die CEG Groep, het die groep van byna 'n duisend boere wat die uitstalling bygewoon het, verwelkom. Hy het Northmec se verbintenis tot topgehalte kliëntediens bevestig en belowe om sterk te fokus op onderdele, naverkopediens en die beste beskikbare produkte teen die beste pryse.

Northmec se besturende direkteur, Johan van der Merwe, het 'n oorsig van die afgelope vyf jaar van Northmec se vordering gegee. Beleggings in 'n nuwe monteringsaanleg, en 'n beduidende toename in die kapasiteit van die onderdele-pakhuis, is ook afgehandel. Die Red Excellence-program, wat die nuwe bedryfsstandaard by Northmec is, is suksesvol aan verskeie takke en handelaars bekendgestel. Northmec het ook sy belofte gehou om die moontlikheid van nuwe takke te ondersoek, en as gevolg daarvan is nuwe handelaars aangestel om Northmec se voetspoor te vergroot.

'n Spesiale gas, Lee Smith, 'n wêreld-armdrukkampioen, is as motiveringspreker genooi. Lee het tydens 'n rooftog verskeie skietwonde aan sy lyf opgedoen. Dokters het vir hom gesê hy sal van sy nek ondertoe verlam wees. Lee was egter vasberade om hulle verkeerd te bewys en hy kan reeds sy hele bolyf al beweeg. Gevoel is ook besig om terug te kom in sy linkerbeen. Hierdie man is werklik passievol oor 'n positiewe benadering en het die boere geïnspireer met sy optimistiese lewensuitkyk, wat 'n blywende indruk op almal gemaak het.

Die eerste 20 kliëntebestellings vir nuwe masjiene op die dag is beloon met 'n reis na die VSA om al die groot trekker- en stroperaanlegte te besoek. Die gelukkige kopers sal ook die 2017 Farm Progress Show bywoon – beslis 'n wonderlike voorreg!

Vanjaar vier die Case IH-handelsmerk sy 175ste jaar as vervaardiger van wêreldklas-plaasmasjinerie. Dit het begin in die Amerikaanse staat Wisconsin, aan die oewer van die Rootrivier, waar die stigter Jerome Increase Case, die Racine Threshing Machine Works gevestig het om 'n revolusionêre masjien te bou om die skeiding van graan te bespoedig.

"Ek vind dit wonderlik om te sien hoe ver die boerderybedryf en ons maatskappy in die afgelope 175 jaar gekom het. Ten spyte van talle uitdagings, is ons sterker as ooit tevore," het Andreas Klauser, die trotse handelsmerkpresident van Case IH, gesê.





CASE IH 9240-Stroper



Case IH Magnum 380 CTV

Mielie en koring



het lang geskiedenis

Die mielieplant, 'n soort reuse-gras, se spreekwoordelike wortels lê doer in die gryse verlede in tropiese Mexiko.

Die mielie is blykbaar reeds uit 'n wilde gras veredel nog voor die opbloeï van die pre-Spaanse beskawings in Amerika – dus lank voordat die Spanjaarde hulle in daardie wêrelddeel gevestig het.

Een kenner het al selfs na die mielie verwys as 'n kulturele artefak, 'n egte mensvervaardigde voorwêreldlike plant wat nie in die vrye natuur bestaan nie en slegs kan oorleef as die mens dit saai en beskerm. Daarteenoor het die kulturele kompleksiteit van die pre-Spaanse beskawings ook sterk op die verbetering van die mielieplant gesteun.

Die eerste graansoort wat deur die vroeë sogenaamde Meso-Amerikaners “mak gemaak” is, was egter blykbaar nie die mielie nie, maar so min of meer 'n familielid van kanarievoëlseed. Maar teen 1400 v.C. is mielies al tot aan albei kuste van Mexiko verbou en was die kulturele ontwaking van die mense in daardie streke onderweg.

Vir die Maja, Inka en Asteke van Sentraal- en Suid-Amerika was die mielie 'n stapelvoedsel. Dit was prominent in hul kunste en godsdienstige seremonies. Uitbeeldings van mielies is in die bouvalle van hul stede gevind en mieliepitte in hul grafte gekry. Die Asteke het selfs die praktyk van bemesting verstaan en het buitengewoon goeie graanoeste gehad.

Die Indiane van Noord-Amerika het so vroeg as 700 n.C. mielies in die suidwestelike deel van die vasteland geplant. Die graansoort het daarna stadig noord- en ooswaarts onder die Indiane versprei.

Vroeë Europese ontdekkingsreisigers het dié graan van die Nuwe Wêreld na Spanje, Frankryk en Italië gebring. Christophorus Columbus het eerste die Europeërs daarmee laat kennis maak. Later is die lewe van die eerste Europese koloniste in Amerika gered deur vriendelike Indiane wat in 1607 mielies na die doodhonger setlaars by Jamestown gebring het.

Die Indiane het die witmense geleer hoe om mielies in hopies te plant deur dooie visse as bemesting te gebruik. Die vinnige groei van die Amerikaanse kolonies was in 'n groot mate aan die kweek van mielies te danke.

Die mielie is deur seevaarders en ander reisigers oor die wêreld heen versprei en was teen die einde van die

sestiende eeu regoor die grootste deel van die ontwikkelde wêreld 'n bekende gewas. 'n Chinese tekening van 'n soort mielie dateer uit 1597.

Die bydrae wat dit in Suid-Afrika as voedsel gelewer het, is op sigself onberekenbaar. Wat sou talle van ons mense vandag nog gedoen het sonder hul porsie lekker mieliepap in die oggend?

Oorsprong van die naam

Die Amerikaners praat van die mielie as *corn*, 'n term wat op baie ander plekke ter wêreld slegs vir koring gereserveer word. Daar praat die mense van die mielie as *maize*. Ons eie benaming vir hierdie graansoort kom van ver af – uit Portugees – *milho* – 'n woord wat in sekere stadiums ook vir manna en later sorghum gebruik is. Die woord hou waarskynlik verband met die Latynse woord *mille*, meervoud *mil(l)ia*, “duisend(e)”, na aanleiding van die duisende saadkorreltjies in 'n aar van byvoorbeeld manna. By ons het Van Riebeeck al oor die mielie geskryf. Hy het dit *milie* of *mily* gespel.





Koring bestaan reeds vanaf die Bybelse tyd en is een van die vernaamste graansoorte waarmee die mensdom homself voed. Koring is oorspronklik vanuit die Levant-gebied in die Midde-Ooste en die Ethiopiese hooglande en word nou regoor die wêreld verbou. In 2009 was die wêreldproduksie van koring 682 miljoen ton, wat dit die tweede mees geproduseerde graan maak naas mielies (817 miljoen ton) en met rys in die derde plek (679 miljoen ton).

Koring is ook een van die oudste gedomestikeerde plante. Die temming van koring vind waarskynlik reeds ongeveer 10 000 jaar gelede plaas in die Midde-Ooste en Noord-Afrika. Teen ongeveer 5 000 jaar gelede het koringverbouing ook die grootste deel van Europa bereik.

'n Millenium later het die Chinese met die gewas kennis gemaak. Met die koms van seevaart, het koring na die Nuwe Wêreld en die Suidelike Halfrond versprei. Koring is 'n eenjarige gewas. Vir eeue heen word daar al teling gedoen om beter koringkultivars te probeer skep. Daar is byvoorbeeld winterkoring wat in die herfs geplant word en veral geskik is vir broodmeel, en lentekoring wat vir sagte gebak soos koek gebruik word.

In die 20ste eeu is 'n buitengewone Japannese kultivar gebruik om korter, meer windbestande plante te teel. In Suid-Afrika is daar minder onderskeid tussen winter- en lentekoring as in kouer lande en word die meeste koring in die herfs gesaai. Koring word in bykans elke provinsie in Suid-Afrika verbou, wat 'n bewys van die gewas se besondere aanpasbaarheid is. Die Wes-Kaap, Vrystaat en Suid-Transvaal is groot koringproduserende gebiede.

Die saad kom voor in die vorm van are, en ongeag die soort, dra die meeste koringare van dertig tot vyftig korrels.

Vestiging van koring in Suid-Afrika

Die eerste gesaaide koring in Suid-Afrika is reeds op 13 Januarie 1653 geoes, minder as 'n jaar nadat Jan van Riebeeck met sy span Europese setlaars hier aangekom het. Dit is 'n duidelike bewys van watter hoë waarde daardie mense aan hierdie graansoort geheg het. Daardie eerste lappies koring is waarskynlik naby die Kasteel gesaai, miskien nog voordat Van Riebeeck sy groentetuin aangelê het. In daardie beginjare het die koringboere maar erg gesukkel. Daar was talle probleme met variëteite wat nie lekker aan die Kaap geaard het nie, asook met koringsiektes en die baie winterreën.

In die eerste halfeeu is daar dan nie eens genoeg koring vir eie gebruik gekweek nie, wat nog te sê om in die behoeftes van die verbyvarende skepe te voorsien. Trouens, dit was eers in 1968, 'n stuk of drie eeue later, dat Suid-Afrika hierin selfvoorsienend geraak het. Nadat die vroeë pioniers die binneland ingetrek het, het koringverbouing uitgebrei na gebiede waar hierdie graansoort veel beter geaard het.

Teen 1752 is die gewas al in bekende koringstreke soos die Swartland by Riebeeck-Kasteel, Piketberg en Malmesbury gekweek, asook in die Rûens by Botrivier en Riviersonderend. Vandag se koringboere sal heelwaarskynlik skeef opkyk oor die destydse oestyd wat in Januarie plaasgevind het. In die winterreënstreek van ons land word koring immers in Oktober en November geoes, gewoonlik net nadat die laaste winterreën uitgesak het. Kenners sê die toenmalige weerpatrone en variëteite het waarskynlik 'n rol gespeel om die boere later te laat oes as vandag.

In ons eie omgewing is die plant van koring ouer as pap en wors. Sels 'n koringgerf was op die embleem van ons destydse stadsraad. Koring, tabak en mielies het die lande volgestaan. Destyds het daar in die orde van 100 000 ton koring vanuit ons omgewing in die silo's beland. Dit was goeie jare. Die verbouing van koring vandag is onder geweldige druk as gevolg van 'n swak prys en hoë insetkoste.

Alternatiewe kom partykeer na vore soos byvoorbeeld geleenthede wat nou voorkom met goeie mieliepryse as gevolg van laas jaar se swakker oes. Dit plaas die boer dan weer in 'n ander scenario waar hy dan net drie oeste in 'n siklus van twee jaar kry in plaas van twee oeste per jaar.

Boere sukkel om koring te produseer om gelyk te wees met die invoerprys. Die ingevoerde koring word sterk gesubsidieer deur daardie uitvoerlande. Ons is 'n land van geleenthede en moet seker maar probeer om entoesiasies en positief die toekoms aan te pak.

Destyds was die oestyd van koring 'n heuglike gebeurtenis. Almal was opgewonde en die glimlagte was breed. Ons onthou mos nog destyds Carike Keuzenkamp se liedjie: "Oom Jan sny koring op die land... ag dankie vrou dis lief van jou, die oes lyk nie te sleg... jy kan vir Pietman klere koop en vir jou 'n nuwe kerkhoed..."

Koringspesies en waar hulle vandaan kom

Daar is vandag geweldig baie koringspesies wat geklassifiseer word volgens die getal chromosome wat in die vegetiewe sel voorkom. Drie reekse word onderskei, te wete einkorn met 14 chromosome, emmer met 28 en broodkoring met 42 chromosome. Koringspesies verbaster betreklik dikwels in die natuur. Seleksies van die beste variëteite vir kweking het oor talle eeue in baie verskillende streke plaasgevind.

Oorblyfsels van sowel emmer as einkorn wat van die sewende millennium v.C. dateer, is deur argeoloë tydens opgrawings in die Midde-Ooste gevind. Emmer is reeds in Egipte gekweek voordat die land sy dinastieë gehad het, terwyl dit in die prehistoriese Europa saam met onder meer gars en einkorn gekweek is.

Broodkoring is by 'n perseel uit die sesde millennium v.C. in Suid-Turkistan geïdentifiseer en 'n broodkoringsoort is ook by Knossos in Kreta gevind.

BE A POWER MASTER

ALWAYS BE IN CHARGE WITH THE COMPREHENSIVE RANGE FROM POWER MASTER

24KVA DIESEL GENERATOR
Also known as 24KVA
PM24DE-1DE



PM10DG-1DE

10 KVA SINGLE PHASE DIESEL GENERATOR

Petrol Generators available in single and 3 phase

3.5KVA INVERTER GENERATOR

Also available in 2.2KVA & 2.5KVA

SP2500D


7.5 KVA PETROL GENERATOR


Also available in 2.2KVA & 2.5 KVA
5.0KVA & 5.5KVA & 6.0KVA

Whether you need to offer portable power for campsites or reliable power to keep households or small businesses going, we've got the range for every need.

POWER MASTER™
keeping you in charge

Power Master is available from participating NTK/VKB retail stores.

Power Master is exclusively distributed by  Agrinet and supported by a national service network.



Die lewer is een van die belangrikste en naas die vel die grootste orgaan van die menslike liggaam, en verskeie siektes se oorsaak kan hierin opgesluit word as ons nie ons lewer mooi oppas nie. **Hannelie Cronjé** het nagelees oor veral lewersirroze.

Kyk mooi na jou lewer vir 'n beter lewe

Baie van die siektes van ons tyd word veroorsaak deur die kosse wat ons eet – die feit dat ons al hoe meer eetgereed-kosse van die winkelrak af koop, eerder as om ongeprosesseerde kosse die hoofbestanddeel van ons bord kos te maak.

Hoekom is die lewer belangrik?

Die lewer speel 'n baie groot rol in die verteringstelsel deurdat alle koolhidrate, proteiene en vette in ons kos in die lewer gemetaboliseer moet word.

Koolhidrate moet omgeskakel word na glukose wat die selle met energie moet voed; aminosure, laktat en gliserol moet uit die koolhidrate gehaal word om ook na glukose omgeskakel te

word; aminosure moet die proteiene afbreek sodat albumien en onder andere hormone vrygestel kan word, en vette moet omgesit word in cholesterol en trigliseriede.

Dan moet die lewer ook substansies soos glikogeen berg en gal produseer wat moet help met die opneem van vette en boonop verskeie chemiese verbindings afbreek om die liggaam te ontgif. (www.af.wikipedia.org)

Diabetes, wat een van die groot siektes van die hedendaagse mensdom is, is een van die direkte gevolge van 'n dieet wat te veel koolhidrate (stysel en suiker) bevat omdat hierdie bestanddele in feitlik alle verwerkte kosse gebruik word. So ook hartsiektes en allerhande ontstekings wat ons liggaam opdoen omdat ons nie genoeg vars, onverwerkte kosse in hul natuurlike staat eet nie.

Nog 'n ernstige lewersiekte wat primêr die gevolg van 'n ongesonde leefstyl is, is sirrose van die lewer. Tydens sirrose verhard die lewer en lei dit dikwels tot lewerkanker (www.WebMD.com).

Volgens 'n artikel op die webblad www.Vrouekeur.co.za word die funksies van die lewer as volg beskryf:

“Die lewer filtreer chemikalieë en alkohol uit die bloed, reguleer jou hormone en bloedsuikervlakke, stoor energie van die voedingstowwe wat jy inneem en vervaardig bloedproteïen, gal en verskeie ensieme wat die liggaam nodig het. Dit is hieruit duidelik dat dit belangrik is om na jou lewer om te sien en dit gaan hoofsaaklik daarvoor om sekere dinge te vermy.”

Wat is lewersirroze?

Volgens die artikel kom sirrose neer “op die verdringing van normale liggaamsweefsel deur fibrose (littekenweefsel), veral met betrekking tot 'n leweraandoening wat deur

gifstowwe of alkoholisme veroorsaak word. Die lewerselle droog uit en sterf af. Die lewer word hard en geel en die oppervlak vertoon grof. Later kan dit glad nie meer funksioneer nie en lewersvaking kom voor, wat noodlottig is."

Dit is belangrik om te besef dat sirrose 'n onomkeerbare toestand is. Behandeling word gerig op die voorkoming van komplikasies wat deur die toestand veroorsaak word. (live4x.ru/afrikans/articles.php). Tydens latere fases van sirrose is 'n leweroorplanting die enigste opsie. Volgens die artikel op bogenoemde webblad is lewersirrose een van die ses vernaamste oorsake van sterftes by pasiënte tussen die ouderdomme 35 en 60.



Simptome van lewersirrose

In die vroeë stadium van sirrose is daar nie enige merkbare simptome nie, maar algemene simptome wat later na vore kom, sluit in konstante uitputting, verlies aan eetlus, naarheid, swakheid en gewigsverlies (www.health24.com).

"Soos wat die siekte ontwikkel, kan komplikasies voorkom. Sirrose word dikwels dan eers gedagnoseer."

Die webblad live4x.ru/afrikans/articles.php verskaf die volgende as van die simptome van sirrose:

- Die maag vergroot.
- Die persoon se optrede en bewussyn verander.
- Bloeding van tandvleise en neus kom voor.
- Die persoon ly aan chroniese moegheid.
- Die persoon verloor gewig.
- Urine is baie donker.
- Die persoon ervaar buikpyne.
- Die laer bene is geswel.
- Jeukerigheid kom voor.
- Gereelde bakteriële infeksies kom voor.
- Verlaagde libido.

Hoe hou ek my lewer gesond?

Volgens die artikel op www.Vrouekeur.co.za word die volgende aan die hand gedoen om te verseker dat jou lewer behoorlik kan funksioneer:

Moenie te veel alkohol gebruik nie. Alkohol kan lewerselle beskadig, wat

tot swelling of letsels lei wat in sirrose kan omsit, wat dodelik kan wees. Hou liefs by een drankie per dag as jy 'n vrou is en twee as jy 'n man is (weens liggaamsgrootte).

Vermy medikasie of kombinasies van medikasie wat die lewer kan beskadig.

Cholesterolmedikasie en die pynstillers *acetaminophen* kan giftig vir die lewer wees as dit langdurig of te veel op 'n slag gebruik word. Dit kom in baie voorskryfpynpille en verkouemedisyne voor. Moet ook nooit medisyne saam met alkohol gebruik nie. Vind by jou dokter uit watter van die medisyne wat jy gebruik nie gelyktydig of saam met alkohol gebruik mag word nie. Volg ook altyd die dosisaanwysings noukeurig.

Volg 'n gesonde dieet en oefen

gereeld. 'n Toestand genaamd nie-alkoholiese vette lewersiekte (NAFLD) kan ook tot sirrose lei. Dit ontstaan weens oorgewig, diabetes of hoë vlakke van vet in die bloed. Dit kan voorkom word deur gewig af te skud, gereeld te oefen en 'n gebalanseerde dieet te volg.

Wees bewus van hepatitis. Hepatitis is 'n virus wat die lewer kan ontsteek. Daar is verskillende soorte. Hepatitis A word deur water of kos oorgedra wat met bakterieë besmet is wat in ontlasting voorkom. Jy word gewoonlik self daarvan gesond. Hepatitis B en C word deur bloed en menslike vloeistowwe oorgedra. As dit nie behandel word nie, kan dit tot sirrose, lewerekanker en lewersvaking lei. Jy kan hepatitis A voorkom deur gereeld hande te was en plekke te vermy wat onhygiënies lyk. Om hepatitis B en C vry te spring, moet jy nie iemand anders se tandeborsel, skeermes of spuitnaalde gebruik nie. Gebruik ook altyd kondome.

Die webblad www.welstand.solidariteit.co.za se lysie lyk as volg:

Vermy oormatige alkoholgebruik.

Wanneer jy oormatig drink, beskadig dit jou lewerselle. Dit veroorsaak swelling van die lewer, wat aanleiding kan gee tot sirrose – 'n onomkeerbare en dodelike toestand.

Eet gesond en oefen gereeld. Jou lewer stoor energie uit die kos wat jy eet, wat beteken dat jou energievlak direk verband hou met die gehalte van jou dieet. Bly weg van kosse wat te veel vet en suiker bevat, eet baie rou, vars groente en vrugte, en maak veselryke kos deel van jou dieet. Vermy groot maaltye en eet eerder meer dikwels kleiner etes.

Omdat die lewer ook bymiddels uit jou bloed filtreer, behoort jy geprosesseerde kosse, kunsmatige

bymiddels en preserveermiddels te vermy. Skakel kunsmatige versoeters heeltewel uit as jy kan.

Oefen ten minste drie keer per week vir 30 minute lank. Dit hoef nie uitmergelende oefening te wees nie. Doen enigiets wat jou hartklop vir 'n halfuur lank sal versnel, soos om te dans, te stap of met jou kinders te speel.

Vermy medisynekombinasies wat jou lewer kan beskadig.

Cholesterolmedisyne en die pynstillers parasetamol kan toksies vir jou lewer wees as jy te veel daarvan inneem. Parasetamol is 'n bestanddeel in talle verkoue- en griepmiddels asook pynstillers op voorskrif. Sommige kombinasie-medisyne of medisyne wat met alkohol geneem word, kan ook jou lewer beskadig. Om veilig te wees, volg altyd die aanbevole dosis vir die medisyne en gesels met jou dokter of apteker oor medisynekombinasies voordat jy dit neem.

Wees ingelig oor hepatitis. Hepatitis is 'n virus wat die lewer ontsteek. Daar is verskeie tipes hepatitis wat op verskillende wyses oorgedra word. Hepatitis A word oorgedra wanneer jy water of kos inneem wat met bakterieë besmet is. Die simptome kan behandel word en die lewer herstel gewoonlik vanself.

Hepatitis B en C word deur bloed en liggaamsvloestowwe oorgedra. Beide tipes is aansteeklik en moet deur 'n dokter behandel word, aangesien dit lewerkanker, lewersversaking of sirose kan veroorsaak. Jy kan voorkom dat jy hierdie twee tipes hepatitis opdoen deur nie tandeborsels, skeermesse en naalde met ander mense te deel nie. Beoefen ook veilige seks en vermy veelvuldige seksmaats.

Neem goeie aanvullings. Jou lewer het baie voedingstowwe nodig om jou liggaam suksesvol te ontgif. Maak seker jy ly nie aan enige tekorte nie deur jou dokter of apteker te vra om 'n goeie aanvulling aan te beveel. 'n Hoëgehalte-multivitamien en mineraalaanvulling is gewoonlik voldoende, maar jy kan dalk ook ekstra vitamien C en lesitien neem. Lesitien help jou lewer om vette te metaboliseer en verlaag dus cholesterol.

Vat 'n blaaskans. Probeer om vir ten minste drie ure voor jy gaan slaap nie te eet nie. Dit sal jou lewer genoeg tyd gee om sy funksies te verrig sonder dat dit met spysvertering ook opgesaai is.

Kosse wat goed is vir jou lewer

Laasgenoemde artikel verskaf ook die volgende lysie van aanbevole kos wat by die dieet ingesluit behoort te word:

- Vars wortels en beet. Dit help om jou lewer te suiwer en te herstel.
- Groen kosse bevat chlorofil, wat ook help om die lewer te suiwer.
- Knoffel en broccoli bevat swawel, wat ensiemvervaardiging en lewersuiwering aanhelp.
- Heel, rou, ongesoute neute en sade bevat vetsure en bruikbare proteïen wat lewerfunksies bevoordeel.
- Vlassaad help om te keer dat daar te veel hormone in die bloedstroom beland. Een van die lewer se funksies is om oortollige hormone te filtreer, en deur te voorkom dat dit in die bloedstroom beland, word die las op jou lewer verlig.
- Daar is talle kruie en speserye wat lewerfunksies kan aanhelp, soos melkdissel en borrie. Raadpleeg altyd eers jou dokter, apteker of 'n betroubare kruiekundige voordat jy enige kruiemiddels en/of aanvullings neem.

Jy kan jou lewer gesond hou deur bloot skadelike kosse en middels te vermy, 'n gesonde en voedsame dieet te volg en gereeld te oefen.

Broccoli

bevat swawel, wat ensiemvervaardiging en lewersuiwering aanhelp.





www.noordsanta.co.za

Noord Santa Klub

Produksieveiling - Bela Bela
11 Augustus 2017



Stuur 'n epos aan idelange@arc.agric.za of besoek gerus ons webwerf vir meer besonderhede by

www.noordsanta.co.za



WENKE

wat werk

Boererate en verbruikers-wenke

Wasgoed



- Vryf 'n bietjie wynsteensuur saam met water op roesvlekkie. Was daarna soos gewoonlik.
- Vryf olie- en vetvlekkie op klere met bensien. Was dan soos gewoonlik en hang op om droog te word.
- Warm seepwater is die beste raad vir vlekke op tafellinne.
- Was kantgordyne in 'n kussingloop sodat dit nie beskadig raak in die wasmasjien nie.
- Week bloedvlekkie in koue water – indien moontlik voordat die bloed droog is – en was daarna met seep in koue water.
- Week gevlekkie klere oornag in SteriNappi. Dit was katoene, wolle, ensovoorts en dit bring geen skade aan die klere aan nie, maar die klere is so wit soos kan kom.
- Week jeans in soutwater voordat jy dit was om te verhoed dat dit verbleik.

Klere

- Draai gewone rekkies op die punte van jou klerehangers om die lussies van jou klere in posisie te hou.
- Gebruik 'n handskeermes om wolletjies van trui af te skeer.
- Gooi een teelepel olyfolie by wit wolgoed. Dit laat dit mooi spierwit bly.
- Hou 'n magneet in jou speldeblikkie om alles mooi bymekaar te hou. (Nuttig indien dit sou uitval.)
- Hou jou wit klere wit deur dit in vyf liter water en een koppie witasyn te week.
- Om rompe op 'n hanger te hang, knyp dit vas met twee wasgoedpennetjies aan 'n draadhanger.
- Lipstiffie kan verwyder word deur die kledingstuk tien minute in seepwater te week, uit te spoel en weer in seepwater te was.
- Om 'n stram ritssluiter makliker te laat werk te maak, vryf met kerswas, seep of potlood bo-oor die tandjies van die rits.
- Om inkvlekke uit te kry, vryf botter op die vlek en was die kledingstuk of vryf dit skoon met 'n lap wat in baie warm water geweek is. Jy kan ook eau-de-cologne of tandepasta gebruik.
- Om kreukels sonder 'n strykster uit jou klere te kry, hang klere op hangers in 'n toe badkamer wat vol stoom is.
- Om die mufreuk uit klere te kry, neem 'n halwe botteltjie vanilla-essens, gooi dit in 'n skottel met water en week die kledingstuk 'n ruk daarin. Hang dit dan in die buitelug om droog te word.
- Of week die klere oornag in asyn of Jeyes Fluid.
- Om te verhoed dat klere daai muwwerige reuk kry wanneer jy jou winters- of somerklere vir die huidige seisoen wegstoort, plaas suurlemoenskil in die laaie of tasse waarin dit gebêre word.
- Om statiese elektrisiteit uit jou klere te kry, steek 'n klein haakspeldjie aan die binnekant van die soom van die rok, romp en selfs langbroek.
- Om te voorkom dat ligte wolletjies op donker klere kom, draai die binnekant buitetoe wanneer jy dit was.
- Om te voorkom dat wolklere rek in 'n wasmasjien, gooi dit in 'n kussingsloop en was dan.
- Om vismotte in jou klerekaste te beperk kan jy moeseliensakkies vol gegeurde kruie of klein sepies daarin sit. Dit laat jou klere boonop lekker ruik.
- Om wit handsakke of skoene skoon te maak, vryf dit met 'n lap gedoop in Dettol.
- Teerkolle op klere kan verwyder word deur bloekomolie op die kolle te smeer en dit daarna met warm water te was.

Handskoene

- Rubberhandskoene wat sleg ruik van sweet of nattigheid, kan maklik genoeg weer "herstel" word. Dop die handskoen om, was deeglik met 'n blok groen Sunlight-seep. Maak goed droog en gooi bietjie poeier in voordat jy dit weer aantrek.
- Dop rubberhandskoene altyd binnekant buite om ná gebruik, was en laat goed droog word voor die volgende keer se gebruik.

Linne

- Nadat jy die lakens en kussingslope gestryk en opgevou het, sit beide die lakens en die bypassende kussingslope binne-in een van die kussingslope. Alles is dan netjies bymekaar en jou linnekas bly georden.
- Om paslakens op te vou, vou die laken in die helfte, sit hoeke in mekaar, vou weer dubbeld en sit dan al vier die hoeke netjies binne-in mekaar. Nou kan jy die rante binnetoe vou en die laken verder vou.



Warmwatersak

- Vul 'n warmwatersak deur dit plat op 'n oppervlak te laat lê, die nek skuins op te lig en dan die water in te gooi. Druk die warmwatersak liggies teen jou bors vas en druk oortollige lug uit. Gooi een teelepel sout by om die water langer warm te hou. Draai die prop stewig toe. Moenie 'n warmwatersak vol maak dat hy bult staan nie.

Insekte & peste

- Om insekte te beperk in die huis, hang 'n vars bondeltjie brandnetel in die oop venster.
- Spuit insekte met een pak tabak goed getrek op drie liter warm water. Syg deur doek. Voeg by een eetlepel skottelgoedseep en 'n halwe bottel brandspiritus.
- Veilige spuitmiddel vir die tuin: Hierdie spuitmiddel sal insekte verjaag sonder om hulle dood te maak. Neem 20 liter warm water, voeg een eetlepel koeksoda en twee eetlepels Jeyes Fluid by. Vlok een vyfde van 'n steen blouseep in mengsel in, roer goed tot al die bestanddele opgelos is.
- Vernietig insekte op diere deur te was met water waarin aartappels gekook is. Herhaal 'n paar keer.
- Vir enige ongewenste goggas in die koskaste, beddens of waar ook al, spuit met Fendona, te kry by die gifafdeling in supermarkte. Hierdie spuitstof is besonder mens- en diervriendelik. Die kaste kan gespuut word en die kastrolle kan dadelik teruggepak word.



Bosluisse & vlooië

- Knoffel in die hond se kos help om van vlooië ontslae te raak. Hou in gedagte dat knoffel spaarsamig gebruik moet word vir honde. Vir klein hondetipes (soos 'n Jack Russel) is 'n derde teelepel vars gekapte knoffel (nié gekoopte gekapte knoffel nie) elke tweede week veilig, terwyl groot honde (soos boelteriërs en labradors) een teelepel knoffel elke tweede week kan eet sonder lewensgevaar.
- Maak Chlorphyriphos sterk in 'n spuitkan aan en spuit orals. Dit help om van vlooië-eiers wat die honde inbring, ontslae te raak.
- Meng een koppie ammoniak en vier koppies water en spuit dit oral in die huis. Dit hou vlooië weg en vlek of beskadig nie houtvloere nie aangesien die ammoniak baie verdun is.

- Moet nie bosluisse aftrek nie! Smeer Vaseline dik aan die buitekant van die bosluis. Hy versmoor en trek self sy koppie uit. Of smeer terpentyn aan totdat hy vanself afval. Of steek 'n vuurhoutjie aan, blaas dood en druk die branddeel teen die bosluis se lyf. Hy sal dan sy kop uittrek. Was ná die tyd met warm water en seep af.
- 'n Paar takke kakiebos tussen die hond se komberse sal van vlooië ontslae raak.
- Om vlooië uit matte te hou, strooi Karbadust op die matte en los dit vir 'n ruk voordat die matte gestofsuig word. Dit is veilig om ook die troeteldiere daarmee te poeier.
- Om vlooië weg te hou, was honde met Sunlight-seep in water waarin twee propies Dettol opgelos is. Spoel dan met Dettol-water. Onthou om hulle agterna goed af te spoel met skoon water om velirritasies te voorkom.
- Was jou troeteldiere twee tot drie keer met water waarin aartappels gekook is. Dit hou die bosluisse en vlooië weg van hulle.

Kakkerlakke

- Kakkerlakke eet stof, so stofsuiig gereeld agter kaste, onder beddens, binne-in kaste en al daardie ander donker hoekies.
- Spuit Chlorpirifos (gif) binne en buite die huis en jy sien die gedoentes nie weer nie. Chlorpirifos is by hardware- en afdelingswinkels beskikbaar. Dit word verdun en aan lyste gesmeer met 'n kwas of aangespuut. Doen dit maar so elke drie maande.
- Gooi gereeld onverdunde Jik in al die wateruitlate, dreine, ensovoorts en sit die prop in en laat oornag staan. Die ander goed soos die kakkerlakhuisies en al die ander geldmaakfoefies werk nie.
- Gebruik Baygon Green om kakkerlakke aanvanklik dood te maak. Verwyder die kokkerotte wat jy kan.
- Kakiebos hou kakkerlakke weg. Plant een veral by jou dreine.
- Kry by die saadhandelaar Carba-sproei. Dit word met water aangemaak en is nogal duur, maar dit werk wonderlik.
- Meng boraks en versiersuiker en sit dit in doppies of propies op strategiese plekke – veral onder die wasbak of kas onder die wasbak. Kokkerotte hou van die klammigheid in dié areas. As hulle op die boraks loop, klou dit aan hulle pote vas en lek hulle agter die soetigheid aan, en blykbaar maak die boraks hulle dood.
- Meng mieliemeel en gips en sit water langsaan.
- Meng versiersuiker en gips so 50:50. Plaas in houers op die vloer en as alles volgens plan verloop, dan is jy ontslae van die gediertes.
- Sit bakkies met koeksoda orals in die huis (veral agter yskas, stoof, onder wasbak, ensovoorts). Die kokkerotte eet dit en dra dit na hul nes toe. Die vog in hul lywe laat die koeksoda bruis en laat die kokkerot vrek. Dit voorkom ook dat 'n volwasse kokkerot eiers lê voordat hulle doodgaan.

- Sit naeltjies in al jou kombuiskaste of waar hulle ook al voorkom.
- Sit piesangskille in jou kaste. Vervang wanneer droog. Kokkerotte hou blykbaar glad nie van die reuk nie.
- Spuit Dyroach oral teen vloerlyste, agter en onder meubels en in gleufies. Pak jou kombuiskaste uit en spuit teen die onderkante van die rakke. Los so vir 'n uur of twee. Vee die bokante van die rakke met 'n klam lap af en pak die goed weer terug. Moenie die onderkante van die rakke afvee nie. Doen dit vir 'n begin ten minste een maal 'n maand.
- Strooi Engelse sout, salietakkies of laventelolie op rakke om kakkerlakke weg te hou.
- Party Chinese winkeltjies verkoop sulke klein groen pakkies Green Leaf Powder Cockroach Killing Bait (5 gram). Gooi die poeier in hopies in kombuiskaste se hoekies, onder die yskas en stoof, buite op vensterbanke of waar ook al dit nie deur klein kindertjies of honde in die hande gekry kan word nie. Geen ander raat of gif kom naby die doeltreffendheid hiervan nie!



Krieke

- Meng wasgoedseep en water (een eetlepel in twee liter water). Gooi dit in die gaatjies in die gras. Wag vir so 'n minuut of wat en hulle sal uitklim omdat die seep hulle brand.

Miere

- Gooi 'n bietjie paraffien in 'n miernes.
- Kap 'n ui fyn en sit dit op die spoor van swartmiere.
- Kook korente in kasterolie en plaas in die pad van die miere.
- Maak "Die Ant" met water aan en spuit dit al teen die lysies in jou huis.
- Maak Chlorphyriphos sterk in 'n spuitkan aan. Dit help selfs om die swartmiere uit die huis te hou.
- Meng ewe veel koeksoda en Engelse sout en strooi oral rond – veral agter die yskas, stoof, onder die wasbak, ensovoorts.

- Sit bietjie van die mengsel van 100 ml water, 200 ml suiker, 50 ml boraks (kry by apteek) uit waar miertjies voorkom sodat hulle dit kan nes toe dra. As 'n mens sien hulle staan sulke kringe om die stroop, is dit 'n goeie teken dat hulle dit geniet. Sorg dat die stroop altyd beskikbaar is. 'n Mens sien nie onmiddellik resultate nie, maar ná drie tot vier weke begin jy agterkom daar is nie meer miere nie. Hulle dra die stroop nes toe, voer die ander miere en koningin daarmee en die hele nes vrek uit.
- Sit 'n stukkie suurlemoen neer waar miere in die huis pla of loop.
- Strooi bakpoeier of Vim of babapoeier of selfs mieliemeel waar die miere loop, maar moenie dit afvee as jy skoonmaak nie.
- Strooi borakspoeier binne-in kaste en laaie.
- Strooi Kamakazi-krummels (moet nie met die hand strooi nie anders is dit nie effektief nie) ten minste een keer 'n week vir ses weke aanmekaar.
- Vir die klein miertjies in die huis smeer kryt wat jy by die vlooiemark of Chinese winkels kry aan.
- Vir die suikermiertjies wat so die kombuis kan oorneem, strooi rooipeper op strategiese plekke.





Wat is jou storie?

VKB word 100 jaar

VKB word 100 jaar in 2019 en ons wil graag die geskiedenis van hierdie maatskappy boekstaaf en/of 'n CD saamstel. Word dus deel van hierdie geskiedkundige gebeurtenis!

Enige iemand met inligting, ou publikasies of foto's oor die geskiedenis van VKB se ontstaan tot nou, kan dit stuur aan: Anelie Swemmer by aswem@vkb.co.za of stuur dit met die poskar van jou naaste tak af, of lewer dit af by VKB-hoofkantoor in Reitz.

Skakel Anelie by 058 863 8277 of 082 481 7666

VKB & NTK

Belangrike datums

VKB-plaasnaamborde

Alle VKB-lede wat belangstel om 'n VKB-plaasnaambord te bekom, kan hul naaste takbestuurder kontak en die vorm voltooi. Of skakel Anelie Swemmer by 058 863 8277/082 481 7666 of aswem@vkb.co.za



14-15 Junie

RPO-Kongres, Bloemfontein

29 Jun-1 Julie

Onder 13 Rugbyweek op Frankfort

2-5 Julie

Onder 16 Rugbyweek op Frankfort

2-7 Julie

Onder 19 Rugbyweek op Reitz

10-11 Augustus

VS Landbou-Jaarkongres

18 Augustus

NTK Top 100-funksie

11-14 September

VKB- en NTK-Inligtingsvergaderings

15 September

VKB Top 100-funksie

27 September

Algemene jaarvergadering van aandeelhouders, VKB Groep op Reitz

Mientjie is vandag baie opgewonde. Haar een tandjie is baie los en Mamma het vir haar vertel dat as haar tandjie uit is, sy dit in haar skoene kan sit en dan sal die tandemuis dalk vir haar 'n geldjie bring.

Sy kan nie meer wag dat die tandjie moet uitval nie. Miskien moet sy hom maar so 'n bietjie help. Sy gaan na Mamma se naaldwerkkamer toe en knip 'n stukkie garing van die tolletjie af. Sy probeer om die garing om haar tandjie te knoop, maar dit gly elke keer los.

Sy vat die garinkie na Mamma toe.

"Mamma, sal Mamma asseblief die garing om my tandjie bind sodat ons hom kan uittrek?" "Seker, my kind," sê Mamma.

Mientjie gaan sit op die bed en Mamma bind versigtig die garing om. Mientjie se hartjie klop kadoef-kadoef toe Mamma sê dat sy nou die tandjie kan uitpluk. Mamma gee een vinnige pluk en daar trek die tandjie deur die lug!

Mamma gee vir Mientjie 'n stukkie watte om vas te byt sodat die klein plekkie waar die tandjie was, gou-gou beter voel.

Mientjie vat die tandjie en gaan sit dit versigtig op die kassie langs haar bed. Sy mag hom nie nou laat wegraak nie, want dan sal die muis nie vir haar 'n geldjie kan bring nie! Sy kan nie meer wag dat dit moet aand word nie. Mamma sê die tandemuis kom haal net snags tandjies.

Toe Mamma later sê dat dit badtyd is, hardloop sy sommer dadelik, nie soos ander aande wanneer sy sê sy wil eers nog bietjie speel nie.

Nadat Mamma vir haar 'n Bybelstorie gelees het en hulle saam gebid het, neem sy die tandjie en sit hom versigtig neer binne-in haar mooiste kerkskoentjie. Sy sit die skoentjie mooi by die deur neer sodat die muis hom darem maklik sal kan kry.

Sy hou die deur fyn dop – sy wil nie slaap as die muis kom nie, sy wil hom graag sien. Later vryf sy haar ogies, want sy word darem nou baie vaak... Skielik hoor sy 'n geluidjie. Ja waarlik, daar sit 'n piepklein muisie by haar skoene! Hy lyk egter glad nie soos 'n gewone muis nie. Sy haartjies is so silwerblink en hy het kleertjies aan wat blou en oranje is!

Mientjie en die tandemuis

Sy wil nie die muisie skrikmaak nie, dus klim sy baie saggies uit haar bedjie en sluip versigtig, voetjie vir voetjie, nader. Sy haal die stukkie kaas wat sy spesiaal gebêre het, uit en hou dit na die muisie toe uit.

"Hello, my naam is Mientjie. Hier is vir jou 'n lekker stukkie kaas," fluister sy. "Oe, baie dankie," piep die muisie terug. "Dit is regtig gaaf van jou. Ek sien jy het 'n mooi gesonde tandjie hier vir my gelos. Ek sal hom definitief kan gebruik om vir my 'n pragtige nuwe huisie te bou."

"Ja, Mamma sê ek moet gereeld my tandjies borsel en nie te veel lekkergoed eet nie, anders word my tandjies sleg en dan sal jy dit nie vir jou huisie kan gebruik nie. En dan sal ek nie 'n geldjie kan kry nie."

"Oe, ek is so bly jy pas jou tandjies so mooi op," piep die muisie opgewonde. "Baie kindertjies sit vir my tandjies uit wat al swart is of sommer vol gaatjies is. As ek daarmee 'n huisie moet bou, lyk die huisie sommer lelik en dit sal ook nie baie sterk wees nie."

deur Wilma Coetzee



"Ek het vir jou nog 'n verrassing," sê Mientjie. "Ek het 'n paar stukkie afvallap by my mamma gekry. Miskien kan jy dit gebruik om vir jou 'n lekker knus huisie te maak. Jy kan miskien vir jou 'n gordyntjie of 'n kombersie daarvan maak."
"Sjoe, maar jy is 'n oulike meisie! Dit is juis nou so koud en ek het gewonder hoe gaan ek my nuwe huisie warm kan hou. Baie dankie! Maar wag, ek kan nie heelnag met jou kuier nie, ek het nog baie ander dinge om te doen."
"Sal jy weer vir my kom kuier as een van my ander tandjies uit is?" vra Mientjie.
"Ja, natuurlik! Laat ek gou die geldjie uithaal en jou tandjie in my sakkie bêre, dan moet ek weg wees!"
"Mientjie, Mientjie! Opstaandyd!" roep Mamma. "Wat?" gaap Mientjie en vryf haar ogies om hulle oop te kan maak. Sy loer na die hoek van haar kamer en daar sien sy ietsie wat blink in haar skoentjie. Dit is 'n blink geldjie!
"Mamma, Mamma sal nie raai wat nie! Die tandemuis was hier en ek het hom gesien en met hom gesels en vir hom 'n kassie gegee en ek het vir hom 'n stukkie lap gegee sodat hy sy huisie kan mooi maak en hy sê my tandjie is so mooi gesond omdat ek gereeld my tande borsel. Kyk, hy het vir my 'n blink geldjie gegee met 'n 5 daarop." "Aitsa, dit sê jy het 'n vyf rand-muntstuk gekry. Jy kan later vandag saam met my winkels toe gaan en vir jou 'n lekkertjie daarmee gaan koop."

Maar Mientjie het klaar besluit. Sy gaan nie haar geldjie op lekkers mors nie, want dan gaan haar ander tandjies dalk nie so mooi wees nie en dan wil die muisie nie meer haar tandjies vir sy huisie gebruik nie.

"Dankie, Mamma. Ek sal eerder vir my 'n mooi knippie vir my hare wil koop."

En sy het vir haarself 'n pragtige knippie wat silwer en oranje en blou is gekoop, en elke keer as sy dit in haar hare sit, dink sy aan haar silwer en oranje en blou vriendjie.



VKB/VL Veiligheidslessenaar bemagtig landbouers vir hul eie veiligheid

Dit is met groot dankbaarheid wat die VKB/VL Veiligheidslessenaar 'n bedrag van R420 000 van VKB ontvang het ter ondersteuning van landelike veiligheid in die Vrystaat. Dié fondse is deur middel van die VKB Dryf vir Veiligheid Gholfdag 2017 ingesamel. Die maatskappy bied al vir die afgelope vier jaar die golfdag aan ter ondersteuning van veiligheid.

Die fondse stel Vrystaat Landbou (VL) en die lessenaar in staat om landbouers te bemagtigen op sigte van hul eie veiligheid, asook om samewerking tussen landbouers en die Polisie te versterk om misdaad in landelike gebiede aan te spreek.

"Sonder hierdie befondsing sou die VKB/VL Veiligheidslessenaar nie in staat wees om sy rol ten volle te vervul nie. Ons is baie dankbaar vir VKB en al die deelnemende spanne se ondersteuning," sê Henk Vermeulen, uitvoerende hoofbestuurder van VL.

Die VKB-groep is 'n trotse landboubesigheid en word besit deur landbouprodusente. Jan van der Walt, bemakingsbestuurder van die VKB-groep, sê: "Ons erken die onmiskenbare rol wat die produsente in die welvaart van die maatskappy speel, deur in samewerking met Vrystaat Landbou (VL) strukture te help vestig en onderhou wat tot die welstand van produsente kan bydra. Ons voel dit is juis belangrik om met die borgskap erkenning te gee aan die rol wat landbouers, as primêre voedselprodusente, in die daaglikse lewe van elke mens vervul, en hierdeur leef ons ook ons leuse, 'vir die liefde van die land', uit."

Die rol van die lessenaar

Sowat twee en 'n half jaar ná die vestiging van die VKB/VL Veiligheidslessenaar, word die lessenaar se rol in veiligheid deur verskeie rolspelers in die bedryf as onmisbaar beskryf. Dit word beskryf as 'n bron wat waardevolle inligting verskaf wat die plaaslike asook nasionale gemeenskap op hoogte hou van gebeure in die provinsie en die stand van misdaad in die landelike gebiede, wat op hul beurt 'n reusebydrae tot Suid-Afrika se voedselsekerheid lewer.

Veiligheidsberade en opleidingsessies oor grondbesettings, veediefstal, dienslewering deur die SAPD en ander veiligheidskwessies word die afgelope twee jaar saam met die Polisie aangebied as deel van pogings om landbouers met kennis toe te rus ten opsigte van misdaad. Die sessies fokus ook op die bou van verhoudings binne plaaslike veiligheidsnetwerke sodat landbouers weet wat hulle te doen staan tydens 'n krisis, asook oor wie hulle behoort te kontak. Veiligheidswenke vir die plaas, plaashuise asook voertuie word ook op 'n gereelde basis gedeel.

Die lessenaar vergader ook gereeld met plaaslike en provinsiale veiligheidstrukture. Vergaderings met die topbestuur van die SAPD vind ook op 'n tweemaandelikse basis plaas.



Sien al die fotos op ons facebook blad





Pannar se span het die gholfdag gewen. Die span is van links Tinus van Rensburg, Carl Otto, Cobus Zandberg en Jan Saaiman. By hulle is Jan van der Walt (VKb se uitvoerende hoof: bemerking) en Dan Kriek (Vrystaat Landbou).

Statistiek

Die lessenaar hou volledige statistiek by oor alle voorvalle wat die provinsie se boerderygemeenskappe raak, van veediefstal tot plaasaanvalle. Vir elke plaasmoord, -aanval en ernstige geweldsmisdad wat op die lessenaar se databasis verskyn, bestaan 'n saaknommer wat met die Polisie se databasis gekorreleer word. Die lessenaar was ook die eerste instelling in die land wat begin het om statistiek by te hou van hoe plaasaanvalle plaaswerkers raak.

Volgens die lessenaar se statistiek het plaasaanvalle toegeneem in die eerste kwartaal van 2017. Altesaam 17 aanvalle het tussen Januarie en Maart 2017 op plase plaasgevind. Tydens dieselfde tydperk verlede jaar is 12 aanvalle aangeteken. Die grootste styging is in Maart gesien, met tien aanvalle wat plaasgevind het. In agt van die 17 voorvalle is produsente geteiken, en in nege gevalle werkers of bewoners op plase.

Vermeulen sê: "Ons hoop dat die lessenaar se pogings en diens 'n daadwerlike verskil sal maak in die misdadaatsituasie in die Vrystaat se boerderygemeenskappe."

Dankie aan ons borge!



vir die LIEFDE van die LAND



vk^b

2017

Dryf vir plaasveiligheid gholfdag

www.vkb.co.za | www.vrystaatlandbou.co.za



Vrystaat Landbou
Free State Agriculture

ten bate van
Vrystaat Landbou Veiligheidsfonds



Newcastle-fees

Die jaarlikse Newcastle Winterfees, waarvan VKB een van die borge was, het Woensdag 26 April vir VKB begin en talle skolegroepe uit die omgewing het deur die loop van die dag by die fees aangedoen.

Meeste van die navrae van die leerlinge was oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika en ook oor entrepreneurskap in die landboubedryf.

Teen die aand het VKB groot belangstelling by boere uit die omgewing ontlok en baie navrae oor die besigheid ontvang.

Teen Vrydag was daar meer voete as die vorige twee dae, en teen Saterdag toe almal begin terugkeer het huis toe, het VKB naastenby 200 navrae hanteer en het dit geblyk dat daar heelwat mense is wat wou weet of daar 'n kans is dat VKB na 'n tak in Newcastle sou uitbrei. Baie van die vrae het ook oor veemedisyne en veevoer gehandel, terwyl daar ook navrae oor Grainfield Chickens was.

Hoërskool JA Malherbe hou damestee

VKB was die hoofborg by 'n damestee wat op Saterdag, 6 Mei deur die Hoërskool JA Malherbe op Petrus Steyn ten bate van Kansa aangebied is. Jana du Plessis is as Kansa se Internasionale Held(in) van Hoop in 2011 aangewys en het onlangs haar boek, *Aardetyd is Genadetyd*, die lig laat sien waarin sy vertel hoe sy harde paaië met kanker, die amputasie van haar been en die aborsie van haar ongebore baba moes verwerk – en dit alles voor die ouderdom van 30.

Vrede o.15 en o.16 VKB Rugbytoernooi

Gedurende die April-vakansie het Hoërskool Vrede vir die tiende jaar die VKB Rugbytoernooi vir o.15- en o.16-spanne aangebied.

Hierdie toernooi is in 2007 vir die eerste keer aangebied en ses skole het daaraan deelgeneem. Vanjaar was daar tien skole betrokke.

Die toernooi is so gewild dat daar reeds 'n waglys is vir skole wat in 2018 die toernooi wil bywoon.

Skole wat die toernooi reeds bygewoon het is Hoërskool Reitz, Hoërskool Parys, Hoërskool Zastron, Hoërskool Piet Retief, Hoërskool Newcastle, Hoërskool President Steyn, Hoërskool Bothaville en Hoërskool Henneman.

Daar word oor drie dae vyftien wedstryde gespeel, wat hanteer word deur skeidsregters van die Griffon-skeidregtersvereniging.

Saans word onderlinge kompetisies tussen die spanne gehou en dan is daar ook nog 'n gewilde "tag rugby"-toernooi waaraan spanne kan deelneem.

Die VKB Rugbytoernooi is 'n belangrike datum op die kalender van Hoërskool Vrede en hulle sien daarna uit om dit in 2018 weer aan te bied.

Die skool het ook sy dank teenoor VKB uitgespreek vir wat VKB in plattelandse skole terugploeg.

Tweede Jonsson Zone geopen

Die tweede Jonsson Zone het op 5 Mei in die VKB Bethlehem-handelstak geopen.



Stephanie Olivier en Phillip Mofokeng



Van links, voor: Stephanie Olivier en Marie-Louise du Preez. Agter: Jeremy Bentham, Toppie Jonker en David Classen.



Mnr. Seuntjie Radibokwe (middel), administratiewe beampte van die Nasionale Wolkwekersvereniging (NWKV) in Bloemfontein, wat saam met mnr. Izak Klopper (afwesig), bestuurder van skeeropleiding by die NWKV, albei 'n dienstermyn van 20 jaar voltooi het. Radibokwe het sy loopbaan in 1988 by die destydse Wolraad begin voordat hy hom agt jaar later by die NWKV aangesluit het. Links is mnr. Cobus de Jager, wat onbestrede saam met Herman Archer (afwesig) onderskeidelik as voorsitter en ondervoorsitter van die Vrystaatse tak herkies is. Mnr. Guillau du Toit (regs), nasionale voorsitter van die NWKV, het die toekening oorhandig. VKB was die hoofborg tydens die NWKV-kongres in Bloemfontein op 16 Maart 2017.



VKB se uitstalling by die Newcastle Winterfees

VKB was betrokke by Noordwes-Universiteit se Forensiese Rekeningkunde-loopbaan-opedag. Die doel van die dag was om studente bekend te stel aan die werksgeleenthede wat in die spesifieke veld by VKB beskikbaar is.



Tydens die VS Landbou Jongboerkongres: Eduan Eksteen & metgesel, Francois Froneman, Dan Kriek, Anelie Swemmer, Pieter en Bianca Lourens, Bianca Faber en Armand Muller. VKB was een van die borge. Die tema was "Die Jongboer in die Globale Mark".



Hoërskool Bothaville was die onoorwonne span tydens die VKB Rugbytoernooi op Vrede.



Nasionale pantoffel dag 2017 – VKB samel R1 550 in vir Zuschka



Tydens die damestee by die Hoërskool JA Malherbe: Ria Opperman (JA Malherbe), Jana du Plessis (spreker), Anelie Swemmer (VKB, hoofborg) en Deoné Claassen (JA Malherbe).



Erna Meyer en Michelle Bannister by Zuschka Janse van Rensburg aan wie die ingesamelde geld oorhandig is. Zuschka (gr. 5 in Hoërskool Retiz) word tans behandel vir Burkitt Lymphoma.



Hoofkantoor het gees in hul deffige pakke. Van links: Tewie Bester, Hugh Green-Thompson, De Wet Hugo, Mark Spangenberg, Attie du Plessis, Coenie de Bruin, Lanie Claassen, Marlene Davis, Michelle Bannister, Erna Meyer en Louise Jansen van Vuuren



Frans Maketa van Naboomspruit word deur Francois Froneman en Chris van der Merwe (takbestuurder) geluk gewens met 45 jaar diens. Frans het by Naboomspruit-handelstak begin werk en dit is waar hy steeds diens doen.



Michael van der Merwe, takbestuurder van Nylstroom, oorhandig sportsakke en baadjies aan Francois Smit (kaptein) en Heinrich Steffen (onderkaptein) van die eerste rugbyspan van Laerskool Nylstroom.

Lennis Aspeling – 'n voorbeeld van geloof en vertroue



Die motorfietsongeluk waarin Lennie Aspeling, silobestuurder van Naboomspruit, betrokke was, het hom verlam gelaat. Maar hierdie toestand is net tydelik – daarvan is Lennie en sy vrou, Marizaan, oortuig. Hulle sterk geloof en vaste vertroue hou hulle positief en toekomsgerig. Lennie was op 18 November verlede jaar, soos gewoonlik, op pad werk toe. Hy het die spesifieke dag met Marizaan se motorfiets gery. Hy was ongeveer een kilometer van die

werk af toe 'n taxibestuurder reg voor hom ingery het. Lennie het geen geheue van die ongeluk nie en het eers in die hospitaal bewus geraak van sy situasie. Lennie kan nie uitgepraat raak ook die hulp en ondersteuning wat hy van die VKB-groep gekry het nie. Sy

bestuurder, Gert de Bruin, het geen steen onaangeroer gelaat om Lennie te help en te ondersteun nie. Daar is dadelik begin met die bou van 'n oprit na Naboom-silo se kantore sodat Lennie maklik met sy rolstoel kan beweeg. Dit is ongelooflik dat 'n werkgewer soveel moeite doen en soveel empatie het met 'n werknemer. Lennie is vol lof vir VKB/NTK.

Lennie spreek sy dank uit teenoor elkeen wat bygedra het en hulle ondersteun het en steeds ondersteun. Al is dokters vaag oor Lennie se toekoms, is hy vol geloof en vertroue dat hy weer sal loop. Maar omdat hy vas glo sy lewe berus in 'n Hoër Hand, leef hy daagliks tot Sy eer.

Vivo se beesboere

Almal weet Vivo het van die land se suksesvolste aartappelboere. Maar Vivo het ook sterk beesboere en Mariëtte, takbestuurder van Vivo, kyk baie mooi na hierdie boere.

Twee groot veilings is onlangs in die gebied gebou en Mariëtte het as borg opgetree.

By die Blouberg Aantelweiling was die room van die beesboere van die noorde betrokke. Afrivet, Shell, Epol en MSD het hul kant gebring en die boere het hul dank en waardering uitgespreek. Shell en Afrivet het geskenke geborg. NTK Meganisasie van Louis Trichardt was ook teenwoordig. Gert Fourie het die dag bygewoon en doen baie goeie besigheid met die boere van Vivo.

Puik diere het uitstekende pryse behaal, maar die wenner is NTK Vivo!



Mariëtte Muller van Vivo saam met die bestuurspan van Blouberg Aantelweiling.



Die boere met geskenksakke van NTK en sy verskaffers in aksie: Shell en Afrivet.



Hesmarie van Afrivet, Dorette Otto (vloerbestuurder), Pieter van Shell, Mariëtte Muller (takbestuurder) en Noel van MSD.

Boere wen in Virbac-kompetisie

Virbac, verskaffer van dieregesondheidsprodukte aan NTK, het onlangs 'n nasionale kompetisie geloods en twee NTK-klante is as wenners aangewys. Callie Pretorius van Settlers en Frank Bestbier van Vaalwater was die gelukkig wenners. Verkoopsbestuurder Naas Steenekamp van Virbac het die pryse kom oorhandig. Lekker om besigheid te doen met 'n verskaffer soos Virbac, want die klante is altyd aan die wenkant met hulle produkte.



Daniel Thokoane and Phokoane Farmers plant dry land maize in Nebo. Nebo is one of the areas with high rainfall and crops are looking good. Farmers are looking forward to a good harvest if they get more rain. Luckily they survived the army worm outbreak. Cultivar choice and planting date are very important factors in farming.



The NTK irrigation team assisted with land survey at Moletjie. Agric Dev create opportunities and teamwork between departments in NTK



The Jobs Funds Farmers of Moletjie will start planting potatoes soon. The pivot has been completed and Agric Dev will assist them all the way.



Naas Steenekamp, Callie Pretorius en Janet van Settlers.



Naas, Frank Bestbier en Hanna van Vaalwater.

Agric development stories



Braum, Prozy, Patience and Vincent were involved with Enous Mahwaii project at Louis Trichardt. He planted potatoes. Teamwork and responsibility and hard work are the remedies used to develop our farmers to a great success in farming. We develop farmers and we are passionate about growing them towards success.



Rosa Ramaipadi and Sewela Thusago project in Dalmata, Polokwane is the big peppadew project that the team of Agric Dev is involved in. This red product is now at harvesting stage and farmers are working hard within their knowledge and agricultural skills to obtain high growth and yield. Agric Dev is the main driver behind the success of the project.

Agric Dev recently got involved in the Sekhunkwane Farming project in Bochum. They are planting sugar beans under the guidance of NTK. They are very excited about the co-operation between themselves and NTK.



Harold Madikoto farms with maize in the Westernberg area. He is trying drip irrigation in this area near Polokwane. Vincent and Patience paid a visit. Agric Dev cares about the farmers of Limpopo.



NMP graduation ceremony

After almost a year of hard work, little sleep, lots of stress but also lots of fun the New Management Programme recently came to an end with the graduation ceremony held in Modimolle. There were lots of smiles all around as people got recognition for their efforts.

After Lizette Jacobs, master of ceremonies, gave a breakdown of events to follow, Deon Barnard of UV Business School, welcomed everyone present on this special day in the life of a student's academic career. He said the personal growth experienced is the most important achievement.

Francois Froneman showed an inspirational video clip from the movie *Invictus*. He spoke about leadership and emphasized that a leader should always lead by example, must own his or her life and grow others. He went on to urge the graduates to inspire others for we all need to inspire greatness in others but also to exceed your own expectations.

In his closing speech Swanton Scholtz urged the graduates to keep on growing and to keep on learning. Congratulations to the following employees who completed NMP: Daniel Delport, Leunis van Rooyen, Edwin Rasete, Anthony Goslett, Gerrit Strydom, Christelle van Rooyen, Hanna Smit, Liezl van Rooyen, Quintin Swanepoel, Vincent Maremane, Stephaans Ndou, A. Sadiki, Thomas Ngoben, Gerhard Groenewald, Janet de Beer, Lindo Methebula,

Joel Chokoe, Claude Fourie, Jaco Havenga, Kobus le Roux, Jessica Thosago, Quiney Chauke and Maxwell Netshilema. The group that was awarded with merit certificates is Lindo, Hanna, Quinton, Gerrit and Claude.

The top students were:

1st place: Gerrit Strydom

2nd place: Claude Fourie

3rd place: Jaco Havenga

Congratulations to them but also to all the graduates on a very special achievement.



Congratulations to successful graduates of NMP!



Swanton Scholtz, Ansie Barnard en Deon Barnard van die Universiteit van die Vrystaat en Lizette Jacobs.



Baie geluk aan die drie topstudente van die New Management Programme. Gerrit Strydom van Warmbad was eerste, Claude Fourie van Roedtan-silo tweede en Jaco Havenga van Lehau-silo derde. Francois Froneman wens Gerhard en Claude geluk.

Top group of the NMP



NTK Hoërskool Merensky-rugbyweek

Vir die tweede agtereenvolgende jaar het NTK as hoofborg opgetree tydens die Hoërskool Merensky-rugbyweek.

Vanjaar was die toernooi 'n dawerende sukses met 16 spanne wat deelgeneem het.

In die voorwoord van die program het Francois Froneman (uitvoerende hoof: NTK) dit as 'n geleentheid beskryf waarby NTK met trots betrokke is en waarvoor daar groot toekomsverwagtinge is.

"Dit bly vir ons 'n groot voorreg om as toegewyde investeerder in ons jeug en opvoedkundige instansies in gemeenskappe wat deel is van ons bedieningsgebied, 'n bydrae tot die aanbieding van die week te kan maak."

Die rugbyweek het seepglad verloop en organiseerders het hul uitstekend van hul taak gekwyf. NTK is bygestaan in sy borgskap deur lojale verskaffers Agrinet, Cape Gate, Macsteel en Mpumalanga Wire. Frikkie van Vuuren, takbestuurder van Tzaneen, en sy span het meer as hul kant gebring om mnr. Magnus Steyn, skoolhoof van Merensky, en sy span by te staan en te ondersteun.

Behalwe vir spelers, afrigters en toekouers, het talentsoekers van die Blou Bulle ook die toernooi bygewoon en daar was genoeg talent ten toon gestel. 'n Onder 19 NTK-span is uit al die spelers gekies om 'n toer na Argentinië mee te maak. Verder is 'n NTK onder 16-span ook gekies wat na Namibië sal toer.

In 'n boodskap van die borg wat ook in die program geplaas is, het Wynand Benadie (bedryfshoof: NTK) Muhammad Ali aangehaal: "Kampioene word nie in 'n gimnasium gemaak nie. Kampioene word gemaak van iets daar diep binne-in hulle – 'n begeerte, 'n droom, 'n visie." NTK is bevoorreg om deel te kon hê in die begeerte, droom en visie van elke jong seun wat aan die NTK-rugbyweek te Hoërskool Merensky deelgeneem het. En volgende jaar maak ons weer so!





Die Pad Saam Vaart

3 NAGTE - 17 TOT 20 NOVEMBER 2017
VAN DURBAN NA PORTUGESE EILAND AANBOORD DIE MSC SINFONIA

Welkom aan boord van die MSC Sinfonia vir 'n vaart vol pret saam met Die Pad Saam-span. Op die reis is daar elke minuut van die dag of nag iets om jou mee te vermaak. Die MSC Sinfonia van 58 000 ton is die grootste en modernste vaartuig wat nog ooit in die Suid-Afrikaanse waters gevaar het, en bied aan gaste al die geriewe wat jy sou verwag van die wêreld se beste passasierskepe, soos 'n teater, kuierkamers waar vertonings aangebied word, 'n disko, verskeie kuierkroë, winkels, 'n kasino, swembaddens, jacuzzi's, putt-putt-baan, spa, gimnasium, speletjieskamers en 970 kajuite waarvan 135 hul eie privaat balkonne het.

VANAF R3 650 - BESPAAR TOT 40%

17 November – Vertrek vanaf Durban

Vandag word jy op die MSC Sinfonia in Durban-hawe verwelkom. Maak seker jy staan op die dek wanneer die boot na die Portugese Eiland vertrek.

18 November – Portugese Eiland

'n Dag propvol pret op die lieflike strand van die Portugese Eiland. Gaan stap rond, ontspan in die warm kristalhelder water met 'n koue drankie uit die kroeg terwyl die boot se sjefs jou middagete voorberei by die grootste strandbraai in die Suidelike Halfrond. Die meer avontuurlustiges kan aan die snorkelduik-, visvang- of duikerskursies deelneem of met 'n boot na Inhaca toe vaar om van die beste peri-peri-garnale en -hoender by die Lucas Restaurant in die dorpie te gaan proe. Of ontspan sommer-net by die strandkroeg.

Vanaand se tropiese partytjie aanboord van die boot moet beslis nie misgeloop word nie, en is dikwels die hoogtepunt van die hele vakansie.

19 November – Op die see

Teen hierdie tyd ken jy nou al die boot en die lewe aanboord en is dit nou die tyd om al die vermaak op die program te geniet. Met drie etes daaglik en ook middernaghappies en tee en fyngebak wat gereeld voorgesit word, hoef jy jou net oor jou middellyf te bekommer terwyl die boot terugseil na Durban.

20 November - Durban

Ons vroegoggendaankoms in Durban beteken die einde van jou pretgevlude vakansie.

Kajuitkategorie	Kategorie	Spesiale tarief per persoon wat deel
Binnekajuit	Kategorie 11	R3 650
Binnekajuit	Kategorie 12	R3 850
Seeuitsig-kajuit	Kategorie 01	R4 050
Ekonomiese seeuitsig-kajuit	Kategorie 02	R4 250
Seeuitsig-kajuit met balkon	Kategorie 12	R5 050
Balkonsuite	Kategorie S1	R5 350


Hawe-, bagasie-, versekering- en diensfooie – R1 000 per persoon.

Let wel:

Bepalings en voorwaardes geld. Foute en weglatings uitgesluit. Spesiale tariewe kan nie saam met enige ander afslagaanbod gebruik word nie. Fooie word bereken teen huidige inventaris maar afslagte word beheer deur kapasiteit en kan ter eniger tyd teruggetrek of verminder word sodat pryse kan styg soos wat die boot voller word. Onderhewig aan beskikbare plek op tyd wanneer bespreking versoek word. Beperkte beskikbaarheid op hierdie aanbod op 'n eerste-daar-eerste-klaar-basis.

Ingesluit by jou tarief:

Verblyf in die kategorie waarin bespreek
3 etes per dag plus daaglikse middernaghappies
Partytjie vir alleenlopers
Vloervertonings elke aand
Disko
Alle speletjies en daaglikse aktiwiteite
Toegang tot kasino
Aerobiese oefening en gimnasium



Bespreking moet direk per e-pos by SA Cruises gedoen word.
Meld in die e-pos "Die Pad Saam Readers' Special Offer".
Vir besprekings en navrae rig e-pos aan reservations@sacruises-sa.co.za
of bel 087 357 9133



More pull. More plough. More performance.

Now getting the most out your machinery is so much easier with our speciality lubricants and fuels. Scientifically designed to keep every running part moving smoothly, they reduce wear and tear and prevent cost inflicting breakdowns. Ensuring that everything runs as it should and you are able to reap your hard earned rewards.

laait dit glad loop

